182572154F

0891140

RGN·HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND IMFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

001.3072068 HSRC ERP

293627

293627

Die benutting van die radio en televisie in onderwys en opleiding

RGN-Onderwysnavorsingsprogram

Die benutting van die radio en televisie in onderwys en opleiding

Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-Onderwysnavorsingsprogram

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1984

Die RGN-Onderwysnavorsingsprogram is organisatories en administratief ingeskakel by die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Navorsings- en administratiewe hulp word dus op 'n deurlopende basis deur die direkteur, mnr. J.B. Haasbroek, en die personeel van die Instituut aan die program verleen.

Buitebladontwerp goedgunstiglik voorsien deur
Mej. H.J. Roets, Sentrum vir Onderrigmedia,
Randse Afrikaanse Universiteit

RGN BIBLIOTEEK
1991 12 20
HSRC LIBRARY

STANDKODE	AANWINSNOMMER
001 3072068 HSRC ERP	089140

Navorsingskoördineerder
S.W.H. Engelbrecht, B.Sc., D.Ed.,
Direkteur: RGN-Onderwysnavorsingsprogram

ISBN 0 7969 0104 X

Prys: R5,75
(AVB ingesluit)

©Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1984
Alle regte voorbehou

AAN: SY EDELE DR. G. v. N. VILJOEN, MINISTER VAN NASIONALE OPVOEDING

Geagte dr. Viljoen

Ontvang hiermee die verslag wat op u versoek deur die Werkkomitee: Leerbehoeftes en media-aanwending vir die Hoofkomitee van die RGN-onderwysnavorsingsprogram voorberei is. Die RGN en die Hoofkomitee van die RGN-onderwysnavorsingsprogram vereenselwig hulle met die bevindings en aanbevelings vervat in hierdie verslag.

'n Samevatting van die verslag wat die vernaamste bevindings en die aanbevelings bevat, is voor in die verslag ingebind.

J.G. GARBERS
PRESIDENT
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

J.P. DE LANGE
DIREKTEUR
RGN-ONDERWYSNAVORSINGSPROGRAM

LEDE VAN DIE WERKKOMITEE: LEERBEHOEFTES EN MEDIA-AANWENDING

Prof. P.J. van Zyl (Voorsitter)
Direkteur: Buro vir Voortgesette Onderwys (RAU)

Dr. N.F. Alberts
Nasionale Opleidingsraad

Mnr. G.M. Chuma
Departement van Onderwys (Gazankulu)

Prof. W.T. Claassen
Universiteit van Stellenbosch

Dr. H. Dreyer
Departement van Pos- en Telekommunikasiewese

Prof. C.M. du Toit
Universiteit van Port Elizabeth

Dr. S.W.H. Engelbrecht
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Dr. H.P. Fourie
Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning

(nie teenwoordig by die vergadering waar die verslag goedgekeur is nie)

Dr. H.J. Hamuse
Departement van Binnelandse Aangeleenthede

Mnr. W.E. Hendricks
Departement van Binnelandse Aangeleenthede (nie teenwoordig by die vergadering waar die verslag goedgekeur is nie)

Mnr. J.D.C. Huygen
Departement van Nasionale Opvoeding, S.W.A.

Mr D. Kobe
Department of Education (Lebowa)

Mr P.L.B. Mashige
Department of Education (Venda)

Mr S.B. Mdluli
Department of Education (KwaZulu)

Mnr. H.C. Mentz
Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning

Mnr. D.H. Mills
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

Mr B.S.C. Mkumatela
Department of Education (Transkei)

Mr W.M.B. Mohapi
KwaNdebele Government Service

Dr. J. Mulder
Departement van Nasionale Opvoeding

Mnr. A. Muller
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Mr G. Pather
Department of Internal Affairs

(nie teenwoordig by die vergadering waar die verslag goedgekeur is nie)

Mnr. J.J. Pietersen
Departement van Onderwys en Opleiding

Mnr. J.U. Rietmann
Departement van Landbou

(nie teenwoordig by die vergadering waar die verslag goedgekeur is nie)

Mr M. Smuts
Pretoria News
Newspaper Press Union

(nie teenwoordig by die vergadering waar die verslag goedgekeur is nie)

Mnr. C. Swanepoel
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie



Mev. M.A. van Biljon
Departement van Gesondheid en Welsyn

Mnr. T. van Heerden
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

Dr. D.P. van Vuuren
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing



INHOUDSOPGAWE BLADSY

OORSIG, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING 1
2. BEVINDINGS 1
3. AANBEVELINGS 5

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN ORIËNTERING

1.1 INLEIDING 13
1.2 ORIËNTERING 13
1.3 DOEL VAN ONDERSOEK 15
1.4 RADIO EN TELEVISIE AS ONDERWYSMEDIA 15

1.4.1 Omskrywing van OR en OTV 15
1.4.2 Moontlikhede en beperkinge van die uitsaaimedia 17

HOOFSTUK 2

LEERBEHOEFTES IN SUIDER-AFRIKA: ENKELE PRIORITEITE

2.1 INLEIDING 19
2.2 DIE BEGRIP LEERBEHOEFTES 19

2.2.1 'n Verantwoorde opvoedkundige benadering 19
2.2.2 Leerbehoeftes: omskrywing en differensiasie 20
2.2.3 Kontekssskepping vir leerbehoeftes 22
2.2.4 Wisseling van leerbehoeftes 22

2.3 GEÏDENTIFISEERDE LEERBEHOEFTES BINNE DIE SUIDER-AFRIKAANSE KONTEKS 24

2.3.1 Inleiding 24
2.3.2 Kort beskrywing van geïdentifiseerde leerbehoeftes 25

2.4 'N RASIONAAL VIR DIE GEBRUIK VAN OR EN OTV OM IN DIE GEÏDENTIFISEERDE LEERBEHOEFTES TE VOORSIEN 40

2.5 SAMEVATTING 43

HOOFSTUK 3

DIE BENUTTING VAN DIE RADIO EN TELEVISIE VIR ONDERWYSDOELEINDES IN ENKELE LANDE

3.1 INLEIDING 50
3.2 OPVOEDKUNDIGE UITSENDINGS IN ENKELE LANDE VAN DIE WÊRELD 51

3.2.1 Brittanje 51
3.2.2 Duitsland 60
3.2.3 Nederland 64
3.2.4 Japan 67
3.2.5 Israel 70
3.2.6 Indië 72

3.2.7 Asië 79
3.2.8 Pakistan 87
3.2.9 Sekere Afrika-lande 89
3.2.10 Rusland 92
3.2.11 Pole 92
3.2.12 Slot 93

3.3 ENKELE BELANGRIKE OORWEGINGS BY DIE INSTELLING VAN 'N EFFEKTIEWE OPVOEDKUNDIGE UITSAAIDIENS

3.3.1 Die vennootskap tussen die uitsaaiorganisasie en die gebruikers 93
3.3.2 Die uitsaaibondgenootskap tussen die radio en televisie by opvoedkundige programme 94
3.3.3 Die noodsaaklikheid van voortgesette navorsing 94
3.3.4 Publikasies en ander ondersteunende media 97
3.3.5 Die noodsaaklikheid van die navolging van 'n onderwys- en opleidingkundig verantwoorde werkwyse in programbeplanning 100

3.4 KOPIEREG 102

3.5 VERSKILLENDE BEHEERSTRUKTUURMODELLE ELDERS 103

3.5.1 Algemeen 103
3.5.2 Die owerheidsbeheerde model 104
3.5.3 Die nasionale netwerk-beheerde model 107
3.5.4 Die inskakeling by 'n nasionale uitsaai-opset as 'n relatief selffunksionerende eenheid 108

3.6 DIE PROBLEEM VAN FINANSIERING VAN OPVOEDKUNDIGE UITSENDINGS 112

3.6.1 Inleiding 112
3.6.2 Israel 112
3.6.3 Duitsland 112
3.6.4 Brittanje 113

3.7 SAMEVATTING 113

3.7.1 Inleiding 113
3.7.2 Opvoedkundige uitsendings in enkele lande van die wêreld 114
3.7.3 Enkele belangrike oorwegings by die instelling van 'n effektiewe opvoedkundige uitsaaidiens 117
3.7.4 Kopiereg 118
3.7.5 Verskillende beheerstruktuurmodelle elders 118
3.7.6 Die finansiering van opvoedkundige uitsendings 119

HOOFSTUK 4

DIE HUIDIGE SITUASIE MET BETREKKING TOT DIE RADIO EN TELEVISIE EN ONDERWYSMEDIA IN DIE RSA

4.1 DIE HUIDIGE MEDIA-OPSET EN -TREFWYDTE 121

4.1.1 Inleiding 121
4.1.2 Faktore wat media-trefwydte beïnvloed 121
4.1.3 Die reik-afstand van 'n moontlike formele uitsaaidiens vir opvoedkundige doeleindes 122
4.1.4 Skoolradiodiens 123
4.1.5 Opvoedkundige uitsendings 123

4.2 ONDERWYSMEDIA IN DIE ALGEMEEN 124

4.3 SAMEVATTING 126

HOOFSTUK 5

AANBEVELINGS 128

BRONNELYS 136

BYLAE A: SAMEVATTING VAN HANCOCK (1971: 180) TEN OPSIGTE VAN DIE BEPERKINGE EN MOONTLIKHEDE VAN OR EN OTV 139

BYLAE B: TELEVISIE AS ONDERWYSMEDIUM VOLGENS DIE REPORT OF THE COMMITTEE OF INQUIRY INTO THE USES OF TELEVISION IN EDUCATION (1972: 26,27) 140

BYLAE C: FINANSIËLE IMPLIKASIES EN VOORGESTELDE MOONTLIKHEDE 142

DIE BENUTTING VAN DIE RADIO EN TELEVISIE IN ONDERWYS EN OPLEIDING: OORSIG, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING

Hierdie ondersoek is gedoen deur die Werkkomitee: Leerbehoeftes en media-aanwending waarvan die opdrag was om navorsing te doen oor die benutting van alle moontlike onderwysmedia ter bevrediging van bepaalde leerbehoeftes op die informele, formele en nieformele onderwysgebied. Weens die besondere moontlikhede van radio en televisie om op makrovlak binne 'n kort tydsbestek 'n groot bydrae te lewer tot die bevrediging van spesifieke leerbehoeftes, is besluit om eerstens ondersoek hieroor te doen.

Vir die doel is 'n projekkomitee saamgestel wat deeglik oor die volgende terreine besin het:

- Wat is Opvoedkundige Radio (OR) en Opvoedkundige Televisie (OTV)?
- Watter belangrike leerbehoeftes bestaan wat deur middel van OR en OTV bevredig kan word?
- Hoe word OR en OTV elders in die wêreld benut en watter mate van sukses word daarmee bereik?
- Watter vorme van beheer en finansiering bestaan ten opsigte van OR en OTV elders in die wêreld en hoe relevant is dit vir Suider-Afrika?

2. BEVINDINGS

2.1 In verskeie ontwikkelde en ontwikkelende lande word OR en OTV reeds vir 'n geruime tyd met groot sukses vir onderwys- en opleidingsdoeleindes benut. Die vraag is dus nie meer of OR en OTV hier te lande benut behoort te word al dan nie, maar hoe en waarvoor dit benut behoort te word en hoeveel daarvan spesifieke leerbehoeftes die beste kan bevredig.

2.2 Navorsing het aangedui dat die volgende leerbehoeftes wat deur OR en OTV bevredig kan word, tans in die RSA bestaan (Hierdie lys is slegs 'n eerste aanduiding en daar word aanvaar dat dit van tyd tot tyd weens veranderde omstandighede en die behoeftes van die land mag verander.)

2.2.1 Tegniese geletterdheid

2.2.2 Gesindheidsverandering ten opsigte van tegniese beroepe

2.2.3 Rekenaarbewustheid en -geletterdheid

2.2.4 Onderwysersopleiding

2.2.5 Opleiding van opleiers

2.2.6 Skoolvoorligting en beroepsvoorligting

2.2.7 Leerbehoeftes binne formele onderwysverband

2.2.8 Sosiale verantwoordelikheid en gemeenskapsbetrokkenheid

2.2.9 Ekonomiese verantwoordelikheid

2.2.10 Leerbehoeftes van die begaafde en die gestremde leerlinge

2.2.11 Padveiligheid

2.2.12 Vryemarkstelsel

2.2.13 Ontwikkeling van divergente denke

2.2.14 Taal

2.2.15 Skoolgereedheid

2.2.16 Algemene geletterdheid

2.2.17 Oueropleiding

2.2.18 Plattelandse ontwikkelingsbehoeftes

2.2.19 Gesondheid- en welsynsbehoeftes

2.2.20 Heropleiding en voortgesette opleiding

2.2.21 Bestuursopleiding

2.2.22 Arbeidsverhoudinge

2.2.23 Tuisnywerhede

2.2.24 Kommunikasie

2.2.25 Verdediging/Burgerlike beskerming
2.2.26 Selfdoentegnieke
2.2.27 Burgersake
2.2.28 Inligtingsherwinning
2.2.29 Volkereverhoudings
2.2.30 Wetsprosedure
2.2.31 Hoërskool van die lug

2.3 Wat die wyse betref waarop OR en OTV in 'n land bedryf word, het geblyk dat die volgende onontbeerlik is vir 'n suksesvolle aanwending van hierdie media:

2.3.1 Die vennootskap tussen die uitsaaiorganisasie en die gebruikers

Vir die optimale benutting van OR en OTV is 'n ewewigtige verhouding tussen die gebruikers van OR en OTV en die uitsaaidiens onontbeerlik ten einde vir die gebruiker sinvolle betrokkenheid te verseker.

2.3.2 Die uitsaaibondgenootskap tussen die radio en televisie by opvoedkundige programme

In opvoedkundige programme vul radio en televisie mekaar aan en behoort as 'n eenheid te funksioneer.

2.3.3 Die noodsaaklikheid van voortgesette navorsing

Voortgesette navorsing binne 'n opvoedkundige uitsaaidiens ten einde die behoeftes van teikengroepe, die effek van uitsendings, teikengroottes, ensovoorts, te bepaal, is wesenlik noodsaaklik en moet deurgaans beoefen word.

2.3.4 Publikasies en ander ondersteunende media

Die kerngedagte is dat publikasies en ander ondersteunende media saam met voortgesette navorsing die twee bene uitmaak waarop 'n

opvoedkundige uitsaaidiens gevestig moet word. Sodanige bykomende media word vir voor- en nasorgdoeleindes by die uitsendings tot leerkragte en leerders gerig en bestaan onder meer uit toeligtende publikasies, werkvelle, transparante, skyfies, oudio- en video-kassette.

2.3.5 Die noodsaaklikheid van die navolging van 'n onderwys- en opleidingkundig verantwoorde werkwyse in programbeplanning

Die onderliggende uitgangspunt is dat programbeplanning hier nie maar net toevallig sal wees nie, maar 'n doelgerigte aksie binne 'n breëre en dikwels amptelik neergelegde leerplan moet wees.

Kundiges soos akademici, onderwysers, vakadviseurs, ensovoorts, neem op georganiseerde wyse deel aan die beplanning en uitvoering van alle programprojekte.

Hierdie benadering word in alle gevalle - byvoorbeeld in Brittanje, Duitsland, Israel, Japan en Nederland - nougeset nagevolg.

2.4 Die huidige benutting van OR en OTV in die buiteland dui daarop dat verskillende moontlikhede bestaan vir die wyse waarop so 'n diens georganiseer en beheer word. Deurgaans gaan dit om die wyse waarop OR en OTV en ander uitsaaidienste in een organisasie versoen word al dan nie. Wanneer 'n OR- en OTV-diens vir Suid-Afrika oorweeg word, sal nie net faktore soos koste, bestaande infrastruktuur en mannekrag in ag geneem word nie, maar ook wat bekend is omtrent die bestaande moontlikhede (vgl. byvoorbeeld die owerheidsbeheerde model in Israel; die nasionale netwerkbeheerde model in Wes-Duitsland en die relatief selffunksionerende model van die BBC).

3. AANBEVELINGS

3.1 In die lig van die feit dat Opvoedkundige Radio (OR) en Opvoedkundige Televisie (OTV) elders in die wêreld suksesvol aangewend word om aan bepaalde leerbehoeftes te voldoen (vgl. hoofstuk 3) en in die lig van die feit dat verskeie leerbehoeftes op makrovlak geïdentifiseer is (vgl. hoofstuk 2) wat dringend aandag moet kry, word aanbeveel dat OR en OTV so gou moontlik op 'n gekoördineerde wyse in die formele, informele en nie-formele onderwys in Suider-Afrika benut word om die geïdentifiseerde hoëprioriteitsleerbehoeftes te bevredig. Die potensiële bydrae wat OR en OTV tot die oplossing van geïdentifiseerde onderwys- en opleidingsleemtes in Suider-Afrika te lewer het, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

3.2 Daar word aanbeveel dat OR- en OTV-programme soos volg omskryf word om dit te onderskei van ander radio- en televisieprogramme:

OR- en OTV-programme is programme wat binne die konteks van 'n totale opleiding-, onderwyskundige en opvoedkundige strategie ontwikkel is en op 'n sistematiese en kontinue wyse gerig is op die informele, formele en nie-formele onderwys. Met 'n totale opleiding-, onderwyskundige en opvoedkundige strategie word onder andere bedoel dat

- leerbehoeftes op 'n verantwoorde wyse vasgestel is;
- bepaal is in watter mate OR en OTV aan hierdie behoeftes voldoen; en
- dat uitsaaitye spesifiek vir OR- en OTV-programme afgesonder is in oorleg met die instansies betrokke by bepaalde teikengroepe.

Daar is ander programme wat ook opvoedings- en onderwyswaarde het maar wat nie as OR- en OTV-programme beskou word nie weens die toevallige aard daarvan.

3.3 Verder word aanbeveel dat by die implementering van OR en OTV die volgende as uitgangspunte sal dien:

3.3.1 Die "Beginsels vir onderwysvoorsiening in die RSA" soos in die RGN-onderwysverslag geformuleer, behoort ook as rigsnoer vir OR- en OTV-programme te dien.

3.3.2 Ten opsigte van formele onderwys kan OR en OTV slegs slaag indien die verhouding tussen die uitsaaiowerhede en die onderwysdepartemente van aanvang af duidelik uitgestippel is. In hierdie verband is dit ook noodsaaklik dat die benutting van die radio en televisie as hulpbronne in die formele onderwys gesien word as 'n integrerende deel van die totale onderwysvoorsiening en bevrediging van leerbehoeftes.

3.3.3 OR en OTV moet nie geskei word nie, maar aanvullend funksioneer.

3.3.4 Informele, formele en nie-formele opvoedkundige programme behoort saam oorweeg en deurgevoer te word vir OR en OTV aangesien leerbehoeftes waarop hierdie programme gerig is interafhanklik is.

3.3.5 OR en OTV moet met publikasies en ander media (soos skyfies, klankkassette, ens.) aangevul word. Die OR- en OTV-diens behoort dus van die begin af voorsiening te maak vir die opstel en verspreiding van publikasies sowel as die produksie en verspreiding van ander ondersteunende media.

3.3.6 Voortgesette navorsing ten einde leerbehoeftes deurlopend te bepaal, die doeltreffendste metodes vir programbeplanning en -produksie te bepaal en om die effek van programme te bepaal, behoort hoë prioriteit te geniet. 'n Navorsingsafdeling behoort dus van die begin af binne die OR- en OTV-diens gevestig te word.

3.3.7 Programbeplanning behoort op 'n onderwys- en opleidingkundig verantwoorde wyse gedoen te word. Vir hierdie doel behoort werkkomitees bestaande uit uitsaaikundiges, mediakundiges, onderwys- en opleidingkundiges en die betrokke vakspesialiste saamgestel te word vir die beplanning van programme.

3.3.8 Belangegroepe wat deur middel van OR- en OTV-programme bereik word, behoort op verskillende vlakke betrek te word.

3.3.9 Die gebruikers [1] (kategorie 2) van OR- en OTV-programme behoort deurlopend opgelei te word in die korrekte gebruik van die uitsaaimedia.

3.3.10 OR- en OTV-programme behoort so beplan te word, dat ten beste terugvoer (moontlik in die vorm van werkkaarte, ens.) deur die leerder aan die onderrigbegeleier gegee moet word. Op hierdie en ander wyses moet verseker word dat programme aan 'n duidelik gestelde leerdoel beantwoord.

3.3.11 Vanweë die eie en gespesialiseerde aard van OR en OTV behoort 'n afdeling vir OR en OTV so gestruktureer te word dat hierdie eie en gespesialiseerde aard in die uitsaaiopset tot sy reg kom.

3.4 Daar word aanbeveel dat OR en OTV aan die hand van die volgende riglyne tot stand gebring word:

3.4.1 Eerste moontlikheid (binne die SAUK in oorleg met belanghebbende instansies)

(a) In die lig van die feit dat die SAUK oor die nodige uitsaaikundigheid en infrastruktuur beskik, behoort OR en OTV in die SAUK gevestig te word, maar met die skepping van meganismes waardeur die gebruikers van OR en OTV sinvolle betrokkenheid sal kry. Hierdie aanbeveling is hoofsaaklik op die BBC-model gebaseer.

(b) Vanweë die eiesoortigheid en gespesialiseerde aard van OR en OTV wat insluit deurlopende skakeling met deelnemende instansies, moet 'n afdeling vir OR en OTV onafhanklik van,maar in oorleg met ander programafdelings funksioneer.

---

[1] Die volgende kategorieë gebruikers kan onderskei word:

Kategorie 1: Onderwysdepartemente, ander onderwysowerhede en organisasies wat opleiding aanbied.

Kategorie 2: Onderwysers, opleiers, ens.

Kategorie 3: Alle leerders (kinders sowel as volwassenes).

(c) Beleid met betrekking tot OR en OTV word bepaal deur adviesliggame waarin gebruikers (verteenwoordigers van kategorieë 1 en 2) dien.

(d) Werkkomitees vir programbeplanning

Werkkomitees vir programbeplanning bestaande uit kundiges op onder andere die volgende terreine

- die vakgebied;
- die uitsaaiwese;
- onderwyskunde; en
- (bedryfs)opleiding

sal deur die projekleier in oorleg met die navorsingsafdeling van OR en OTV vir elke programreeks benoem word.

(e) Finansiering van OR en OTV geskied soos volg:

- Gedeeltelik deur die voorsiener van OR en OTV (die SAUK) uit eie fondse in die lig van die feit dat die SAUK as taak het om te vermaak, in te lig en op te voed
- Gedeeltelik deur die gebruikers (kategorie 1) van OR en OTV (insluitende die Staat)
- Uit ander bronne wat van tyd tot tyd ter sprake mag kom.

(f) Beskermde lugtyd word vir OR en OTV gereserveer.

3.4.2 Tweede moontlikheid ('n nuwe organisasie)

(a) 'n Afsonderlike organisasie vir OR en OTV (Suider-Afrikaanse Opvoedkundige Radio- en Televisiediens - SAORTV) in die breë gebaseer op die Israel-model word vir Suider-Afrika tot stand gebring.

(b) SAORTV word deur 'n beheerraad beheer. Die lede van die beheerraad sal deur 'n Kabinetskomitee van belanghebbende ministers onder voorsitterskap van die Minister van Nasionale Opvoeding benoem word.

(c) Die SAORTV is hoofsaaklik verantwoordelik vir die beplanning en die toesig oor produksie van OR- en OTV-programme vir informele, formele en nie-formele onderwys. Die produksiefasiliteite van die privaat-

sektor kan benut word, terwyl ander moontlikhede ook ondersoek kan word.

(d) Finansiering

SAORTV word gefinansier deur deelnemende instansies soos die SAUK, bepaalde staatsdepartemente, die privaatsektor en daardie nasionale state en lede van die TBVC-lande wat vir eie binnelandse doeleindes betrokke wil raak.

(e) Beskermde lugtyd

Beskermde lugtyd word op die SAUK se senders deur SAORTV bekom.

(f) Beleid met betrekking tot OR en OTV word bepaal deur adviesliggame waarin gebruikers (verteenwoordigers van kategorieë 1 en 2) dien.

(g) Adviesliggame vir OR en OTV

Die adviesliggame bestaan uit verteenwoordigers van die SAORTV en gebruikers van OR en OTV soos staatsdepartemente, die SAUK, privaatsektor, nasionale state en lede van die TBVC-lande. Hierdie adviesliggame word benoem deur 'n Kabinetskomitee bestaande uit belanghebbende ministers onder voorsitterskap van die Minister van Nasionale Opvoeding. Die belangrikste funksies van die adviesliggame sal wees om die raad van die SAORTV te adviseer met betrekking tot alle sake rakende sy uitsendings. Weens die omvang en diversiteit van die SAORTV se werksaamhede mag dit nodig wees om meer as een adviesliggaam te benoem.

(h) Werkkomitees vir programbeplanning

Werkkomitees vir programbeplanning bestaande uit kundiges op onder andere die volgende terreine

- die vakgebied;
- die uitsaaiwese;
- onderwyskunde, en
- (bedryfs)opleiding;

sal deur die projekleier in oorleg met die navorsingsafdeling van OR en OTV vir elke programreeks benoem word.

3.4.3 Finansiële implikasies van die voorgestelde moontlikhede

(a) Die voorafgaande aanbevelings het vir die eerste jaar, indien onderskeidelik 750 en 900 minute OTV- en OR-programme per diens uitgesaai word, die onderstaande finansiële implikasies. Uiteraard sal dit nie moontlik wees om van aanvang af 750 (OTV) en 900 (OR) minute uit te saai nie.

1. Programproduksie (vgl. bylae C vir meer besonderhede)

(i)	Informele onderwys	
	OTV	R24 000 000
	OR	3 360 000
(ii)	Nie-formele onderwys	
	OTV	12 000 000
	OR	3 360 000
(iii)	Formele onderwys	
	OTV	24 000 000
	OR	3 360 000
	Totale bedrag vir programproduksie	R70 080 000

2. Kantoorruimte, meubels en diverse

Eerste moontlikheid (3.4.1)	
Eenmalig	R 170 000
Lopend	1 500 000
Tweede moontlikheid (3.4.2)	
Eenmalig	300 000
Lopend	2 000 000

3. Personeel

Eerste moontlikheid (3.4.1)	R 2 600 000
Tweede moontlikheid (3.4.2)	3 500 000

4. Publikasies en ondersteunende media

Eerste moontlikheid (3.4.1)	R 2 000 000
Tweede moontlikheid (3.4.2)	2 000 000

5. Navorsing

Eerste moontlikheid (3.4.1)	500 000
Tweede moontlikheid (3.4.2)	500 000

(b) Samevatting

	Eerste moontlikheid	Tweede moontlikheid
Programproduksie	R70 080 000	R70 080 000
Kantoorruimte, meubels, ens.	1 670 000	2 300 000
Personeel	2 600 000	3 500 000
Publikasies en ondersteunende media	2 000 000	2 000 000
Navorsing	500 000	500 000
	R76 850 000	R78 380 000[1]

3.4.4 Die Werkkomitee beveel aan dat die eerste moontlikheid geïmplementeer word, op grond van onder andere die dringendheid wat met die integrering van radio en televisie in die onderwys gepaard gaan, die kostevoordele wat met die eerste moontlikheid saamval en in die besonder die uitskakeling van enige duplisering van fasiliteite en hoëvlakmannekrag wat so 'n stelsel bied. Twee lede van die Werkkomitee het egter die mening uitgespreek dat die tweede alternatief die meer aangewese is (die redes hiervoor is nie geboekstaaf nie).

3.5 'n Videokassetdiens behoort saam met OTV ingestel te word.

3.6 Die reikgebiede van die televisiediens vir Swartes behoort oor die langer tennyn uitgebrei te word om ook die landelike gebiede te bereik.

---

1) Die huur van senders en die koste van die moontlike oprigting van eie produksiefasiliteite is nie hierby ingesluit nie.

3.7 Daar behoort verder ondersoek ingestel te word na

3.7.1 die probleme verbonde aan outeursreg en moontlike oplossings vir die sinvolle benutting van OR en OTV in die onderwys en opleiding;

3.7.2 die verskillende moontlikhede om televisiestelle en kragopwekkers ekonomies te voorsien, en te onderhou;

3.7.3 die moontlikheid om leerders in staat te stel om met behulp van OR en OTV erkende kwalifikasies te verwerf soos 'n matrieksertifikaat;

3.7.4 die ontwikkeling van 'n infrastruktuur om teleklubs te stig ten einde OR en OTV optimaal te benut;

3.7.5 die skepping van meganismes vir noue skakeling tussen die OR- en OTV-diens en 'n toekomstige gesentraliseerde en gedesentraliseerde infrastruktuur vir onderwystegnologie en kurrikulering;

3.7.6 die ontwikkeling en implementering van interaktiewe televisiestelsels;

3.7.7 interstaatlike samewerking met betrekking tot OR en OTV;

3.7.8 toekomstige multimediabenutting in die onderwys en opleiding (insluitend OR en OTV); en

3.7.9 die opleiding van die gebruikers van OR en OTV.

DIE BENUTTING VAN RADIO EN TELEVISIE IN DIE ONDERWYS EN OPLEIDING

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Die tweede fase van die RGN se ondersoek na die onderwys, bekend as die RGN-Onderwysnavorsingsprogram, word gelei deur die Hoofkomitee onder voorsitterskap van prof. J.P. de Lange. Hierdie Hoofkomitee het aan die begin van 1983 'n werkkomitee saamgestel om ondersoek in te stel na: Leerbehoeftes en media-aanwending.

Hierdie is die eerste verslag van die werkkomitee wat slegs handel oor die benutting van die radio en televisie in onderwys en opleiding en dus nie die breë terrein van leerbehoeftes en media-aanwending dek nie. In volgende verslae sal die werkkomitee oor ander fasette van media-aanwending verslag lewer.

1.2 ORIËNTERING

In die RGN-onderwysverslag is onder andere soos volg aanbeveel:

"1) Dat onderwystegnologie uit 'n beleidsoogpunt aanvaar moet word as 'n fundamentele faktor in die beplanning, ontwikkeling en implementering van onderwysvoorsiening op alle vlakke, sowel in die formele as nie-formele sektore."

"4) Dat, ten einde die uitbreiding van onderwystegnologie in die oplossing van probleme wat die onderwys konfronteer, te vergemaklik, die konsepte van onderwystegnologie een van die basisse vorm van voortgesette opleiding van alle kategorieë van personeel wat betrokke is by onderwys, opleiding en uitbreidingsdienste."

"5) Dat, aangesien 'n belangrike bydrae tot onderwystegnologie in die integrasie van televisie, rekenaars en telekommunikasie geleë kan wees, dit essensieel is dat samewerking op die hoogste vlak daargestel word tussen die onderwysowerhede, die HPK, die SAUK en die privaatsektor.

Die nodige skakeling behoort as dringende aangeleentheid bewerkstellig te word deur die nasionale diens."

"7) Dat dringende stappe, wat die potensiaal van onderwystegnologie aanwend, gedoen moet word op die nie-formele gebied van onderwys met besondere aandag aan geletterdheid, gesondheid en sosiale onderwys, landbou-uitbreiding, voorbereidende vaardighede vir die minderbevoorregtes op alle vlakke, en voortgesette onderwys in die algemeen"(Onderwysvoorsiening in die RSA pp. 171-173).

Aanbeveling 5) hierbo het as Projek 9 (Ondersoek na die gebruik van die rekenaar, televisie en radio en ander inligtingstelsels soos BELTEL om leer en onderrig te bevorder) van die Werkkomitee: Die Rekenaar in Onderwys en Opleiding aandag gekry. Die veld is egter so wyd dat 'n nuwe werkkomitee wat bekend staan as die Werkkomitee: Leerbehoeftes en media-aanwending, tot stand gebring is om alle aspekte van leerbehoeftes en media-aanwending te ondersoek. Hierdie opdrag reik wyer as aanbeveling 5) en dek die hele terrein van aanbevelings 1), 4), 5) en 7).

Die Werkkomitee het in die lig van sy opdrag begin deur oor die leerbehoeftes in die RSA te besin. Dit het spoedig geblyk dat die geïdentifiseerde leerbehoeftes op die makrovlak van so 'n omvang is dat oorweging geskenk moet word aan media wat op makrovlak 'n bydrae behoort te maak om hierdie leerbehoeftes te bevredig. In die lig hiervan is besluit om te begin deur ondersoek in te stel na die moontlike benutting van Opvoedkundige Radio (OR) en Opvoedkundige Televisie (OTV) in onderwys en opleiding. Die Werkkomitee het vir hierdie doel 'n projekkomitee bestaande uit die volgende persone saamgestel met die reg tot koöptering:

Prof. P.J. van Zyl (Voorsitter)
Dr. S.W.H. Engelbrecht
Dr. P.F. Erasmus
Dr. J. Mulder
Mnr. A. Muller
Die volgende twee persone is deur die projekkomitee gekoöpteer:
Mej. C.F.M. van Wyk
Dr. D.P. van Vuuren

1.3 DOEL VAN ONDERSOEK

Die doel met hierdie ondersoek is om

(i) op 'n verantwoorde wyse vas te stel watter leerbehoeftes op die makrovlak (in Suider-Afrika)[1] bestaan ten opsigte van die informele, formele en die nie-formele onderwys[2] wat moontlik deur die aanwending van OR en OTV bevredig kan word (vgl. hoofstuk 2);

(ii) ondersoek in te stel na die benutting van OR en OTV in geselekteerde lande (vgl. hoofstuk 3);

(iii) ondersoek in te stel na strukture vir die beheer van OR en OTV in geselekteerde lande (vgl. hoofstuk 3); en

(iv) aanbevelings te maak ten opsigte van

- die moontlike benutting van OR en OTV in Suider-Afrika; en
- verdere tersaaklike navorsing (vgl. hoofstuk 5).

1.4 RADIO EN TELEVISIE AS ONDERWYSMEDIA

1.4.1 Omskrywing van OR en OTV

In die literatuur kom verskeie omskrywings van OR en OTV voor (vgl. onder andere De Vera 1967 en Hancock 1971). Dit blyk hieruit dat dit baie moeilik is om duidelik te onderskei tussen opvoedkundige programme en ander programme wat tog ook 'n opvoedkundige strekking het. In die "Report of the Committee of Inquiry into the Uses of Television in Education" wat in 1972 in Nieu-Seeland verskyn het, word die volgende uitspraak gemaak: "There are many entertainment programmes which are educational in nature and many specialised instructional programmes which are both informative and entertaining" (1972: 25). In die lig hiervan onderskei hulle dan tussen "Educational programmes" en "Educative programmes". Die verslag gaan dan verder en omskryf hierdie programme soos volg:

---

[1] Waar "Suider-Afrika" in hierdie verslag gebruik word, word bedoel die RSA (insluitend die nasionale state) en die IBVC-lande.

[2] Hierdie begrippe word hier gebruik in ooreenstemming met die omskrywing daarvan in die RGN-onderwysverslag.

"2.2.1 Educational programmes

These fall into three broad groups -

(1) Programmes designed for use by schools, universities, and other institutions forming part of the national education system.

(2) Programmes designed for home viewing and arranged in series to help viewers towards a progressive mastery or understanding of some skill or body of knowledge. Examples of such programmes already broadcast include 'Japanese Brush Painting', 'Towards 2 000', 'Issues for Parents', and 'Maths and Meaning'.

(3) Programmes designed for home viewing by specialist professional or industrial groups. Programmes in groups (1) and (2) will normally be supplemented by written material and/or class instruction" (1972: 25).

"2.2.2 Educative programmes

These are programmes designed for home viewing as part of the general pattern of television, without written or class support, and intended to offer some enrichment of knowledge or understanding of affairs. Many programmes in this category are already being broadcast in New Zealand, the 'Civilisation' series being an outstanding example" (1972: 25).

Volgens bogenoemde omskrywing is dit moontlik om te onderskei tussen programme wat 'n doelbewuste opvoedkundige en ander programme wat 'n toevallige opvoedkundige strekking het.

Vir die doel van hierdie verslag word OR - en OTV-programme soos volg omskryf: Dit is programme wat binne die konteks van 'n totale opleiding-, onderwyskundige en opvoedkundige strategie ontwikkel is en op 'n sistematiese en kontinue wyse gerig is op die informele, formele en nie-formele onderwys. Met 'n totale opleiding -, onderwyskundige en opvoedkundige strategie word onder andere bedoel dat:

(i) op 'n verantwoorde wyse leerbehoeftes vasgestel is;

(ii) bepaal is in watter mate OR en OTV aan hierdie behoeftes kan voldoen; en dat

(iii) uitsaaitye spesifiek vir OR- en OTV-programme afgesonder is in oorleg met die instansies betrokke by bepaalde teikengroepe.

Daar is ander programme en programreekse wat ook opvoedings- en onderwyswaarde het maar wat nie as OR- en OTV-programme beskou word nie weens die toevallige aard daarvan.

1.4.2 Moontlikhede en beperkinge van die uitsaaimedia

Uit die ervaring in verskeie lande (vgl. hoofstuk 3) bestaan daar geen twyfel nie dat die uitsaaimedia die potensiaal het om 'n positiewe bydrae te maak tot die onderwys en opleiding sowel as maatskaplike ontwikkeling in 'n land. In bylae A is 'n samevatting van Hancock (1971: 180) ten opsigte van die moontlikhede en beperkinge van OR en OTV. Die verslag van die Nieu-Seelandse ondersoek na OTV (1972: 26,27) gee 'n goeie omskrywing van televisie as onderwysmedium (vgl. bylae B).

Samevattend kan die volgende gestel word:

(1) Televisie as onderwysmedium

- is 'n visuele medium wat baie doeltreffend aangewend kan word in sekere vakgebiede;
- kan dit moontlik maak om groot getalle leerders gelyktydig te bereik;
- kan veranderinge in kurrikula en die gevolglike indiensopleiding van onderwysers baie vinnig hanteer en sodoende baie tyd en geld spaar;
- kan 'n belangrike rol speel om verskeie media in die onderrig te kombineer en op hierdie wyse bydra tot doeltreffender onderwys en opleiding deur 'n multimediabenadering;

- kan daartoe bydra dat alle leerders (ook in gebiede en op vakterreine waar onvoldoende gekwalifiseerde onderwysers en opleiers is) hoëkwaliteitonderrig ontvang;
- open saam met die benutting van video-opnemers en gedrukte materiaal verskeie moontlikhede vir leerders om teen hulle eie tempo te leer;
- se belangrikste beperkinge is die volgende:
  - dis 'n eenrigting-kommunikasiemedium (alhoewel resente ontwikkeling wel interaksie moontlik maak) wat besondere eise stel ten opsigte van die opleiding van die gebruikers en die beskikbaarstelling van gedrukte materiaal en ander media;
  - dis 'n duurder medium as die radio en dit vereis dat groot getalle leerders betrek moet word; en
  - elektrisiteit (wisselstroom, battery of sonopwekkers) moet beskikbaar wees.

(2) Radio as onderwysmedium

- kan groot getalle leerders bereik as gevolg van die beskikbaarheid van goedkoop ontvangstoestelle;
- kan baie suksesvol saam met televisie en ander visuele en gedrukte media vir opleiding en onderwys benut word;
- is 'n goedkoper medium as televisie;
- vereis nie noodwendig die beskikbaarheid van elektrisiteit (wisselstroom) nie;
- se belangrikste beperkinge is die volgende:
  - soos televisie is dit hoofsaaklik 'n eenrigtingkommunikasiemedium; en
  - dis 'n nie-visuele medium en gevolglik aan meer beperkinge ten opsigte van kommunikasie met die leerder blootgestel as televisie.

HOOFSTUK 2

LEERBEHOEFTES IN SUIDER-AFRIKA: ENKELE PRIORITEITE

2.1 INLEIDING

Onderwysvoorsiening in Suider-Afrika word gekompliseer deur die feit dat die onderwysbehoeftes van die verskillende bevolkingsgroepe divergeer. Sommige onderwysbehoeftes is kenmerkend van die Eerste Wêreld (die ontwikkelde nywerheidslande) en ander kenmerkend van die Derde Wêreld (die ontwikkelende lande). Van die onderwysprobleme van die ontwikkelende lande sluit in toenemende skoolbevolking, ongeletterdheid van die volwasse werkbevolking, hoë uitsaksyfers reeds op die primêre skoolvlak, tekort aan opgeleide mannekrag in die onderwyssisteem, stedelike en landelike ongelykhede in onderwysvoorsiening en sillabusse en kurrikulums wat nie relevant is vir die behoeftes van die leerder nie. 'n Gedifferensieerde benadering tot leerbehoeftes van die bevolkingsgroepe in Suider-Afrika is van meet af aan 'n vereiste. In 'n nasionale perspektief oor die onderwystegnologie en die suksesvolle aanwending daarvan noem Ely (s.a. 1, 5, 6, 8, 9) vier veralgemenings waarvan twee veral toepaslik is:

(i) Onderwystegnologie is die suksesvolste waar dit gebruik is in direkte respons tot 'n waargenome behoefte van diegene vir wie dit bedoel is om te bedien.

(ii) Die gebruik van onderwysmedia is nie so belangrik as die ontwikkeling van geskikte kontekse van benutting nie. 'n Situasie-analise moet uiteindelik lei tot beslissings oor watter media benut kan word om sekere leerdoelwitte te bereik op gespesifiseerde tye met gespesifiseerde leerders. Armsey (in Wells 1976: 104) wys ook daarop dat 'n leerbehoefte moet bestaan voordat onderwysmedia ingestel kan word en doeltreffend kan wees. Daar moet ook die wil wees om aan die leerbehoeftes te voldoen met behulp van onderwystegnologie.

2.2 DIE BEGRIP LEERBEHOEFTES

2.2.1 'n Verantwoorde opvoedkundige benadering

In die literatuur kom dit sterk na vore dat daar implisiet aanvaar word dat die leser weet wat met die begrippe behoefte en leerbehoefte bedoel word. 'n Duidelike definisie word selde gebied. Om die begrip leerbehoefte te omskryf, is daar besluit om allereers uit 'n opvoedkundige perspektief 'n vertrek te neem. Leerbehoeftes moet steeds gesien word binne die konteks van die opvoeding as geheel. Onder opvoeding word verstaan "die begelei-

dingshulp van 'n volwassene as opvoeder aan 'n volwassenewordende as opvoedeling ter wille van die volwassewording van laasgenoemde met die verwagting dat die meegang sal heenlei na volwassenheid" (Van Zyl 1975: 122, 146). Ook wat leerbehoeftes betref, is dit gepas om te dink aan die feit dat ook die volwassene steeds wordende volwassene is (Van Zyl 1975: 122). Dit impliseer dat daar steeds nuwe leerbehoeftes by die mens sal ontstaan. 'n Persoon moet binne 'n spesifieke kultuurmilieu uitdrukking gee aan eie volwassenheid. Deur te voorsien in die leerbehoeftes van 'n persoon moet hy toenemend die volwassenheidsbeeld van sy samelewing verbeeld.

2.2.2 Leerbehoeftes: omskrywing en differensiasie

Teen die agtergrond van die voorafgaande word daar volstaan met die volgende omskrywing van leerbehoeftes:

'n Leerbehoefte verteenwoordig die kennis, gesindhede en vaardighede wat 'n individu nodig het om toereikend aan die lewe van 'n bepaalde samelewing deel te neem. Weens die pas van verandering in die samelewing is leerbehoeftes dinamies van aard deurdat daar kontinu nuwe leerbehoeftes ontstaan waaraan voldoen moet word. Leerbehoeftes toon ook 'n gedifferensieerde karakter, enersyds is hulle die produk van plaaslike omstandighede en spesifieke teikengroepe, andersyds is hulle vir sekere groepe basies noodsaaklik, vir ander plaasvervangend of aanvullend tot die formele onderwys en vir ander teikengroepe bloot verrykend van aard.

In die voldoening deur onderwysvoorsiening aan sekere leerbehoeftes moet dit besef word dat sekere inhoude op 'n nasionale basis aangebied kan word. Wiskunde, amptelike tale en vreemde tale kan so akkommodeer word. Omgewingstudies, gesondheid, selfhelptegnieke en handvaardighede ("arts of crafts") sal oorwegend plaaslik gekleur wees. Hierdie onderskeid tussen algemene en spesifieke of plaaslike leerbehoeftes geld ook op die terrein van die nieformele onderwys.

Binne een samelewing sal daar dus leerbehoeftes onderskei kan word wat op die makro-, meso- of mikrovlak lê. In die konteks van die RSA sal daar vir elke bevolkingsgroep leerbehoeftes geïdentifiseer kan word wat op elk van hierdie vlakke lê. Die verskil tussen landelike en stedelike teikengroepe se leerbehoeftes sal ook 'n neerslag vind in die tipe kommunikasiemedium wat benut word om aan hierdie leerbehoeftes te voldoen. Terwyl die radio volgens die huidige beperkte reikwydte van sekere televisieuitsendings die aangewese medium vir sommige teikengroepe is, is televisie die medium wat

geredeliker beskikbaar is vir stedelike teikengroepe. Vir die doeleindes van Suider-Afrika sal dit gepas wees om leerbehoeftes op die makrovlak te sien as leerbehoeftes waarin daar globaal voorsien kan word. Die mesovlakleerbehoeftes behoort binne 'n regionale konteks gesien te word en die mikrovlakleerbehoeftes as dié van 'n plaaslike gemeenskap of 'n plaaslike groep skole.

Daar behoort aan leerbehoeftes gedink te word in terme van 'n kontinuum wat vanaf die universele, as een pool, deurloop tot by die partikuliere as ander pool. Leerbehoeftes spruit verder voort uit vereistes wat aan die individu deur die samelewing (ook die beroepswêreld) waarin hy verkeer, gestel word. Sy persoonlike behoeftes en belangstellings kan ook sekere geïndividualiseerde leerbehoeftes na vore laat kom (bv. stokperdjies).

(1) Universele leerbehoeftes

Met universele leerbehoeftes word bedoel dat die leerder ter wille van doeltreffende lewe 'n intellektuele, vaardigheids-, waarde - (byvoorbeeld sedelik, sosiaal, esteties) en geloofsgreep op die werklikheid sal hê.

(2) Basiese leerbehoeftes

Müller (1981: 34/35) sluit hierby die volgende in:

- Basiese vermoë in lees, skryf en reken
- Basiese kennis van fundamentele wetenskaplike konsepte vir 'n basiese begrip van higiëne, gesondheid, voeding, grondbewerking, veeteelt en ekonomie
- Praktiese kennis en vaardighede om 'n bestaan te maak en 'n gesin (wat grotere en kleinere gesinseenhede kan insluit) en huishouding te onderhou
- Die vermoë om aan die gemeenskapslewe deel te neem en om 'n begrip te hê van die aard van die samelewing, byvoorbeeld sy geskiedenis en selfkonsep, die pligte en funksies van regering en administrasie, belasting, sosiale sekuriteit, koöperasies en selfhelpbewegings
- Die ontwikkeling van 'n selfkonsep by die individu om krities te dink en om hom aan te moedig om sy eie wêreld te vorm, en om aktief deel te neem aan die ontwikkelingsproses.

Dit sou moontlik wees om hier tegniese kennis en vaardighede toe te voeg.

(3) Partikuliere leerbehoeftes

Dit kan voortbou op die basiese leerbehoeftes maar is meer gedifferensieerd in terme van teikengroepe en gebiede. Dit kan ook leerbehoeftes wees wat te doen het met stokperdjies en belangstellings. Wat vakinhoude betref, kan dit temas insluit soos omgewingsleer. Aan die hand van die verowering van partikuliere inhoude word die mens bekwaam en gewillig om in te skakel by die lewenstyl van sy eie gemeenskap.

(4) Slotgedagte

"Die geleidelike inskakeling by die gemeenskapseise, gebruike en waardehuldigings as sosialisering is noodsaaklik vir die voortbestaan van énige gemeenskap" (Van Zyl 1975: 237).

2.3 Konteksskepping vir leerbehoeftes

Dikwels is dit so dat 'n spesifieke teikengroep nie bewus is dat hy mank gaan aan kennis wat in die toekoms nodig gaan wees nie. Dit kan ontstaan weens die snelle tegnologiese vordering of bloot omdat iets buite die ervarings- en denkveld lê. Dit kan treffend geïllustreer word aan die problematiek rondom die instel van kursusse in rekenaarbewustheid en rekenaargeletterdheid. Word 'n leerling of onderwyser vandag gepols oor die mate waartoe hulle behoefte het aan hierdie inhoud , sal 'n groot groep waarskynlik aandui dat hulle nie van mening is dat dit 'n leerbehoefte is nie. Weens navorsing gedoen oor die rekenaar en die toenemende impak van die rekenaar op die samelewing tans en in die toekoms, is dit egter duidelik dat hier 'n leerbehoefte bestaan. Bewusmaking van hierdie leerbehoefte kan geskied deur programme oor die rekenaar in die bedryf, administrasie en onderwys oor televisie of oor die radio uit te saai. Artikels in die pers kan ook hierdie bewustheid skep. Kortom, in die oplossing van sekere leerbehoeftes sal dit essensieel wees om eers die konteks te skep.

2.2.4 Wisseling van leerbehoeftes

Enige onderwysvoorsiening gebaseer op leerbehoeftes kan nie net van die makro- na die mikrovlak funksioneer nie. Terugvoer van die plaaslike v moet bekom word en leerbehoeftes wat op hierdie vlak ervaar word, moet van die begin af oorweeg word (Müller 1981: 44).

Terugvoering is besonder belangrik weens die dinamiese aard van leerbehoeftes waarvan reeds melding gemaak is. Soos daar in 'n leerbehoefte

voorsien word, kan daar nuwe leerbehoeftes ontstaan, byvoorbeeld uitsendings oor rekenaargeletterdheid skep 'n behoefte aan meer kennis oor programmering of 'n behoefte aan gedrukte materiaal ter ondersteuning van die program. Toffler (1975: 27-40; 1981: 15-24) wys daarop dat 'n tydperk van versnelde verandering beleef word. Hy praat van die "great, growling engine of change - technology" (Toffler 1975: 32). Voorbeelde van hierdie snelle verandering is die toenemende pas van verstedeliking, benutting van energie en hulpbronne, die ekonomiese groei na superindustrialisme en versnelde kennisverkryging wat op sy beurt weer die groei in tegnologie in die hand werk. Tegnologie word aan homself gevoed en maak meer tegnologie moontlik. Tereg kan gepraat word van ontploffende veranderinge (Toffler 1981: 20).

Bevrediging van sekere leerbehoeftes skep ook die behoefte aan die bemeesteering van nuwe uitdagings wat weer op sy beurt nuwe leerbehoeftes ten gevolg het. Kennis van bepaalde fasiliteite of dienste skep dikwels die behoefte aan die besit van die fasiliteite of die gebruik van die dienste. Dit is bevorderlik vir ekonomiese groei.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat leerbehoeftes baie snel 'n klemverskuiwing kan ondergaan of dat nuwe leerbehoeftes snel kan ontstaan. Gevolglik moet dit beklemtoon word dat die leerbehoeftes wat geïdentifiseer is in hierdie tussentydse verslag, die leerbehoeftes is wat tans bestaan. Dit kan in 'n baie kort tydjie verander, dus is terugvoer en opvolgwerk essensieel as die onderwysvoorsiening nie anachronisties gaan wees nie.

'n Gesonde didaktiese fundering is hier noodsaaklik. In die aanbieding van opvoedkundige programme via die radio en televisie word daar in die beslissings oor leerbehoeftes en inhoude wesenlik gekurrikuleer. 'n Konseptuele definisie is hier aan die orde: "'n Kurrikulum is geselekteerde en geordende onderrig-inhoude wat 'n program vir die onderrig daarstel waarin daar 'n funksionele samehang tussen situasie-analise, doelstelling, beplande leerervaring, aktualiseringsgeleenthede en evaluering aan te wys is" (Krüger 1979: 44/45). Skematies kan die siklus so voorgestel word:

As 'n reeks opeenvolgende siklusse verteenwoordig die uitkomstes 'n leerprogram. 'n Soort spiraal ontstaan so wat 'n drieledige oriëntering op die oog het:

(i) ten opsigte van die samelewing
(ii) ten opsigte van die leerder
(iii) ten opsigte van die partikuliere kultuurvoortplanting waarvoor in 'n bepaalde kurrikulum aanspreeklikheid aanvaar word.

Deur so 'n siklus vir die identifisering van leerbehoeftes, onderwysvoorsiening en noodsaaklike terugvoer te benut, word verskeie voordele beding:

(i) Daar kan doeltreffend leerbehoeftes geïdentifiseer word en met die onderwysvoorsiening direk daarby aangesluit word.
(ii) Deur voortdurend 'n situasie-analise uit te voer, kan daar bepaal word of die aangebode inhoude aan die leerbehoeftes voldoen en watter leerbehoeftes daaruit voortvloei of watter geheel nuwe leerbehoeftes ontstaan het.
(iii) Die siklus kan vir beplannings-, terugvoer- en evalueringsdoeleindes benut word. Die siklus het dus kriteriumeienskappe en kan diagnosties aangewend word.

Verskillende besluitnemingstegnieke soos die Delphi- en nominale groeptegnieke kan benut word om leerbehoeftes te identifiseer en aan te pas.

2.3 GETDENTIFISEERDE LEERBEHOEFTES BINNE DIE SUIDER-AFRIKAANSE KONTEKS

2.3.1 Inleiding

(i) In sowel opvoedkundige navorsing as in gesprekke met opvoedkundiges, sake- en gemeenskapsleiers is daar oor die afgelope jare talle leerbehoeftes geïdentifiseer, waarvan sommige uit die aard van die saak dringender as ander is.
(ii) Vir dié doel van hierdie verslag sal daar gekonsentreer word op behoeftes wat nog nie voldoende op konvensionele wyses ondervang is nie.
(iii) Daar sal aangetoon word watter leerbehoeftes hoofsaaklik op die formele, die nie-formele en informele terreine lê. Hierdie klassifikasie moet nie gesien word as 'n plasing in waterdigte kompartemente

nie. 'n Aantal leerbehoeftes sou eweseer in die formele, nie-formele en informele onderwyskontekste ondervang kon word.

(iv) Leerbehoeftes is nie in prioriteitsvolgorde gerangskik nie

2.3.2 Kort beskrywing van geïdentifiseerde leerbehoeftes[1)]

(1) Tegniese geletterdheid (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)

Daar is reeds vroeër melding gemaak van die snelle pas van die verandering as gevolg van die ontwikkeling in die tegnologie. Die mens moet nie alleenlik hiervan bewus gemaak word nie, maar moet ook aan hierdie tegnologie blootgestel word. In dié verband word daar van tegniese geletterdheid gepraat: Ons leef in 'n tegnologiese eeu, maar ons is dikwels tegnologiese analfabete. Belangriker nog as die kennis, is hierdie gesindheid. Tegniese geletterdheid begin op die alledaagse vlak by iets soos die herstel van 'n prop waar die drade korrek gekonnekteer moet word. Tegniese geletterdheid het dus te doen met kundigheid rondom die tegnologiese en die tegniese.

(2) Gesindheidsverandering ten opsigte van tegniese beroepe (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein, maar met 'n formele keerkant)

Daar is duidelike wanbalans tussen die oorwegend akademies georiënteerde onderwys van die RSA en die mannekragbehoeftes van die land. Groter kanalisering na tegniese onderwys is 'n dringende behoefte wat vir alle bevolkingsgroepe geld. Die lae belangstellingspatroon in tegniese beroepe (16 % van die Blanke en 2 % van die Swart leerlinge volg 'n tegniese kursus) moet verhoog word deur goed beplande publisiteits- en voorligtingsprogramme. Meer belangstelling in hierdie beroepsrigtings is lewensbelangrik en weerstande moet afgebreek word. Ouers moet met eweveel trots hulle kinders na 'n technikon as na 'n universiteit kan stuur. Dit verg 'n verandering van gesindheid waarin die radio en televisie 'n groot rol kan speel.

(3) Rekenaarbewustheid en -geletterdheid (het 'n informele, nie-formele en formele keerkant)

Die koms van die rekenaar, en veral die mikrorekenaar, het die lewe

---

[1)] Die voorsieningsterreine wat by elke leerbehoefte tussen hakies aangedui is, is bloot 'n eerste aanduiding toegespits op OR en OTV.

van die mens ingrypend beïnvloed. 'n Meer dramatiese uitwerking op die mens se leef- en denkwyse word selfs nog verwag. Kennis van die rekenaar en ondervinding in terminaalbediening word in toenemende mate 'n vereiste, ook vir poste op bestuursvlak.

In die onderwys word daar dan ook gepoog om in dié behoefte te voorsien. Nie alleen word die rekenaar as medium ingespan nie, maar rekenaarbewustheid en rekenaargeletterdheid word meer en meer nagestreef - nie alleen vir die leerlinge wat 'n loopbaan in die rekenaarbedryf beoog nie, maar vir die oorgrote meerderheid van die leerlinge, want dit is vir feitlik almal van fundamentele belang. Dit is reeds nodig dat administratiewe personeel soos besprekingsklerke by die S.A. Vervoerdienste en salarisklerke by talle instansies in terminaalbediening opgelei moet wees.

Hierdie behoefte gaan egter wyer as net die onderwysinrigtings want ook die volwassene wat reeds in 'n betrekking staan word toenemend met die rekenaar gekonfronteer en opleiding word benodig.

Hierdie behoefte bestaan vir al die bevolkingsgroepe van die RSA in gelyke mate. Terwyl dit noodsaaklik is dat kursusse in rekenaarbewustheid en rekenaargeletterdheid in die formele onderwys ingevoer moet word, is dit een van die leerbehoeftes waarin in die nie-formele onderwys en op informele wyse ook voorsien kan word.

(4) Onderwysersopleiding (hoofsaaklik op die formele onderwysterrein)

Die behoefte aan opleiding in hierdie kategorie mag kwantitatief 'n beperkte aantal mense in 'n sekere beroepsgroep raak, maar is weens die uiteindelike effek daarvan op die bevolking as geheel van besondere belang en word ook deur 'n aparte werkkomitee van die RGN hanteer. In hierdie verslag gaan dit oor die vraag hoe radio en televisie tot die bevrediging van dié behoefte kan bydra.

Die volgende aspekte is veral van belang:

- Onderwysontwikkeling is van besondere belang om by te bly by die ontwikkelings in die samelewing waarvoor die onderwys mense moet

oplei. Onderwysvernuwing is dus van kardinale belang, hoewel die onderwysprofessie tradisioneel geneig is om weerstand daarteen te bied. "Change is often regarded by educators as a painful process and, therefore, they cling to the outmoded rather than suffer the pain of change" (Ruth Davies). Aanwending van alle beskikbare hulpmiddele is maar een van die aspekte wat in belang van die onderwys as geheel voortdurende indiensopleiding van alle onderwysers noodsaaklik maak.

- 'n Ander aspek is die onvermoë, selfs soms by die bekwaamste onderwyser, om leergestremde en hoogbegaafde leerlinge vroegtydig te identifiseer. Bo en behalwe die opleidingsprogramme wat die onderwysdepartemente aanbied, is hier 'n dringende behoefte aan opleidingsprogramme met 'n wyer trefkrag.
- Daar is groot getalle Swart en Kleurlingonderwysers wat nie voldoende gekwalifiseer is om effektiewe onderwys te gee nie. As st. 10 plus 'n professionele onderwyskwalifikasie as 'n minimum vereiste gestel word, kan slegs 14,5 % van alle Swart onderwysers as voldoende gekwalifiseer beskou word. Konvensionele indiensopleiding kon tot dusver weinig verskil hieraan maak. In 1980 is slegs 1 434 Swart onderwysers uit 'n totaal van 70 145 betrek by indiensopleidingskursusse (RGN-verslag p. 66).
- Met die steeds groeiende skoolbevolking sal daar binne enkele jare 'n massiewe getal onderwysers (hier) opgelei moet word, en die gebruik van massamedia sal hier 'n groot rol kan speel.
- Daar bestaan in die onderwys veral 'n tekort aan gekwalifiseerde onderwysers vir bepaalde vakke soos Wiskunde en Natuur- en Skeikunde, wat ook tot dusver op die konvensionele wyse nie uitgewis kon word nie.
- Opleiding moet gebied word aan die onderwysers oor die inskakeling van media (ook OR en OTV) in die didaktiese situasie. In Duitsland betrek die Institut für Film und Bild senior onderwysers vir een jaar by die produksieproses. Onderwysers word ook betrek vir korter periodes by kursusse oor die benutting van media en hulle tree op hulle beurt weer as kursusleiers vir ander onderwysers op.

Dit is dus duidelik dat hier baie dringende leerbehoeftes bestaan, waarvoor OR en OTV deeglik oorweeg behoort te word.

(5) Opleiding van opleiers (op die nie-formele onderwysterrein)

In die privaatsektor bestaan daar 'n baie dringende behoefte aan opgeleide opleiers in die verskillende bedrywe. Uit 'n onlangse ondersoek oor opleiers blyk dat slegs 16 % van die opleiers (uit 'n groep van nagenoeg 14 000) enige onderwyskundige agtergrond het en dat 56 % van hulle oor st. 8 as hoogste onderwyskwalifikasie beskik. [1]
Veral in die konteks van die opleiding van die opleiers in die privaatsektor word die terrein van die nie-formele onderwysvoorsiening betree.

(6) Skoolvoorligting en beroepsvoorligting (hoofsaaklik op die formele onderwysterrein met 'n nie-formele en informele onderwyskeerkant)

Binne die stelsel van gedifferensieerde onderwys word twee vereistes gestel:

- Leerlinge moet onderwys ontvang ooreenkomstig hulle potensiaal
- Leerlinge moet van voorligting voorsien word om selfstandig 'n onderwyskeuse en beroepskeuse te doen sodat hulle potensiaal maksimaal gerealiseer kan word teen die agtergrond van die land se behoeftes.

"Tussen hierdie twee pole, naamlik die skool se taak om aan elke leerling die onderrig en opvoeding te gee waarop hy geregtig is met inagneming van die landsbehoeftes aan die een kant en die leerling se reg tot selfbeskikking en eie keuse aan die ander kant, lê die noodsaaklikheid van 'n skoolvoorligtingsdiens as geïntegreerde deel van die formele onderwysstelsel opgesluit" (RGN 1981: 45/46).

Binne die persoonlike, sosiale, skool- en beroepsverband moet die leerling tot selfverwesenliking kom. 'n Algemene voorligtingskomponent en 'n beroepsvoorligtingskomponent moet dus gebied word. Omdat die hulpverlening hier gespesialiseer van aard is, is dit onwenslik om beide die algemene voorligting en die beroepsvoorligting die

---

1) Gegewens by NMK gekry.

verantwoordelikheid van een persoon te maak. Na skoolverlating beoefen die leerling 'n beroep, trouens hy ontvang reeds op skool onderwys wat by beroepsvoorligting aansluit. Dit is noodsaaklik om teen hierdie agtergrond "beroepsvoorligting" as gespesialiseerde diens aan te bied. Tegnologiese en industriële ontwikkeling vereis in die beroepslewe groter spesialisering wat op sy beurt vereis dat die toekomstige werknemer 'n oriëntasie ten aansien van die komplekse beroepswêreld sal ontvang. Die bevolkingsgroei, veral die Swart bevolking, bring mee dat beroepsvoorligting op skool verder uitgebrei moet word.

"Navorsing toon aan dat skoolverlaters onkundig is oor toekomstige studie- en beroepsgeleenthede en dat leerlinge selfs aan die einde van hulle skoolloopbaan nog nie 'n beroepskeuse gedoen het nie" (RGN 1981: 47). Tans het die skoolvoorligter min invloed op die studie- en beroepskeuse van leerlinge (RGN 1981: 47).

Rondom die vraag na algemene en beroepsvoorligting toon die RGN-ondersoek na die Onderwys 'n verdere vraag na twee aspekte waar media moontlik 'n ondersteunende rol kan speel:

- Beroepsgerigte opleiding van voorligtingspersoneel
- Die totstandkoming van 'n infrastruktuur vir voorligting binne die onderwysstruktuur op beide gesentraliseerde en gedesentraliseerde vlak.

Daar die vraag na skoolvoorligting en beroepsvoorligting veral ook in die nie-formele onderwys ontstaan, kan kommunikasiemedia soos die radio op streeksvlak 'n aanvullende en verrykende rol speel.

(7) Leerbehoeftes binne formele onderwysverband

Die bydrae wat OR en OTV tot die formele onderwys kan maak, is onbeperk vanweë die dinamiese aard van die onderwys. Noue skakeling met die beoogde koöperatiewe onderwysdiens vir kurrikulumnavorsing en -ontwikkeling sal nodig wees (vgl. RGN-verslag). Die onderwysdiens sal op

die hoogte wees met leerbehoeftes wat bestaan, nuutste tendense en die behoefte aan vernuwing en verbetering in die onderwys, wat deur OR en OTV op besonder treffende wyse op makrovlak bekend gestel kan word.

Gemeenskaplike sillabusinhoude wat op alle onderwysdepartemente van toepassing is, kan kernagtig deur OR en OTV oorgedra word, wenke vir implementering kan gegee word en verdere navorsing gestimuleer word. Handleidings vir bekendstelling van sillabusse kan met OR- en OTV-programme en ander media vervang word, wat by herhaling gebruik kan word totdat onderwysers daarmee vertroud is; dié reekse kan ook nuttig vir opleiding van nuwe personeel aangewend word.

Deur verskeie media in onderrig en leer te kombineer,kan OR en OTV ook bydra tot opleiding in die effektiewe gebruik van multimedia in die onderwys.

Dié onderwysdiens vir kurrikulumnavorsing en -ontwikkeling sal oor die deskundigheid beskik om behoeftes en leemtes op 'n kontinue grondslag te identifiseer en sal oor die infrastruktuur beskik om sinvol deel te neem aan die opstel van programme, evaluering en terugvoer.

OR en OTV kan 'n belangrike funksie vervul om 'n agtergrond vir onderwysers en leerlinge te skep oor onderwerpe wat andersins ontoereikend sou wees. Kurrikulumpakkette (multimedia) kan verskaf word om dit moontlik te maak.

Waar daar onvoldoende opgeleide onderwysers vir bepaalde vakke is, kan OR en OTV-lesreekse in die behoefte voorsien, byvoorbeeld vir probleemareas in die onderrig van Natuur- en Skeikunde, tale, letterkunde, ens.

OR en OTV kan ook 'n uiters belangrike funksie vervul om die skoolkurrikulum te ondersteun en te verryk, ook binne kultuurverband.

(8) Sosiale verantwoordelikheid en gemeenskapsbetrokkenheid (gesindheidsvorming kan op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine verloop)

Media kan 'n belangrike rol speel in gesindsheidsvorming. Onder sosiale verantwoordelikheid word verstaan die verpligtinge wat voortspruit uit medemens wees en gemeenskapsbetrokkenheid. Radio en televisie kan gesindsheidsvorming in 'n kultuurheterogene gemeenskap bevorder.

(9) Ekonomiese verantwoordelikheid (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)

Ekonomiese verantwoordelikheid spreek die terrein van die finansiële verpligtinge van die individu jeens homself, sy gemeenskap en die staat aan. Dit handel hier oor verantwoordbare finansiële bestuur, selfversorgendheid en die nakoming van verpligtinge.

(10) Leerbehoeftes van die begaafde en die gerem̈de leerlinge(op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine)

In die ontwerp van geskikte onderwysprogramme vir hoogbegaafde en geremde kinders (kinders met leerprobleme) en die opleiding van gekeurde onderwysers om hoogbegaafde leerlinge uit te ken, kan media soos die radio en televisie nie alleenlik 'n opleidings- en bewusmakingsrol speel nie, maar van kardinale belang wees in die aanbieding van verrykings- en remediëringsprogramme op geïndividualiseerde basis. In die RGN-onderwysverslag word daar selfs gepraat van die "verwaarlosing van die hoogbegaafde en talentvolle leerlinge in die onderwys" (RGN 1981: 36).

(11) Padveiligheid en beroepsveiligheid (hoofsaaklik op die informele en formele onderwysterrein met 'n moontlike nie-formele keerkant)

Dat hier 'n groot opvoedingstaak op die formele onderwys en die informele opvoeding rus, sal min mense betwis. Gesien die verlies van lewens, die leed wat dit meebring, die verlies aan mannekrag en die koste vir die

ekonomie van die land, is hier met reg sprake van 'n prioriteits-leerbehoefte. Opvoedkundige radio en TV kan hier beide op die formele en informele en selfs op die nie-formele onderwysterreine 'n kardinale rol vervul in bewusmaking en opvoeding. Op die nie-formele vlak is beroepsveiligheid veral hier van belang.

(12) Die vryemarkstelsel (op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine)

Gesien die toenemende pas en omvang van verstedeliking en verwestersing van die Swart bevolkingsgroepe, is daar 'n behoefte aan 'n begrip van die kapitalistiese vryemarkstelsel. 'n Groot persentasie van die kinders van alle bevolkingsgroepe groei in omgewings op waar hulle nie voldoende konkrete en praktiese ervaring van die vryemarkstelsel opdoen nie. Begrip van die vryemarkstelsel is 'n voorvereiste vir deelname aan en oorlewing in die Westers-georiënteerde samelewing.

(13) Die ontwikkeling van divergente (laterale, kreatiewe) denke (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein met 'n formele onderwyskeerkant)

Divergente denke kenmerk die kreatiewe mens. Veral manipulasie van die visuele beeld wat met OTV meegegee is as inherente vermoëns van die simboolsisteme van TV, bied 'n skat van verrykende programmoontlikhede - onvermydelik dink mens aan die sukses behaal met "Sesame Street" in die VSA waar die kapasiteite van die TV-medium ten volle benut is om stimulerende kykstof te bied.

(14) Taal (op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine)

Die radio en televisie is by uitnemendheid geskik vir die aanbieding van taalonderrig. Nie alleenlik kan die luistervaardighede van leerlinge en studente verbeter word nie, maar inhoude wat verband hou met landkunde kan veral oor televisie aangebied word. Gesien teen die agtergrond van onderwyserstekorte in Suider-Afrika vir die aanbieding van sekere tale kan radio en televisie nie alleenlik meehelp in die inoefening van sekere taalvaardighede nie, maar ook help om hierdie onderwysvoorsieningsprobleme te oorbrug.

Daar word groot tekorte aan onderwysers ondervind vir Engels (RGN 1981: 64). Dit geld veral vir onderwys vir Blankes en Kleurlinge.

Vir die onderwys vir Swartes is daar 'n nypende tekort aan onderwysers om Afrikaans en Engels aan te bied. Vir Swart tale is daar aan Blanke laerskole 'n tekort. Vir die Europese tale, Frans en Duits, is daar in sekere streke 'n tekort.

'n Betekenisvolle faktor in die geval van tale is die feit dat moedertaalsprekers allerweë as die ideaal, en selfs as vereiste, beskou word. "In die Suid-Afrikaanse konteks word hierdie ideaal slegs in die geval van Afrikaans aan Afrikaansmediumskole en Swart tale aan Swart skole verwesenlik, asook in 'n redelike persentasie gevalle waar Afrikaans as tweede taal aan Engelsmediumskole in Blanke onderwys, en Engels as eerste taal aan Swart skole aangebied word" (RGN 1981: 65). Skaars onderrigvaardighede kan oor die radio en televisie benut word. Veral vir die aanleer van 'n Swart taal as derde taal deur Blanke kinders op die primêre vlak kan die twee uitsaaimedia met groot vrug benut word. In die konteks van die Europese tale (Frans en Duits) geld dit eweseer.

Kommunikasie en begrip in die werksituasie kan bevorder word deurdat toesighouers, byvoorbeeld, 'n Swart taal aanleer.

Op die formele, nie-formele en informele onderwysvlakke kan die uitsaaimedia meehelp om taalonderrig en taalgesindheid op 'n gesonde voet te plaas. Veral op die nie-formele onderwysvlak kan kennis van toepaslike vakterminologie positief bevorder word.

(15) Skoolgereedheid (hoofsaaklik op die informele en formele onderwysterreine)

Een van die mees aktuele probleme in die onderwysopset van die RSA is die gebrek aan skoolgereedheid wat 'n voorwaarde vir suksesvolle skoolopleiding is. Die hoë druip- en uitsaksyfer vir veral die Swart bevolking en in 'n mindere mate ook die Kleurling- en Indiërbevolking kan in 'n groot mate hieraan toegeskryf word. Baie leerlinge is eenvoudig nie gedurende hulle voorskoolse jare aan voldoende leerervaringe blootgestel nie. Dit gaan hier om heel basiese dinge soos om kleure te kan onderskei, die verskil tussen links en regs te ken en te weet hoe om 'n pen vas te hou. Maar ook verder: 'n baie groot persentasie van hierdie kinders groei nog op in omgewings waar hulle nie genoeg konkrete ervaring van die wetenskap en

tegnologie opdoen nie, wat as basis moet dien om vakke soos Wiskunde en Wetenskap te bemeester, wanneer dit op skool op 'n abstrakte wyse aangebied word.

Dit kom neer op 'n ontoereikende gesinsituasie vir skoolvoorbereiding - 'n gebrekkige leerklimaat by die huis as gevolg van faktore soos armoede, ongeletterde ouers en/of gebrekkige skoolgereedheid weens ontoereikende blootstelling aan leerervaringe, wat duidelik onderskei moet word van gebrek aan skoolrypheid, waar dit meer om biologiese en intellektuele faktore gaan. Gebrek aan skoolgereedheid het tot gevolg dat duisende leerlinge die eerste skooljaar betree sonder dat hulle voldoende voorberei is vir daardie nuwe wêreld van die skool.

Die gevolglike hoë druip- en uitsaksyfers bring nie alleen groot verlies aan geld en mannekragpotensiaal mee nie, maar vir die individu ook verlies aan menswaardigheid.

Hierdie leerbehoefte behoort gevolglik die hoogs moontlike prioriteit te geniet, veral vir die Swart en Kleurlingbevolkingsgroepe.

(16) Algemene geletterdheid (hoofsaaklik op die informele en nie-formele onderwysterreine)

Daar word deesdae na verskeie soorte geletterdheid verwys en sommige daarvan sal ook nog elders in hierdie hoofstuk genoem word. Hier word spesifiek verwys na algemene geletterdheid, dit wil sê die vermoë om te kan lees en skryf, wat seker een van die mees primêre of basiese vereistes vir deelname aan en oorlewing in die moderne Westerse samelewing is. Soos met al die ander leerbehoeftes moet algemene geletterdheid nie in isolasie gesien en die behoefte daaraan geïsoleerd bevredig word nie. Alle opvoeding is gerig op die mens as geheel en om mense net te leer lees en skryf sal tot ongebalanseerde resultate lei. Die behoefte aan algemene geletterdheid

vorm deel van die algehele behoefte aan volwassewording, om gekultiveer te word.

Die dringendheid van hierdie behoefte kan besef word as daar gelet word op die getuienis van dr. R.H. Lee voor die Wetenskapkomitee van die Presidentsraad. Hy het getuig dat 4 miljoen mense bo die ouderdom van 19 jaar in die RSA geen formele onderwys ontvang het nie en dat 'n verdere 3,8 miljoen se formele opleiding sewe jaar (st. 5) of minder is. Sy slotsom was dat daar nog 8 miljoen mense (58 % van die totaal oor 18 jaar) is, wat nie ten volle geletterd is nie.

As aanvaar word dat almal wat nie graad een/sub A suksesvol voltooi het nie, ongeletterd is, dan verlaat daar jaarliks meer as 175 000 mense (van alle bevolkingsgroepe saam) totaal ongeletterd die skool (Navorsingsinstituut vir onderwysbeplanning, UOVS).

'n Verdere ruim 160 000 gaan semi-geletterd (hoogstens st. 2) en 125 000 gaan as (basies) geletterd (met st. 3-5) die samelewing in (Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning, UOVS). Ten spyte van die fenomenale groei in onderwysgeleenthede is die probleem van ongeletterdheid in die RSA, soos elders in die wêreld, 'n groeiende probleem. Hoewel dit binne die raamwerk van die totale bevolkingsaanwas persentasiegewys afneem, neem die werklike getalle steeds toe.

Dit skep geweldige probleme, soos

- toenemende vervreemding en selfs botsing tussen ongeletterde ouers en skoolgaande kinders met geweldige sosiale implikasies, en
- onvermoë om die steeds stygende mannekragtekort die hoof te bied. Miljoene werkers moet opgelewer word deur 'n groot deel van die samelewing wat grootliks nog ontoereikend geletterd is.

Daarom is dit van die grootste belang dat basiese geletterdheid by volwassenes op veel groter skaal as wat tans die geval is, bevorder word.

(17) Oueropleiding (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)

Dit is duidelik dat die ouer in die toekoms 'n baie groter rol in die onderwys gaan speel en opgelei moet word om hierdie bydrae te kan lewer.

Groter ouerbetrokkenheid en sinvolle vennootskap tussen die ouer en die onderwysprofessie, soos dit in die vooruitsig gestel word, is 'n nuwe begrip. Vir aktiewe deelgenootskap en effektiewe ouerseggenskap sal ouers van alle bevolkingsgroepe leiding moet kry en die radio en televisie kan 'n belangrike rol in dié verband speel.

In sekere kringe bestaan daar egter ook nog 'n dringende behoefte aan 'n gunstiger meer stimulerende huislike opvoedingsmilieu wat besonder belangrik is vir suksesvolle skoolopleiding. Milieugestremdheid lei nie alleen tot gebrekkige skoolgereedheid nie (par. 2.3.2 (15)), maar kan dwarsdeur die kind se skoolloopbaan 'n stremmende faktor wees.

Daar is sosiaal-demografiese en ekonomiese faktore soos verstedeliking, behuisingsprobleme, armoede en pendel- en migrasiearbeid. Daar is ook onderwys- en opvoedingsverwante faktore soos ontoereikende taalvaardigheid, gebrek aan presiese begrippestruktuur in eie taal, vreemde taal as onderrigmedium, lae onderwyspeil van ouers en gebrekkige kommunikasie tussen ouer en kind wat stremmende omgewingsfaktore kan wees. Daar is verder nog kulturele faktore ook soos die tradisiegeoriënteerde kultuur van baie Swartmense teenoor die Westerstegnologies georiënteerde kultuur.

Die meeste van hierdie faktore is feitlik onveranderlik, maar ouers kan tog leiding kry om die stremmende effek daarvan tot die minimum te probeer beperk.

(18) Plattelandse ontwikkelingsbehoeftes (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)

Wanneer 'n leerbehoefte dui op 'n heel basiese behoefte waarin ter wille van oorlewing voorsien moet word, bestaan daar op die platteland en veral by die Swart bevolking, 'n dringende behoefte aan voorligting oor sake soos verbeterde boerderyaktiwiteite, handvaardigheid, boerderyverwante tuisnywerhede en vakmanskap.

(19) Gesondheid- en welsynsbehoeftes (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)

Volksgesondheid en maatskaplike welsyn is 'n algemene behoefte van alle bevolkingsgroepe en mense van alle onderdomme. Om dit te verkry, is 'n deurlopende voorligting- en opvoedingsaksie nodig, wat wyer loop as die formele onderwysstelsel en wat 'n groot verskeidenheid van aspekte insluit:

- omgewingsgesondheid
- gesonde eetgewoontes
- moeder- en kindersorg
- gesonde leefwyse
- liggaamlike en geestesgestremdheid
- inrigting- en pleegsorg vir kinders
- beroepsveiligheid.

Die radio en televisie kan met groot sukses op beplande wyse aangewend word om die algemene liggaamlike en maatskaplike welsyn van alle mense te bevorder.

(20) Heropleiding en voortgesette opleiding (hoofsaaklik op die formele en nie-formele onderwysterreine)

In 'n wêreld van snelle verandering veral op tegnologiese gebied, sal heropleiding in die toekoms toenemend in die beroepswêreld 'n rol speel. 'n Eenmalige opleiding vir 'n bepaalde beroep sal in die toekoms nie altyd voldoende wees nie. Heropleiding en indiensopleiding

sal noodsaaklik wees, nie minder so nie weens talle beroepe wat onder andere deur die rekenaar oorbodig gemaak gaan word. OR en OTV kan die regte klimaat skep dat mense hiertoe bereid is en 'n rol speel in die opleiding van groot groepe mense.

(21) Bestuursopleiding (hoofsaaklik op die nie-formele onderwysterrein)

Om volgehoue ekonomiese groei te bewerkstellig, sal bestuursopleiding en die opleiding van toesighouers aandag moet ontvang om hierdie groei nie te rem nie. Soos sommige bevolkingsgroepe ook hulle plek inneem in die voorsiening van hoëvlakmannekrag, sal daar voortaan in meerdere mate aan die bestuursvaardighede van personeel van alle bevolkingsgroepe aandag geskenk moet word.

(22) Arbeidsverhoudinge(hoofsaaklik op die nie-formele onderwysterrein)

'n Gesonde verhouding tussen bestuur en werknemer en tussen bestuur en vakbonde is essensieel vir stabiliteit en volgehoue vordering op die arbeidsterrein. Dit sluit ook begrip in vir die akkulturasieprobleme van die Swart bevolking wat met 'n landelike agtergrond moet toetree tot die wêreld van gesofistikeerde tegnologie in die nywerhede.

(23) Tuisnywerhede (op die informele onderwysterrein)

Hierdie tipe inisiatiewe vorm deel van die informele sektor van die ekonomie. Hierdie klein entrepreneurs voorsien onmisbare dienste in die gemeenskappe waar hulle staan. Dit vorm 'n eerste toetrede tot die vryemarkstelsel. Aan die hart van die saak is die werksgeleenthede wat op hierdie wyse geskep word en die selfversorgendheid van hierdie mense. Die media soos die radio en televisie kan meehelp om aan hierdie mense bestuursvaardighede, boekhouvaardighede en vakinhoude oor te dra wat sal meehelp om die sukses van die klein ondernemer te verseker.

(24) Kommunikasie (op die informele onderwysterrein)

Die vermoë om te kommunikeer in die konteks van die gesin, die skool,

die beroep en sfeer van vryetydsbesteding kom hier ter sprake. Deurdat mense bewus gemaak word van die komponente en moontlike steurings in die kommunikasieproses kan hierdie vaardigheid geslyp word.

(25) Verdediging/Burgerlike beskerming (op die informele onderwysterrein)

Bewusmaking van die individu rakende sy plek in hierdie dienste in die samelewing kan grootliks bydra tot paraatheid van die bevolking in die aangesig van onsekerheid, krisis en geweld. Stedelike terreur en die groot aantal padongelukke vestig opnuut die aandag op die behoefte aan deelname aan burgerlike beskermingsdienste.

(26) Selfdoentegnieke (op die informele onderwysterrein)

Gesien die lewenskoste en die koste aan die diensvoorsiening is daar 'n groeiende behoefte aan selfdoen.

(27) Burgersake (op die informele onderwysterrein)

Begrip kan veral geskep word vir die burger se plek in en sy verantwoordelikhede teenoor plaaslike en sentrale gesag.

(28) Inligtingsherwinning (op die informele onderwysterrein)

Suider-Afrika het die "inligtingsera" betree waarin die rekenaar 'n belangrike rol speel. Die berging en herwinning van inligting via 'n rekenaartoetsbord sal toenemend in die toekoms figureer.

(29) Volkereverhoudings (op die informele onderwysterrein)

In 'n veelvolkige situasie soos in Suider-Afrika kan die kommunikasiemedia veel doen in gesindheidskepping en die skep van respek vir die ander se lewensbeskouing en leefwyse.

(30) Wetsprosedure (op die informele onderwysterrein)

Gedagtig aan die kompleksiteit van die reg en die koste van regsverteenwoordiging vandag bestaan daar 'n behoefte by die individu aan kennis hieroor en hoe die reg hom raak in sy alledaagse lewe.

In die aankoop van eiendom of betrokkenheid by 'n motorongeluk en die versekeringsprosedures wat in die spel kom, is daar vir die leek dikwels ondeursigtige wetsprosedures wat met behulp van die media vir die individu toegelig kan word.

(31) Hoërskool van die lug (op die formele onderwysterrein)

Onderwysvoorsiening van hierdie aard sal in 'n groot behoefte voorsien by die Swart bevolkingsgroep. Indien geen toelatingsvereistes gestel word nie, kan 'n hoërskool van die lug help met die oorbrugging van geletterdheid tot sekondêre onderwys en die verwerwing van 'n skooleind- of matrikulasiesertifikaat.

2.4 'N RASIONAAL VIR DIE GEBRUIK VAN OR EN OTV OM IN DIE GEÏDENTIFISEERDE LEERBEHOEFTES TE VOORSIEN

Ervaring opgedoen elders in die wêreld en navorsing toon aan dat benutting van 'n medium soos televisie vir opvoedkundige uitsendings 'n aantal voordele inhou. Nie alleenlik hou OTV die moontlikheid in om baie gou 'n groot aantal mense te bereik nie, maar die beste fasiliteite en onderwysers/opleiers kan benut word waar personeeltekorte op sekere vakterreine voorkom.

Schramm (1977: 170/171) wys ook op die volgende voordele wat die instel van OTV meebring:

(i) Die reikwydte van opvoedkundige televisie en die logistieke vereistes wat dit stel verg 'n verbintenis tot verandering en vergemaklik verdere veranderings in die onderwys.

(ii) 'n Medium soos televisie plaas 'n skedule op verandering. 'n Beslissing om op 'n sekere tydstip uitsendings te begin,vereis tydige kurrikulumhersiening, tydige reëlings rakende finansiering, vroegtydige professionele opleiding voordat die toerusting benut word, opleiding van onderwysers om die medium te benut en vroegtydige gereedmaking en verskaffing van klaskamergidse en ander ondersteunende materiaal.

(iii) Die dramatiese aard van televisie trek wye belangstelling en kan aan 'n wye teikengroep die simbool wees dat verandering en "modernisering" plaasvind.

(iv) Die entoesiasme rondom die benutting van televisie lei soms daartoe dat die deelnemers take onderneem wat hulle andersins huiwerig sou wees om aan te pak.

(v) Televisie trek die belangstelling van leerlinge wat die instel van opvoedkundige televisie sien as iets nuuts in 'n ou roetine.

(vi) Televisie vergemaklik die verkryging van finansiële hulpbronne van buite.

(vii) 'n Medium soos televisie kan 'n katalisator van ander veranderinge in die onderwysvoorsiening wees en die effek daarvan kan in hierdie opsig net so betekenisvol wees as die direkte leereffek.

Om hierdie voordele te beding, het die ervaring in ander lande geleer dat daar sekere aangeleenthede is wat in ag geneem moet word in die benutting van radio en televisie vir opvoedkundige uitsendings:

(i) In 'n aanvullende benutting van media tot die klasonderrig is die ideale medium dié een waaroor die onderwyser maksimaal beheer het (Schramm 1977: 194). Vaslegging van televisieprogramme op videoband, hetsy in die skool self of deur die uitsaai-instansie wat hierdie diens voorsien, bring soepelheid in die aanwending van programme en los skeduleringsprobleme in die onderwys self op.

(ii) Benutting van die radio en televisie vereis koördinering van alle aspekte van onderwysvoorsiening, vanaf kurrikulering deur produksiefasiliteite tot by benutting in die bedryf, skool of tuis. Gekoördineerde onderwysvoorsiening op die formele, nie-formele en informele onderwysvlakke se kostefaktor is veel gunstiger as stukwerkprogramme.

(iii) Die uitsaaimedia moet gelyke en eenvormige standaarde van onderwysvoorsiening vir alle bevolkingsgroepe in die hand werk.

(iv) Beskikbare opleidingsmannekrag moet met die reikwydte van radio en televisie effektief en maksimaal benut word.

(v) Die uitsaaimedia moet die pas van verandering bevorder - nuwe idees en kurrikulums kan snel in die onderwys ingedra word.

(vi) Televisie is deel van die moderne tegnologie en geniet as sodanig die aandag van 'n groot aantal mense. Massamedia van hierdie aard het hierdie soort opeisende karakter wat eie aan hulle is.

(vii) Teleklubs is noodsaaklik in die aanwending van die media in 'n totale strategie van nasionale ontwikkeling. Luistergroepe rondom radio-uitsendings bevorder die opvoedkundige waarde van 'n program wanneer die program die tema van 'n groepbespreking is. In Indië is daar gevolglik besluit om teleklubs te vorm vir die doeleindes van die projek in volwasseneonderrig. Landelike radioforums en teleklubs toon dat bespreking in georganiseerde luister- of kykgroepe 'n gevoel van deelname onder die mense bevorder en tot beter resultate lei.

(viii) Ervaring opgedoen deur UNESCO toon dat 'n uitsaai-organisasie nie in isolasie moet optree om die uitsendings doeltreffend te laat wees nie. 'n Totale samewerkingsnetwerk van alle kundiges behoort saamgestel te word vir die produksie van programme. Die benutting van radio en televisie as hulpbronne in die onderwys vereis dat die uitsaaimedia gesien word as 'n integrerende deel van die onderwysbeplanning en -administrasie op elke vlak. Benutting van die radio en televisie in die onderrig behoort deel uit te maak van onderwysersopleiding en die indiensopleiding van onderwysers. Onderwysers kan grootskaals deur radio- en televisieprogramme opgelei word, asook heropgelei word - die kwaliteit van onderrig sal verbeter en 'n groter deel van die gemeenskap bereik word.

(ix) Om die sukses van opvoedkundige uitsendings te verseker, het die ervaring elders geleer dat voldoende en betroubare ontvangs verseker moet word. 'n Tweede aspek wat baie belangrik is, is dat programproduksie van 'n hoë kwaliteit moet wees. Daar moet genoegsame samewerking wees tussen die uitsaaikorporasie en die plaaslike onderwysdepartemente asook ander opleidingsinstansies om werklik doeltreffende onderwysprogramme daar te stel.

(x) Die verhouding tussen die onderwysowerhede en uitsaaikorporasie moet duidelik uitgestippel word voordat so 'n opvoedkundige diens ingestel word.

(xi) Transmissie- en ontvangsfasiliteite moet sodanig wees dat minstens 75 % van die skole of inrigtings wat geraak word goeie ontvangs kry.

(xii) Voldoende fondse en ander hulpbronne moet beskikbaar wees om te verseker dat die potensialiteite van die medium, hetsy radio of televisie, ten volle benut word.

(xiii) Die benutting van televisie is doeltreffender wanneer eiesoortige konsepte en onderwyspraktyke vir die medium geskep word. Dit is 'n verkwisting van geld en tyd om bloot bestaande lesse te dupliseer. Die heel beste benutting van die medium is die skep van inrigtings soos 'n universiteit van die lug, 'n technikon van die lug of sekondêre skool van die lug. Ervaring elders het getoon dat die teikengroepe van hierdie soort uitsendings net groei. Op verskeie vlakke in die samelewing is daar 'n behoefte aan meer kennis, gestimuleer deur ontwikkeling op tegniese en wetenskaplike gebied.

2.5 SAMEVATTING

(i) Onderwysvoorsiening in Suider-Afrika word gekompliseer deur die feit dat die onderwysbehoeftes van die verskillende bevolkingsgroepe divergeer. Sommige leerbehoeftes is kenmerkend van die Eerste Wêreld (die ontwikkelde nywerheidslande) en ander kenmerkend van die Derde Wêreld (die ontwikkelende lande).

(ii) 'n Gedifferensieerde benadering tot leerbehoeftes van die bevolkingsgroepe in Suider-Afrika is van meet af aan 'n vereiste.

(iii) Leerbehoeftes moet gesien word binne die konteks van die opvoeding as geheel. Onder opvoeding word verstaan "die begeleidingshulp van 'n volwassene as opvoeder aan 'n volwassenewordende as opvoedeling ter wille van die volwassewording van laasgenoemde met die verwagting dat meegang sal heenlei na volwassenheid" (Van Zyl 1975: 122,146). Ook wat leerbehoeftes betref, is dit gepas om te dink aan die feit dat ook die volwassene maar steeds wordende volwassene is (Van Zyl 1975: 122). Dit impliseer dat daar steeds nuwe leerbehoeftes by die mens sal ontstaan.

(iv) Sentraal tot die konsep "basiese onderwys" is die gedagte dat die onderwysvoorsiening moet aansluit by die leerbehoefte van die leerder; dit moet leerdergesentreerd wees. In hierdie konseptuele raamwerk lê verskeie elemente opgesluit (Sachsenmeier 1977: 74/75; Sachsenmeier 1978: 161):

- gemeenskapsoriëntering van die onderwys;
- integrasie van formele, nie-formele en informele leer wat deel vorm van 'n lewenslange leerproses;

- noodsaaklikheid vir leerders om praktiese vaardighede te bekom - die benadering is dus baie funksioneel;
- verskeie teikengroepe is betrokke, en
- oorbrugging van die vakoriëntering van tradisionele sillabusse en kurrikulums.

(v) Die leerbehoeftebenadering het 'n aantal implikasies vir kurrikulering:

- kurrikulumbeplanners moet konsentreer op leerbehoeftes;
- 'n kurrikulumontwikkeling moet geïntegreer word sodat onderwysvoorsiening op die formele, nie-formele en informele onderwysvlakke kan verloop;
- 'n lewenslange en lewensbreë strategie en struktuur van onderwysvoorsiening moet ontwikkel word met inagneming van die proses om leerbehoeftes te identifiseer, die beheer van die kurrikulum en sy evaluering op die nasionale, regionale en plaaslike vlakke en die toekenning van verantwoordelikhede en beperkings op elke vlak;
- daar is 'n behoefte om 'n nuwe benadering in die opleiding van onderwysers in te sluit en die definisie van die rol en funksie van die onderwyser moet aangepas word;
- beplanning van onderriginhoude van die onderwys asook die metodes gebruik in die onderrigleerproses moet 'n aantal alternatiewe patrone akkommodeer, en
- eksamensisteme vir die formele onderwys moet die geïdentifiseerde leerbehoeftes weerspieël.

(vi) Basiese onderwys is veral aktueel in die konteks van die Derde Wêreld waar die bied van 'n minimum onderwys 'n noodsaaklike voorwaarde is vir die effektiewe deelname van die massas aan die produktiewe lewe in die samelewing.

(vii) Die ondersteunende rol wat onderwys in ontwikkeling moet speel, word meer en meer besef. As onderwys gebaseer kan word op goed gedefinieerde leerbehoeftes, is die kanse goed dat dit doeltreffender sal wees.

(viii) Daar sal volstaan word met die volgende omskrywing van leerbehoeftes:

'n Leerbehoefte verteenwoordig die <u>kennis, gesindhede en vaardighede</u> wat 'n individu nodig het om toereikend aan die lewe van 'n bepaalde samelewing deel te neem. Weens die pas van verandering in die samelewing is

leerbehoeftes dinamies van aard deurdat daar kontinu nuwe leerbehoeftes ontstaan waaraan voldoen moet word. Leerbehoeftes toon ook 'n gedifferensieërde karakter, enersyds is hulle die produk van plaaslike omstandighede en spesifieke teikengroepe, andersyds is hulle vir sekere groepe basies noodsaaklik, vir ander plaasvervangend of aanvullend tot die formele onderwys en vir ander teikengroepe bloot verrykend van aard.

(ix) Binne een samelewing sal daar leerbehoeftes onderskei kan word wat op die makro-, meso- en mikrovlak lê. Vir die doeleindes van Suider-Afrika sal dit gepas wees om leerbehoeftes op die makrovlak te sien as leerbehoeftes waarin daar globaal voorsien kan word. Die mesovlak-leerbehoeftes behoort binne regionale konteks gesien te word en die mikrovlakleerbehoeftes as dié van 'n plaaslike gemeenskap of 'n plaaslike groep skole of verwante nywerhede/opleidingsvelde.

(x) Daar behoort aan leerbehoeftes gedink te word in terme van 'n kontinuum wat vanaf die universele, as een pool, deurloop tot by die partikuliere as ander pool. Met universele leerbehoeftes word bedoel dat die leerder 'n intellektuele, vaardigheids-, waarde- en geloofsgreep op die werklikheid sal hê. Basiese leerbehoeftes sluit in (Müller 1981: 34/35):

- basiese vermoë in lees, skryf en reken;
- basiese kennis van fundamentele wetenskaplike konsepte vir 'n basiese begrip van higiëne, gesondheid, voeding, grondbewerking, veeteelt en ekonomie;
- praktiese kennis en vaardighede om 'n bestaan te maak en gesin en huishouding te onderhou;
- die vermoë om aan die gemeenskapslewe deel te neem en om 'n begrip te hê van die aard van die samelewing, byvoorbeeld sy geskiedenis en selfkonsep, die pligte en funksies van regering en administrasie, belasting, sosiale sekuriteit, koöperasies en selfhelpbewegings, en
- ontwikkeling van 'n selfkonsep by die individu om krities te dink en om hom aan te moedig om sy eie wêreld te vorm en om aktief deel te neem aan die ontwikkelingsproses.

Partikuliere leerbehoeftes is meer gedifferensieerd in terme van leerbehoeftes en gebied. Dit kan leerbehoeftes wees wat te doen het met stokperdjies en belangstellings en wat vakinhoude betref, kan dit dinge insluit soos omgewingsleer.

(xi) Dikwels is dit so dat 'n spesifieke teikengroep nie bewus is dat hy mank gaan aan kennis wat in die toekoms nodig gaan wees nie. Dit kan ontstaan weens die snelle tegnologiese vordering of bloot omdat iets buite die ervarings- en denkveld lê. Konteksskepping vir leerbehoeftes is dus dikwels noodsaaklik.

(xii) Enige onderwysvoorsiening gebaseer op leerbehoeftes kan nie net van die makro- na die mikrovlak funksioneer nie. Terugvoer van die plaaslike vlak moet behou word en leerbehoeftes op hierdie vlak moet van die begin af oorweeg word. Onder die invloed van die tegnologie is die pas van verandering snel. Leerbehoeftes wissel dus baie vinnig deurdat hulle 'n klemverskuiwing kan ondergaan of deurdat nuwe leerbehoeftes ontstaan. Gevolglik moet dit beklemtoon word dat die leerbehoeftes wat geïdentifiseer is in hierdie tussentydse verslag, die leerbehoeftes is wat tans bestaan. Dit kan in 'n kort tydjie verander, dus is terugvoer en opvolgwerk essensieel as die onderwysvoorsiening nie anachronisties gaan wees nie.

(xiii) In die aanbieding van opvoedkundige programme vir die radio en televisie word daar in die beslissings oor leerbehoeftes en inhoude wesenlik gekurrikuleer. Die volgende beplannings-, terugvoer- en evalueringsiklus met kriterium- en diagnostiese eienskappe word aanbeveel:



(xiv) Geïdentifiseerde leerbehoeftes binne die Suider-Afrikaanse konteks:

In sowel opvoedkundige navorsing as in gesprekke met opvoedkundiges, sake- en gemeenskapsleiers is daar oor die afgelope jare talle leerbehoeftes geïdentifiseer, waarvan sommige uit die aard van die saak dringender as ander is. Leerbehoeftes is nie in prioriteitsvolgorde gerangskik nie en die voorsieningsterrein waarop dit val, is bloot 'n eerste aanduiding:

. Tegniese geletterdheid (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)

- Gesindsheidsverandering ten opsigte van tegniese beroepe (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein maar met 'n formele keerkant)
- Rekenaarbewustheid en -geletterdheid (het 'n informele, nie-formele en formele keerkant)
- Onderwysersopleiding (hoofsaaklik op die formele onderwysterrein)
- Opleiding van opleiers (op die nie-formele onderwysterrein)
- Skoolvoorligting en beroepsvoorligting (hoofsaaklik op die formele onderwysterrein, met 'n nie-formele en informele onderwyskeerkant)
- Leerbehoeftes binne formele onderwysverband
- Sosiale verantwoordelikheid en gemeenskapsbetrokkenheid (gesindheidsvorming kan op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine verloop)
- Ekonomiese verantwoordelikheid (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)
- Leerbehoeftes van die begaafde en die gestremde leerlinge (hoofsaaklik op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine)
- Padveiligheid (hoofsaaklik op die informele en formele onderwysterrein met 'n moontlike nie-formele keerkant)
- Vryemarkstelsel (op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine)
- Ontwikkeling van divergente (laterale, kreatiewe) denke (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein met 'n formele onderwyskeerkant)
- Taal (op die formele, nie-formele en informele onderwysterreine)
- Skoolgereedheid (hoofsaaklik op die informele en formele onderwysterreine)
- Algemene geletterdheid (hoofsaaklik op die informele en nie-formele onderwysterreine)
- Oueropleiding (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)
- Plattelandse ontwikkelingsbehoeftes (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)
- Gesondheid- en welsynsbehoeftes (hoofsaaklik op die informele onderwysterrein)

- Heropleiding en voortgesette opleiding (hoofsaaklik op die formele en nie-formele onderwysterreine)
- Bestuursopleiding (hoofsaaklik op die nie-formele onderwysterrein)
- Arbeidsverhoudinge (hoofsaaklik op die nie-formele onderwysterrein)
- Tuisnywerhede (op die informele onderwysterrein)
- Kommunikasie (op die informele onderwysterrein)
- Verdediging/Burgerlike beskerming (op die informele onderwysterrein)
- Selfdoentegnieke (op die informele onderwysterrein)
- Burgersake (op die informele onderwysterrein)
- Inligtingsherwinning (op die informele onderwysterrein)
- Volkereverhoudings (op die informele onderwysterrein)
- Wetsprosedure (op die informele onderwysterrein)
- Hoërskool van die lug (op die formele onderwysterrein)

(xv) Uit 'n rasionaal vir die gebruik van OR en OTV om in die geïdentifiseerde leerbehoeftes te voorsien, blyk dat die instelling van OTV 'n aantal voordele inhou:

- 'n groot aantal mense kan in 'n kort tyd bereik word;
- die beste fasiliteite en onderwysers/opleiers kan benut word waar personeeltekorte op sekere vakterreine voorkom;
- instelling van OTV verg 'n verbintenis tot verandering;
- 'n medium soos televisie, plaas 'n skedule op verandering;
- die dramatiese aard van televisie trek wye belangstelling;
- entoesiasme rondom televisie stimuleer inisiatief en ondernemingsgees;
- leerlinge ervaar OTV as iets nuuts in 'n ou roetine;
- televisie vergemaklik die verkryging van finansiële hulpbronne van buite en
- 'n medium soos televisie kan 'n katalisator van ander veranderinge in die onderwysvoorsiening wees.

Om hierdie voordele te beding, moet sekere aangeleenthede in ag geneem word in die benutting van die radio en televisie vir opvoedkundige uitsendings:

- in 'n aanvullende benutting van media tot die klaskameronderrig is die ideale medium dié een waaroor die onderwyser maksimaal beheer het. 'n Behoefte sal dus ontstaan aan vaslegging van programme op videoband/videokasset;
- benutting van die radio en televisie vereis koördinering van alle aspekte van onderwysvoorsiening (kurrikulering, produksiefasiliteite en benutting in die skool of tuis);
- benutting van uitsaaimedia behoort gelyke en eenvormige standaarde van onderwysvoorsiening vir alle bevolkingsgroepe in die hand te werk;
- met die reikwydte van die radio en televisie kan beskikbare opleidingsmannekrag maksimaal benut word;
- nuwe idees en kurrikulums kan met behulp van die uitsaaimedia snel in die onderwys ingedra word;
- televisie is deel van die moderne tegnologie en geniet die aandag van 'n groot aantal mense;
- teleklubs is noodsaaklik in die aanwending van media in 'n totale strategie van nasionale ontwikkeling;
- ervaring opgedoen deur UNESCO toon dat 'n uitsaaiorganisasie nie in isolasie moet optree nie, om die uitsendings doeltreffend te laat wees nie;
- om die sukses van opvoedkundige uitsendings te verseker, het die ervaring elders geleer dat voldoende en betroubare ontvangs verseker moet word. Programproduksie moet van 'n hoë kwaliteit wees;
- die verhouding tussen die onderwysowerhede en uitsaaikorporasie moet duidelik uitgestippel word voordat 'n opvoedkundige diens ingestel word;
- fondse en hulpbronne moet sodanig wees dat die potensialiteite van die radio en televisie ten volle benut word, en
- benutting van televisie is doeltreffender wanneer eiesoortige konsepte en onderwyspraktyke vir die medium geskep word.

HOOFSTUK 3

DIE BENUTTING VAN DIE RADIO EN TELEVISIE VIR ONDERWYSDOELEINDES IN ENKELE LANDE

3.1 INLEIDING

Elders ter wêreld - en dit geld vir sowel die ontwikkelde as ontwikkelende lande - word die radio en televisie reeds geruime tyd vir die uitsending van opvoedkundige programme ingespan.

Sodanige projekte strek vanaf informele programme wat daarop gerig is om die luisteraar of kyker oor die algemeen te verryk tot formele en nie-formele programme wat ten doel het om:

(i) die skoolgaande jeug in hul normale leersituasie in skoolverband by te staan;

(ii) onderwysers in diens op te lei om hul onderwystaak doeltreffender te kan vervul;

(iii) diegene buite skoolverband by te staan om deur korrespondensie skooleindkwalifikasies te behaal;

(iv) werkers in die bedryf op die hoogte van nuwe tendense in hul besondere werksgebiede te hou;

(v) op tersiêre of gevorderde tegniese vlak deur projekte soos Universiteit van die Lug luisteraars en/of kykers in staat te stel om verdere kwalifikasies op deeltydse basis te behaal.

Vervolgens word die situasie met betrekking tot opvoedkundige radio en televisie in sekere lande van die wêreld van nader beskou.

Vanselfsprekend is dit nie moontlik om alle situasies waar hierdie media in die onderwys en opleiding ingespan word, in te sluit nie. Die kriteria wat aangelê is vir die insluiting van die lande wat wel ter sprake kom, is onder meer die volgende:

(i) Veral met betrekking tot die ontwikkelde lande, maar ook in die geval van ontwikkelende gebiede, was dit belangrik dat die media alreeds

geruime tyd in 'n land aangewend moes wees vir opvoedkundige doeleindes, ten einde die waarde daarvan in sodanige rol oor 'n relatief lang tydperk te kan evalueer.

(ii) Voorbeelde uit sowel die Eerste as die Derde Wêreld moes geneem word, aangesien die eise wat aan die plaaslike situasie gestel word in die moontlike aanwending van die media, Eerste sowel as Derde Wêreld van aard sal wees.

(iii) Projekte wat voorbeelde van sowel formele as nie-formele en informele situasies sou gee, moes betrek word ten einde so 'n volledig moontlike beeld van die situasie elders te verseker.

3.2 OPVOEDKUNDIGE UITSENDINGS IN ENKELE LANDE VAN DIE WÊRELD

3.2.1 Brittanje

(1) Algemeen

"Education has been part of broadcasting in the United Kingdom ever since 1922 when the British Broadcasting Company was formed" (BBC 1980/81: 1).

In Engeland is die BBC, maar ook die Independent Broadcasting Association, besonder aktief op die terrein van die formele, informele en nie-formele onderwys.

(2) Formele onderwys

In Brittanje word skooluitsendings deur middel van die radio sowel as televisie onderneem. Wat die radio betref, word veral aandag gegee aan programme soos musiek, drama, Engels, moderne tale, godsdiensonderrig, geskiedenis, aardrykskunde, wetenskap en beroepsvoorligting.

In die geval van televisie word hoofsaaklik gekonsentreer op daardie areas waaroor "nasionale kommer" uitgespreek is en waar televisie die beste bydrae kan maak. Vakke soos Engels, Algemene Taalkunde, Letterkunde en Wiskunde geniet hier aandag, terwyl Wetenskap en Beroepsvoorligting in die besonder beklemtoon word.

089140

Wat die radio betref, het skooluitsendings sowel as ander onderwysuitsendings, reeds in 1924 'n aanvang geneem. Uitsendings vir volwasseneonderrig het egter gedurende die dertigerjare doodgeloop en eers weer in 1954 'n deel van die radio-uitsendings begin uitmaak.

Televisie het in 1952 met formele uitsendings vir skole begin, terwyl uitsendings vir volwassenes in 1963 van stapel gestuur is. Die Open-University-projek is in 1969 bygevoeg.

Skooltelevisie dek die meeste vakgebiede van die kurrikulum. Die klem val egter hoofsaaklik op daardie vakgebiede waaroor op nasionale vlak kommer bestaan en waar gevoel word televisie sy beste bydrae kan lewer. Sodoende het Engelse Taal-, letterkunde- en geletterdheidsprogramme gedurende 1980/81 sowat 25 % van die totale lugtyd vir skooltelevisie in beslag geneem. Ongeveer dieselfde hoeveelheid lugtyd is aan wiskunde-programme gewy.

Televisie is volgens die BBC (1980/81: 4) veral ook bruikbaar in vakgebiede soos aardrykskunde, omgewingsleer en Europese studie asook in die moderne tale. Al hierdie programreekse word gerugsteun deur ondersteunende publikasies gerig tot sowel die onderwyser as die leerling. Die uitsending van skooltelevisieprogramme geskied daagliks van 09 h 00 tot 12 h 30 en ook van 14 h 00 tot 15 h 00 gedurende die skooltermyne.

Skoolradioprogramreekse sluit veral vakgebiede soos musiek, drama, Engels, moderne tale, godsdiens, geskiedenis, aardrykskunde, wetenskap en beroepsvoorligting in. Die tydsduur van 'n program is selde langer as 15 tot 20 minute en sluit programformate soos drama, dokumentêr, groepsbesprekings en aktualiteitsonderhoude in. Daar is dikwels oorvleueling tussen skooltelevisie en -radio omdat die media komplementêr aangewend word.

Voorts word skoolradio deurgaans met pamflette en multimediapakkette aangevul. Die BBC (1980/81: 5) sê onder meer die volgende in hierdie verband: "Filmstrips are essential for the radiovision programmes. These are designed to be tape-recorded by the schools and used in

conjunction with the filmstrips to form a presentation in sound and vision. It has become the practice to include one radiovision programme per term in history, geography, and science series".

Skoolradioprogramme word oor Radio 4 BHF daagliks gedurende die skooltermyn van 09 h 00 tot 10 h 30, 11 h 00 tot 12 h 00 en 14 h 00 tot 15 h 00 uitgesaai.

Die "Open University (OU)" is 'n spesiaal ontwikkelde, akademies outonome, nasionale universiteit in Groot-Brittanje en Noord-Ierland. Die universiteit is in die lewe geroep om hoofsaaklik aan volwassenes in hulle eie tyd, in hulle eie huise opleiding te verskaf vir die behaling van 'n graad, of om nagraadse studie voort te sit.

Die "OU" beskik oor voltydse personeel, 'n eie sentrale kampus te Milton Keynes, 'n eie Raad en Senaat en het in Julie 1969 dieselfde akademiese status as enige ander universiteit in Brittanje verkry. Sedert die eerste akademiese jaar in 1971 het meer as 50 000 studente aldaar gegradueer en in 1982 was die aantal ingeskrewe studente omtrent 90 000.

Die kursusse word binne ses fakulteite aangebied, te wete die kunste, opvoedkundige studies, sosiale wetenskappe, algemene wetenskap, tegnologie en wiskunde.

Elke kursus word opgestel deur 'n kursusgroep wat uit akademiese personeel bestaan (gewoonlik uit meer as een fakulteit), uit BBC-vervaardigers, 'n verteenwoordiger van die universiteit se instituut vir onderwystegnologie en verskillende redakteurs en hulle assistente wat skakeling het met die universiteit se publikasie- en media-afdelings, aangesien die universiteit die meeste rugsteunende materiaal self publiseer. Die kursusgroep aanvaar algehele verantwoordelikheid vir die opstel van 'n volledige kursus. Die universiteit se instituut vir onderwystegnologie is verantwoordelik vir die uitleg van die kursus sowel as toetsing van kursusmateriaal voor publikasie en die evaluasie van kursusse. Die oudiovisuele medianavorsingsgroep voer ook navorsingsprojekte uit oor die oudio- en video-komponente van kursusse.

Die BBC-produksiesentrum, verskaf op grond van 'n ooreenkoms tussen die BBC en die OU, video- en oudiokomponente vir die multimedia-kursusse van die universiteit.

Die OU behou die kopiereg voor vir alle kursusmateriaal insluitende video-, oudio- en filmkomponente van kursusse. Studente mag wel vir studiedoeleindes die materiaal dupliseer, maar vir alle ander duplisering vereis die universiteit lisensiëring asook die betaling van kopieregfooie.

Die universiteit gee ook 'n tydskrif, Open Line, uit waarin sake van algemene belang tussen die universiteit en die BBC bespreek word. Die teikengroep vir hierdie publikasie is hoofsaaklik oorsese opvoed-kundiges wat graag tred wil hou met die akademiese sowel as die uitsaai-aksies van die OU.

Die sentrum huisves ongeveer 400 voltydse personeel van die BBC (naamlik produksie-personeel, ingenieurs en personeel wat verant-woordelik is vir televisieontwerp, grafiese ontwerp en film). Daar word elke jaar 250 TV-programme en videokassette vervaardig, asook 400 radioprogramme en klankkassette.

Al die programvervaardigers is ook vakspesialiste wat vertroud is met die opvoedkundige oogmerke van die universiteitskursusse.

Om baie nou saam met die universiteit te werk, beskik die 55 regis-seurs oor professionele vaardighede as uitsaaiers en is ook akademies onderlê as wetenskaplikes, opvoedkundiges en baie van die regisseurs het doseerervaring aan universiteite opgedoen.

Die regisseurs verbonde aan die OU se produksiesentrum konsentreer op oudio- en video-komponente in die programme aangesien hierdie twee aspekte gewoonlik aanvullend kan optree.

Die programme word op die BBC se TV-kanale uitgesaai en op die BBC se Radio 3 en 4 VHF (volgens die ooreenkomste tussen die BBC en die OU). Kassette word saam met ander studiemateriaal direk

aan studente deur die universiteit gestuur, of word aan studente deur 'n videoteekskema geleen.

Die OU vervaardig jaarliks 130 voorgraadse kursusse en 40 kursusse vir voortgesette opleiding. Die studiemateriaal vir hierdie kursusse sluit ook oudio- en videokomponente in. Die kursusse word gewoonlik vir ± 8 jaar aaneenlopend jaarliks heruitgesaai, waarna die programme aangepas word by veranderde feite, of heeltemal vervang word.

Geskrewe tekste vorm die belangrikste gedeelte van die meeste kursusse en om 'n maksimum opvoedkundige effek te verkry, word die oudio- en videokomponente in die kursusbeplanning geïntegreer. Die beplanning vir kursusse neem twee jaar in beslag en gedurende hierdie periode is daar 'n baie noue samewerking tussen die BBC-produksiesentrumspanne en die OU se kursusgroepe om die verskillende komponente te beplan.

Televisie dra tot die leerproses by deur die visuele, byvoorbeeld instruksie en demonstrasie, gevallestudies en beskrywing, ensovoorts. Die OU se programme het verskillende uitgangspunte - ook in een kursus. Die wetenskapfakulteit maak gewoonlik gebruik van TV vir noodsaaklike demonstrasies in die praktiese deel van die kursus. Wiskundekursusse konsentreer weer op animasie, grafiese materiaal en visuele effekte wat wiskundige begrippe illustreer.

Die TV-programme word so opgestel dat dit byvoorbeeld die hele teks illustreer, of net sekere belangrike aspekte in diepte toelig. In studiegidse word studente toegelig oor hoe om die TV-program sinvol te gebruik. Die studente word ook toegelig oor enige voorbereidingsaktiwiteite of nasorgwerk wat by die betrokke TV-program mag aansluit. Studente vind die hantering van die studiemateriaal in videokassetvorm meer prakties as om bloot net na 'n TV-program te kyk, want die kasset kan gestop en teruggespeel word, wanneer daar onduidelikheid vir die student is . Die verspreiding van videokassette word veral gebruik vir kursusse waar die studentetal baie min is. Sodoende word die lugtyd afgestaan aan vakke waar meer kykers (studente) betrek kan word.

Die gebruik van oudiokassette word ook as 'n waardevolle studiemetode beskou. Nie alleen kan vakke soos Musiek, Drama en Digkuns so toegelig word nie, maar besprekingsgroepe en praktiese advies oor tuiseksperimente word op hierdie manier binne die bereik van die studente gebring. Die koste-aspek van 'n gewone bandspeler, maak die studiemateriaal natuurlik goedkoper vir die student.

Die opvoedkundige vennootskap tussen die OU en die BBC word soos volg deur die BBC (1982: 5) opgesom:

"The two national bodies, both working under Royal Charter, one an independent teaching and degree-awarding university, the other a public broadcasting service, are the partners who together have pioneered a system of higher education for adults."

Hierdie vennootskap het 'n vorm van tersiêre onderwys tot gevolg wat uit 4 fasette bestaan:

(i) die stelselmatige bestudering van korrespondensieteksmateriaal en voorgeskrewe werke:

(ii) die gereelde inskakeling op televisie- en radioprogramme asook die kyk en luister na oudiovisuele hulpmateriaal;

(iii) kontak vir die oplos van individuele probleme tussen studente en dosente asook raadgewers, wat individueel of deur somerskole vir groepsamesprekings kan plaasvind;

(iv) geskrewe werkstukke en die jaarlikse aflê van geskrewe eksamens, selfevalueringstoetse, praktiese werk deur middel van spesiale snelle studie-apparaat vir gebruik tuis, gebruik van die universiteit se nasionale inligtingsnetwerk op rekenaars en ander vorme van praktiese projekwerk.

'n Formele ooreenkoms tussen die OU en die BBC bepaal dat die BBC produksiepersoneel en uitsaaihulpdienste sal lewer. Met die bystand van die universiteit se personeel sal kundiges van die BBC, wat vir die doel van die opvoedkundige aksie eerstens akademici en tweedens uitsaaiers is, in oorleg met die akademiese personeel van die OU, die uitsaai- en oudiovisuele materiaal van die kursusse vervaardig.

Die BBC sal die programme, waar van toepassing, op ooreengekome tye uitsaai.

Vir die nakoming van sy deel van die ooreenkoms het die BBC binne sy uitsaai-opset 'n "spieëlafdruk" van die OU se akademiese opset geskep. So is 'n departement sielkunde binne die BBC verantwoordelik vir die produksie van sielkunde-programme, 'n departement chemie vir die produksie van chemie-programme ensovoorts, en wel in oorleg met sy akademiese eweknie in die OU self. Finale produksie-besluite berus egter by die BBC self.

(3) Nie-formele onderwys

Op dié terrein van die nie-formele onderwys gee die BBC se Afdeling Volwasseneonderrig besondere aandag aan veral die volgende kategorieë:

(i) Geletterdheidsonderrig
(ii) Vreemde tale, byvoorbeeld Japannees, Duits, Frans, Spaans en Italiaans
(iii) Die wêreld van werk
(iv) Beroepsopleiding en indiensopleiding
(v) Programme vir onderwysers
(vi) Programme vir die 16- 19-jariges in kolleges
(vii) Reekse oor gestremdes en persone wat met hulle saamleef en saamwerk
(viii) Programme in en om die huis
(ix) Stokperdjies en praktiese handvaardighede
(x) Die begrip vir verskillende sportsoorte en vaardighede wat by elke sportsoort hoort

(xi) Oueropvoeding
(xii) Begrip vir 'n wyer wêreld insluitende die kunste
(xiii) Wetenskap en tegnologie
(xiv) Geskiedenis en sake van openbare belang
(xv) Mediastudie
(xvi) Sosiale aksieprogramme

'n Verdere ontwikkeling is twee mikrorekenaarkursusse wat deur die OU ontwikkel is en as teikengroep persone in beleidmakende posisies van maatskappye het, asook persone soos ingenieurs, ensovoorts, wat verantwoordelik is vir ontwikkeling en ontwerp. Die eerste kursus is "Microprocessors and product development: a course for industry" en die tweede "Microprocessors and product design: a course for engineers". Hierdie kursusse is nou vir ongeveer twee jaar op die mark en daar word bereken dat daar ongeveer 5 000 kursusse verkoop is en soveel as 20 000 persone in bestuursposte 'n nuwe insig in 'n nuwe tegnologie bekom het. Die OU se metodes voorsien dus ook in die behoefte om voortgesette professionele opleiding op 'n gevorderde vlak en op nie-formele wyse te verskaf.

In die programme van die BBC oor rekenaargeletterdheid het daar 'n behoefte ontstaan aan apparatuur en aan geskikte publikasies om die programme aan te vul. Dit het daartoe gelei dat die BBC 'n eie mikrorekenaar laat ontwikkel het wat in 'n groot mate bygedra het tot die standaardisering van apparatuur in Brittanje terwyl die publikasies wat rondom die projek ontstaan het, tans die BBC se beste verkope verteenwoordig.

(4) Informele onderwys

Informele projekte het hoofsaaklik betrekking op programme oor die nasionale welstand en algemene sake van belang vir volwassenes.

(5) Lugtyd

Die BBC ken enersyds aan opvoedkundige programme sogenaamde beskermde tydgleuwe (protected time slots) toe, wat hoofsaaklik in die dag of laataand gereël word; andersyds kan sekere opvoedkundige

programme op grond van kwaliteit deur die BBC se vermaaklikheidsdienste gedurende hul normale uitsendings geskeduleer word, wat dan ook dikwels gebeur. So is opvoedkundige programme al op dié wyse gedurende die beste luistertyd geskeduleer. In sodanige gevalle kom die produksiekoste vir die betrokke program oorwegend uit die begroting van die vermaaklikheidsdienste al vervaardig die opvoedkundige afdeling die program.

Gedurende April 1979 tot Maart 1980 het die BBC die volgende totale aantal uitsendingsure aan die aangeduide opvoedkundige programkategorieë gewy:

Skoolradio	:	774
Skooltelevisie	:	518
"Continuing education": Radio	:	320
"Continuing education": TV	:	426

Wat OU-uitsendings betref, is gedurende die 1980- akademiese jaar 828 radio-ure, en 1 152 televisie-ure se programmateriaal uitgesaai.

Die normale lengte van elke program is 25 minute en gedurende 'n akademiese jaar word daar 1 100 en 1 200 uur oor BBC1- en BBC2-kanale uitgesaai. (Hierdie hoeveelheid verteenwoordig 12 % van al die programme wat oor hierdie senders uitgesaai word). Omdat OU-studente bedags gewoonlik 'n beroep beoefen, word die programme vroeg soggens, sowel as laat saans, van Maandag tot Vrydag uitgesaai. Op Saterdag en Sondag word die programme vroeg soggens en vroeg smiddae uitgesaai.

Daar word jaarliks tussen die BBC en die universiteit ooreengekom oor die hoeveelheid uitsaai-ure. Die aanvanklike aantal ure waarmee in 1971 begin is, naamlik 4 uur per week, is tot 37 uur per week in 1982 verhoog. Die radioprogramme word oor BHF Radio 3 en 4, vroeg soggens en laat saans uitgesaai. Aanvanklik is daar 30 uur per week oor die radio uitgesaai, maar as gevolg van toenemende oudiokassetverspreiding, word daar tans slegs 20 uur per week aan radiouitsendings gewy.

Voorts bestaan daar in Engeland die IBA (Independent Broadcasting Authority) wat ook groot klem lê op opvoedkundige uitsendings in samewerking met die BBC.

Van die uiterste belang is dat in November 1982 'n "Channel Four" begin is, wat 10 uur per week opvoedkundige programme uitsaai.

3.2.2 Duitsland

(1) Algemeen

Duitsland met sy 11 provinsies word deur verskeie van sy plaaslike omroepe met opvoedkundige programme bedien.

Opvallend by die Bayerischer Rundfunk is dat programkategorieë oor die hele spektrum van die uitsaaibedryf verdeel word tussen programtipes waarvoor die opvoedkundige diens verantwoordelik is, aan die een kant, en programtipes wat die verantwoordelikheid van die vermaaklikheidsdiens is, aan die ander kant. Nuus en inligting vorm 'n derde been. Waar die kommersiële diens van Bayerischer Rundfunk dan vermaak, inlig en opvoed, is dit die opvoedkundige diens se taak om op te voed en in te lig, en waar nodig, dit op vermaaklike wyse te doen. So is programkategorieë soos gesinsprogramme en vervolgverhale, natuurwetenskaplike en kultuur-programme, ensovoorts, in die Beierse-situasie by die opvoedkundige diens geplaas en binne die raamwerk van hierdie programtipes word informeel en nie-formeel opgevoed en verryk. Hiertoe word die formele been van opvoedkundige uitsendings in die vorm van skooltelevisie- en skoolradioprogramme gevoeg, asook die baie interessante Telekolleg-projek.

(2) Formele onderwys

Skoolradioprogramme word in samewerking met 'n adviesraad van onderwysers opgestel en so ver soos drie jaar vooruit beplan. Volwassene-onderrig vind plaas by die Volkshochschule vir professionele lui waar die TV en radio wel gebruik word maar op 'n beperkte skaal. Die Funkkolleg, bied spesiale kursusse vir jaartydperke aan. Die uitsaaityd vir kinderprogramme is 12 uur per week en skoolradio saai 5 uur per week uit.

Opvoedkundige programme word voorts ook deur Westdeutscher Rundfunk, asook SÜdfunk uitgesaai.

Opvoedkundige programme van die Beierse Telekolleg (televisie) is die eerste keer op 2 Januarie 1967 uitgesaai. Die Telekolleg is met die oog op voortgesette onderwys ingestel en maak voorsiening vir persone wat nie oor intermediêre skoling (die Duitse Mittlere Reife) in industriële en handelsvakrigtings beskik nie. Die standaard wat daar gestel word, is dié wat bereik word in die Berufsaufbauschule ('n skool vir leerlinge wat oor tegniese kwalifikasies beskik, maar hulle akademies nog hoër wil bekwaam) en die Realschule ('n sekondêreskoolinrigting.

Die Telekolleg is 'n gekombineerde stelsel wat uit drie komponente bestaan: die televisieprogramme, die geskrewe toepaslike studiemateriaal en groepwerk, en die sogenaamde Kollegtag. Die Telekolleg verskaf onderrig in vyf hoofvakke, te wete Duits, Geskiedenis, Engels, Wiskunde en Fisika waaraan 78 lesse elk gewy word. 'n Verdere ses keusevakke met 78 lesse in elke vak word aangebied. 'n Totale hoeveelheid van 468 lesse van 30 minute elk word oor 'n periode van drie jaar uitgesaai.

Die Telekolleg het deur 'n ooreenkoms tussen die Beierse Uitsaaikorporasie en die Staat van Beiere tot stand gekom. Volgens die ooreenkoms is die verantwoordelikheid van die Beierse Uitsaaikorporasie die onderrig in die volledige leerplan van die Berufsaufbauschule deur middel van onderrigprogramme en die geskrewe studiemateriaal. Die Staat van Beiere stel die skole, asook die organisasie wat nodig is vir die groepwerk beskikbaar. Die nasienwerk van werkstukke en toetse asook die toepaslike eksaminering, word ook deur die Staat onderneem.

Die aanvanklike belangstelling vir Telekolleg (Kursus I) was hoog. Ongeveer 30 000 persone was geïnteresseerd in sodanige kursusse maar slegs 14 500 het werklik ingeskryf. Die eerste groepwerksessie

is deur 8 500 studente bygewoon en die eerste eksamen (na Kursus I), is deur 3 700 studente suksesvol afgelê.

Toe Telekolleg (Kursus II) beplan is, is die ondervinding wat tydens Kursus I opgedoen is, in berekening gebring. Telekollegedeelname is in drie groepe verdeel:

GROEP A: Studente wat kursusse neem wat lei na "Mittlere Reife".
GROEP B: Studente wat slegs in sekere vakke geïnteresseerd is, maar wat aan groepwerk wil deelneem. Die groep B-kursus is moontlik gemaak deur die samewerking van die Volkshochschule, dit wil sê aandskole vir volwassenes.
GROEP C: Studente wat slegs geïnteresseerd is in die geskrewe komponent van die kursus, maar wat aan geen groepwerk wil deelneem of eksamen wil aflê nie.

'n Totaal van 9 500 studente het vir die drie afdelings ingeskryf.

Deur middel van navorsing is vasgestel dat ongeveer 80 persent van die studente klerke of hande-arbeiders is, dat 82 persent jonger as 35 jaar is en dat slegs 21 persent vroue is. Die laagste deelname is gevind by mense wat op die platteland woon. Uit die landbou- en bosbouberoepe het die minste mense belangstelling in Telekolleg getoon.

(3) Nie-formele onderwys

Die Telekollegprogramme is voorts populêr by mense wat glad nie as studente deelneem nie. Die Telekolleg het daarin geslaag om 'n nouer verband tussen skool en huis tot stand te bring en word ook beskou as verrykingsprogramme vir die skoolleerplan. Dit bring 'n vinniger toepassing van nuwe wetenskaplike en didaktiese metodes in die onderwys mee.

Die Telekolleg het alreeds uitgebrei na Switserland en ander Duitse State, naamlik Rheinland-Pfalz, Baden-Württemberg Saarland en Hesse.

Baie interessante feite kom deur voortdurende navorsing na vore. Dit

het byvoorbeeld geblyk dat 'n sekere tydperk moet verloop voordat Telekolleg die betrokke teikengroepe bereik. Die meeste studente word in groot stede gevind en die ouderdom van 'n voornemende student bepaal die kursus waarvoor hy gaan inskryf. Studente in die ouderdomsgroep 15-30 skryf in vir studiekursus A en ouer persone verkies studierigting B of C. Vroulike studente hou nie van eksamen nie en verkies deelname daarsonder. Die inligting wat deur Telekolleg verskaf word, gebruik hulle slegs vir die verruiming van algemene kennis. Enkellopende persone neem meer deel aan kursusse in groep A as getroudes. Hoe meer kinders 'n voornemende student het, hoe groter is sy waarskynlike deelname aan groep B of C eerder as aan groep A.

Aangesien Telekolleg dus ook 'n onderwysfunksie vervul wat nie op eksaminering gerig is nie, speel dit 'n belangrike rol in die nieformele onderrig in Duitsland.

(4) Informele onderwys

Weens die verdeling van programkategorieë soos in 3.2.2 (1) vooraf bespreek, ontstaan in die Duitse opset 'n benadering wat primêr op "toevallige" en meer informele onderwys ingestel is.

Hierdie programme, byvoorbeeld dokumentêre oor gemeenskapsake, het ten doel om die kyker in die algemeen - en bepaald nie vir die behaling van 'n kwalifikasie of binne 'n gegewe plan vir onderrig nie - te verryk.

(5) Lugtyd

Skoolradio-uitsendings maak 'n wesenlike deel van die Duitse skooldag uit.

Bayerischer Rundfunk wy byvoorbeeld sowat 9 uur per week aan skoolradio-uitsendings.

Wat TV betref, is 'n nuwe leerplan aan die begin van die 1982- en 1983-skooljare in Beiere ingevoer vir die sogenaamde Grundschule. Deur middel van televisie word gevind dat die nuwe inhoude van die leerplanne makliker in die skole geïmplementeer kan word.

Skooltelevisie word ook gedurende die skooldag uitgesaai en word in die daaglikse skoolroetine geïntegreer.

Programme word in die nuwe benadering om 'n sentrale tema beplan. Dikwels word die kind as die tema geneem om wie die leerstof gebou word, byvoorbeeld projekte soos Die kind en die gemeenskap of Die kind en die geskiedenis van sy land, welke benadering identifikasie met die leerstof bevorder.

In die 18 jaar waarin skooltelevisie reeds by die BRF bestaan, is 'n "spens" van programme opgebou vir heruitsending. Die programme in die "spens" word egter voortdurend sorgvuldig geëvalueer - iets wat jaar na jaar geskied - ten einde vas te stel of die inhoudelike en didaktiese elemente daarvan steeds aktueel is, of om gedeeltelike of algemene hervervaardiging roep.

Hierdie resep bring mee dat sowat 80 persent van die materiaal wat jaarliks uitgesaai word, die herhaling van programme is. Baie van die programme het 'n lewensduur van 8 jaar en langer.

3.2.3 Nederland

(1) Algemeen

Opvoedkundige programme word deur die omroepverenigings uitgesaai. Vir volwasseneonderrig bestaan die Radio-Volksuniversiteit en Televisie-Akademie vir Volwasseneonderwys (TELEAC). Op 1 Oktober 1982 is die Federasie vir Opvoedkundige Radio en Televisie gestig. Die opvoedkundige diens saai jaarliks 1 000 tot 1 400 uur op TV uit en minder oor die radio. Adviesrade bedien die programmakers met advies oor die inhoud van programme.

(2) Formele onderwys

Radio en televisie word aangewend om die Oopskool te ondersteun deur onderrig en leer te verryk. Die Oopskool is 'n opvoedkundige inrigting wat ten doel het om mense wat 'n swak akademiese kwalifikasie het en wat ouer as 18 jaar is se opleiding te verbeter.

Die Oopskool het in 1977 op 14 plekke tot stand gekom. Die belangstelling was egter so groot dat daar honderde spontane Oopskoolgroepe ontstaan het.

Die kursusse duur twee jaar. Daar word weekliks twee byeenkomste gehou, wat gedurende die oggend, middag of aand gehou word en wat drie uur lank duur. Studente moet egter bereid wees om nog bykomende studiewerk tuis te doen.

In die Oopskool word daar in groepe van 10-15 studente gewerk. Studente help mekaar dus en leer ook van mekaar. Die leerstof word rondom temas opgebou. So 'n tema kan byvoorbeeld wees: sosiale versekering, politiek, gesondheid, die sorg van bejaardes, onderwys of opvoeding. Die lede van die groep dra weer die kennis wat hulle van die tema en die vakgebied opgedoen het, uit na die res van die groep. Wanneer aan 'n tema gewerk word, moet 'n student self die leerstof uitsoek, in staat wees om sy eie siening oor die tema te vorm en ook gedagtes met die res van die groep te wissel. Elke groep het ook 'n vaste groepleier.

Die volgende vakke word aangebied: Nederlands, Engels, Frans, Duits, Fries, Rekenkunde, Wiskunde, Handelskennis, Aardrykskunde, Geskiedenis, Natuurkunde en Biologie. Die praktiese bruikbaarheid in die daaglikse lewe is die uitgangspunt wanneer die leerstof beplan word. Dit is byvoorbeeld nie net belangrik om korrek in Nederlands te kan spel nie, maar korrekte spelling moet ook in die skryf van 'n brief toegepas word.

Vir die verskillende vakke is daar vakdosente. Die meeste studente kies twee of drie vakke om te bestudeer, waaraan dan teen eie tempo ook by die huis gewerk word.

Die Oopskoolbyeenkomste vind soveel moontlik in die direkte omgewing van die deelnemers plaas. In die stede is daar in verskillende wyke groepe gevestig en in landelike omgewings op sekere maklik bekombare plekke.

Aan die einde van die leerperiode in die Oopskool word 'n verklaring opgestel en aan die student uitgereik. In so 'n verklaring word die vakke genoem waaraan gewerk is en die hoeveelheid temas wat deurgewerk en afgehandel is. Die eindverklaring van die Oopskool is 'n toelating na die tweede klas van die sogenaamde MAVO (Middelbaar Algemeen Voortgeset Onderwijs).

(3) Lugtyd

Radio-uitsendings vir die Oopskool geskied oor die senders van Hilversum 2 en Hilversum 4. Programme duur dertig minute per eenheid. Die leerstof word as deel van verskillende reekse uitgesaai. In totaal word 60 minute per week gesamentlik oor H2 en H4 vir die Oopskool uitgesaai. 'n Verdere uur word uit die weeklikse herhaling van die uitsendings tot die totale Oopskool-lugtyd van 120 minute per week gevoeg.

Wat televisie betref, word programme vir die Oopskool oor die senders van Nederland 1 en Nederland 2 uitgedra.

Nederland 1 se uitsendings op Vrydag van 18 h 28 tot 18 h 58 - 30 minute - word nie weer herhaal nie. Nederland 1 saai egter weekliks op Sondag van 14 h 45 tot 15 h 30 - 'n program van 45 minute - vir die Oopskool uit, wat op Woensdag om 14 h 45 tot 15 h 30 op Nederland 2 herhaal word. 'n Lugtyd van 2 uur per week geld dus in die geval van televisie ter rugsteuning van die Oopskoolleerplan.

3.2.4 Japan

(1) Algemeen

Deel van die opdrag vervat in die uitsaailisensie van die Nippon Hoso Kyokai (NHK), is om daarna te strewe om die Japannese volk binne die eise van die nuwe beskawing op te hef, soos dit deur die Japannese vertolk word.

NHK se opvoedkundige uitsendings is daarop gerig om aan hierdie eis te voldoen. In die uitvoering van sy opvoedingsopdrag, stel NHK drie vereistes aan opvoedkundige programme, te wete:

(i) die teikenbestemming sal duidelik omskryf word en programinhoud sal toepaslik en voordelig wees;

(ii) ten einde 'n gewenste opvoedkundige resultaat te verseker, sal programme georganiseerd en van voortgesette aard wees;

(iii) gelyke kanse in die onderwys sal die uitgangspunt wees.

(2) Formele onderwys

Die teikenbestemming hier is alle skoolgaande kinders vanaf die kleuter tot die hoërskoolleerling. Sowel radio- as televisieprogramme vir skole sluit lesse in Japannees, Wetenskap, Wiskunde, Sosiale Studie, Engels, Musiek, Kuns, Liggaamlike Opvoeding, Etiek, Huisvlyt en Omgewingstudie in.

Sedert die instelling van skoolradio-uitsendings in 1935, het NHK die aantal programme en lugure uitgebrei sodat die sogenaamde Tweede Netwerk vandag baie sterk op sodanige uitsendings konsentreer. Skooltelevisie is in 1953 ingestel, toe met televisie-uitsendings in Japan begin is. In 1959, met die instelling van 'n TV opvoedkundige

diens, het NHK skooltelevisie aansienlik uitgebrei.

Tans word ook die sogenaamde Senior Hoërskoolkorrespondensiekursus van Japan sterk deur die uitsaaimedia gerugsteun. 'n NHK-ondersoek het gedurende 1965 aangetoon dat sodanige programme vanaf 20 h 00 uitgesaai moet word ten einde die werkende leerder in staat te stel om op die uitsendings te kan inskakel.

Tans word vakke soos Chemie, Wiskunde, Engels, Biologie, Wêreldgeskiedenis, Japannese Geskiedenis en Fisika vir die doeleindes van korrespondensiestudie deur televisie gedek. Radio-uitsendings vir dié doel sluit Musiek, Wiskunde, Engels, Klassieke Letterkunde, Moderne Japannees, Aardrykskunde, Wêreldgeskiedenis, ensovoorts in.

Daar is dus heelwat oorvleueling in radio- en televisieuitsendings.

Programme vir tersiêre onderwys is deur NHK in 1961 vir radio en in 1965 vir televisie ingestel. Uitsendings sluit kursusse in die Kulturele, Sosiale en Natuurwetenskappe in en word in ses reekse verdeel. Elke reeks beleef 'n uitsendingsiklus van 6 maande - 26 programme van 20 minute elk, sodat daar vir elke week een program is.

(3) Nie-formele onderwys

Die sogenaamde kultuuruitsendings van NHK word hier geklassifiseer, byvoorbeeld verrykingsreekse soos algemene geskiedenis, wetenskap, kuns, ensovoorts, en is hoofsaaklik op volwassenes gerig.

Televisiereekse sluit onder meer programme oor die letterkunde, geskiedenis en beskawing, moderne wetenskap, die moderne gemeenskapstruktuur en Japannese geskiedenis in. Die radionetwerk konsentreer op reekse soos geesteswelsyn en klassieke letterkunde.

Verskeie nie-formele reekse vir landbouvoorligting, bosbou en vissery word ook uitgesaai. Programme vir besigheidslui word ook ingesluit.

(4) Informele onderwys

Besondere klem word op die televisie- en radio-uitsendings van algemene verrykingsprogramme vir gestremdes geplaas.

Informele uitsendings word vir kleuters, kinders, jeugdiges en volwassenes beplan en het algemene opvoeding van al hierdie groepe binne die gemeenskapsverband ten doel. Ander teikenbestemmings is onder meer bepaald mans of bepaald vroue. Vir die vroue sal reekse soos u spyskaart vir vandag en goeie wenke vir die huishouding beplan en uitgesaai word. In die geval van jeugdiges sal programme oor goeie maniere, musiekwaardering en oor belangrike sosiale onderwerpe uitgesaai word.

(5) Lugtyd

NHK het in 1981 52 uur per week aan opvoedkundige uitsendings op sy algemene televisienetwerk, 125 uur per week op sy opvoedkundige netwerk, 42 uur 19 minute op Radio 1, 114 uur op Radio 2 en 65 uur op sy FM-diens gewy.

Van bogenoemde syfers het 87 programreekse uit skoolradiouitsendings bestaan, wat bykans 26 uur van uitsendings per week na skole, behels het. Voorts het NHK toe 127 televisieprogramreekse vir skole uitgesaai en was die totale weeklikse lugtyd vir skooltelevisie-uitsendings bykans 34 uur.

Hierbenewens het uitsendings vir korrespondensiehoërskole uit 23 programreekse bestaan en het radio-uitsendings op 22 uur per week en televisie-uitsendings op 12 uur per week te staan gekom. Voorts is 6 reekse vir tersiêre studente uitgesaai, waaraan 3 uur op televisie gewy is. 'n Verdere 3 uur per week is aan uitsendings vir gestremdes afgestaan, terwyl televisie en radio aan kultuur-verrykingsprogramme respektiewelik 5 uur en 6 uur per week gewy het.

3.2.5 Israel

(1) Algemeen

Opvoedkundige televisie-uitsendings in Israel word deur die Instructional Television Centre (ITC) bedryf,wat afsonderlik van die algemene uitsaaidiens funksioneer en sy aktiwiteite as deel van die Departement van Onderwys en Kultuur bedryf.

(2) Formele onderwys

Formele onderwysprogramme bestaan uit reekse. Vakrigtings, soos taal en kommunikasie, wetenskap, aardrykskunde, geskiedenis, wiskunde, vreemde tale, kuns, musiek, staatkunde en godsdiens word by programreekse ingesluit.

'n Module word

(i) gedurende die skooldag uitgesaai en die skole skeduleer die betrokke vak om saam met die uitsending te val.

(ii) smiddae herhaal.

(iii) jaarliks herhaal vir solank die inhoud en die aanbieding daarvan nie dateer nie. So kan 'n programmodule vir soveel as sewe jaar herhalingsgeskiktheid beleef. Modules (of in sommige gevalle dele van modules) word vervang namate ontwikkeling in die vakgebiede of 'n ander wesenlike rede dit regverdig.

Skole koop hul eie televisiestelle en waar sekere skole gesubsidieer moet word, is dit die taak van die Departement van Onderwys. Dit is egter die uitsondering.

(3) Nie-formele onderwys

Van uiterste belang hier is die onderwyseropleidingsteisel van die I T C. Sekere onderwysers word deur die I T C op gereelde basis opgelei en dan na hulle omgewings teruggestuur as seminaarleiers teen geen ekstra vergoeding nie. Sodanige opgeleides dien

dan as opleiers binne hulle eie onderwysgemeenskappe, in die gebruik van televisie-uitsendings.

Die Everyman's University-uitsendings is hoofsaaklik gerig op nie-formele onderwysprojekte op verskeie terreine en het nie basies die behaling van gesertifiseerde kwalifikasies ten doel nie. Buite-kurrikulêre programme word tot die hele gemeenskap gerig en word veral in sentra vir nie-formele onderwys, byvoorbeeld in jeugklubs en die kibbutzgemeenskappe, vir algemene opleidingsdoeleindes aangewend.

(4) Informele onderwys

Dit word deur die I T C gesien as hoofsaaklik daardie programme vir tuisverryking gerig op omtrent elke lid van die volk. Die basiese doel is algemene verryking binne die gemeenskapsverband en sluit programreekse oor Judaïsme en 'n reeks oor gesinsituasies in wat daarop gerig is om vir gesinslede identifikasiemodelle vir gedragsrolle daar te stel.

(5) Lugtyd

Die opvoedkundige diens wat deur die Instructional Television Centre bedryf word, is verantwoordelik vir alle uitsendings van 08 h 00 tot 17 h 30 daagliks, terwyl die algemene televisiediens die uitsendingsverantwoordelikheid bedags van 17 h 30 vir die aanduitsendings oorneem.

Skooltelevisieprogramme se tydsduur is in die omgewing van 20 minute elk, terwyl programme vir informele onderwys tot 40 minute per module kan duur. Programtipes wissel van die dokumentêre tot die dramatiese aanbod.

Die daaglikse formele onderwysuitsaaipatroon kan soos volg uiteengesit word:

(1) Voorskoolse kleuters	:	30 minute
(2) Primêre onderwysprogramme	:	150 minute
(3) Sekondêre onderwysprogramme	:	120 minute

Sodoende word 'n daaglikse lugtyd van 5 uur aan formele uitsendings gewy. 'n Verdere 3 uur per dag word afgestaan aan nie-formele en informele uitsendings binne 'n totale opvoedkundige programuitsaaiformaat van 8 uur per dag.

Ten slotte kan die I T C se werksaamhede in die Sentrum se eie woorde (ITC 1981) soos volg saamgevat word: "The Instructional Television Centre's involvement in this project is in line with the Centre's basic policy guideline: to focus available resources on problem areas by evolving suitable media presentations for the reinforcement of government educational and social programs".

3.2.6 Indië

(1) Algemeen

AIR-UNESCO (1963: 5-44) het vanaf 23 Desember 1960 tot 5 Mei 1961 'n baie interessante projek in Indië oor die gebruik van televisie as 'n onderrighulpmiddel vir volwassenes geloods.

AIR (All India Radio) het 'n reeks van 20 programme, elkeen 30 minute lank, elke Vrydag vanaf 19 h 30 tot 20 h 00 uitgesaai. Programtemas was byvoorbeeld die verantwoordelikheid van burgerskap (byvoorbeeld padveiligheid, gesondheidsin, ensovoorts); algemene burgerlike gedrag; openbare eiendom, en stadsbeplanning. Die programme is so saamgestel dat meer inligting aan die kykers vrygestel word en ook om die houding van kykers te beïnvloed (waar moontlik) en om groepsopvolgwerk aan te moedig. Een-en-sewentig groepe bekend as "teleclubs", gevorm in verskeie dele van Delhi, asook in dele rondom die stad, bestaande uit die laer middelklas, het na hierdie programme gekyk. Onmiddellik na die program is die verskillende aspekte van die program deur die klublede bespreek en die sameroeper van die klubs het dan 'n verslag aan die TV-afdeling van AIR gestuur.

Die klublede was gretig om meer inligting te bekom aangaande die onderwerpe wat deur die verskillende programme gedek is. Die programmakers self het ook meer kennis bekom, terwyl die programme beplan is deur die besprekings en vergaderings met kundiges oor die verskillende

onderwerpe. Teen die einde van die projek was dit duidelik dat die vraag-antwoord-benadering aan die einde van elke program groot opvoedkundige waarde gehad het.

Nieteenstaande probleme wat soms ondervind is, is 'n groot hoeveelheid kennis in hierdie programme aan kykers oorgedra, veral ook omdat die reeks nie as onderwysprogramme opgestel is nie, "in fact, what the group went through was a slice of a more dynamic, but actual group living experience" (AIR-UNESCO 1963: 5).

"Secondly, though the 'shift' in information might have been more marked, had the tele-clubs included a majority of illiterate people, the group of educated and semi-educated citizens who gained so much in knowledge through these programmes demonstrated a paradox in adult education; adults learn well when they already know something of what is being offered to them; the existence of a baseline both of information and ideas is a help in the process of learning" (AIR-UNESCO 1963: 5) - wat die noodsaaklikheid van publikasies in die voorafverspreiding van inligting beklemtoon.

Die programmakers het gedurende die projek die voorreg gehad om gereelde, weeklikse terugvoer van die kykers te kry, wat uitsonderlik in die uitsaaiwese is. "The members of the production team went out of their way to understand the requirements and targets of the project" (AIR-UNESCO 1963: 6), alhoewel hulle oor 'n baie klein produksiesentrum beskik het. In Indië, soos trouens in ander ontwikkelende lande is programmakers se idees gebaseer op die TV-produksie vir ontwikkelde lande. "This makes them sometimes oblivious to the requirements of a society whose needs are different and more straight-forward" (AIR-UNESCO 1963: 6) wat op sy beurt die noodsaaklikheid van voortdurende toegepaste programnavorsing beklemtoon.

AIR se projek het aangetoon dat hierdie probleem oorkom kan word "by inviting producers and technicians to become fellow-educationists and treating them as such" (AIR-UNESCO 1963: 6). Daar is verder gevoel dat "these programmes open up the possibilities for a new genre films: that is, the short feature-cum-documentary, which has a story and characters, which gives information and states

problems and which can be produced at much lower cost than the films produced at large professional studios" (AIR-UNESCO 1963: 6).

Die programme was egter nie vir vermaak nie. Gedurende die vyf maande wat die projek geduur het, het die "teleclub"-lede TV primêr as 'n ernstige medium begin beskou. Die teleklublede het rondom die TV-stelle vergader, nie net om na die program te kyk nie, maar ook om 'n lewendige bespreking na die program te voer. "And how can one have a discussion, they would ask, if the programme has no substance in it? Such a programme might be all right for children and invalids, but not for adult citizens" (AIR-UNESCO 1963: 6), wat weer eens die noodsaaklikheid van voortgesette navorsing beklemtoon.

Wat dus deur hierdie projek uitgelig word,is dat "through planned effort a serious-minded and knowledge-thirsty audience can be built up.....it is however, relevant to remember that this result could not have been achieved only by the actual broadcasts, but that it was a product of the entire process, namely organized viewing, planned programmes, earnest and serious discussions and the reporting and notice taking of those discussions. Programmes in themselves are not education, nor can they even be said to have a powerful impact. Programmes followed by discussions are the real power" (AIR-UNESCO 1963: 6-7).

(2) Die media in nasionale ontwikkeling

Die kerngedagte is dat die Indië-situasie die noodsaaklikheid van sogenaamde teleklubs in die aanwending van die media in 'n totale strategie van nasionale ontwikkeling met die Indië-projek illustreer.

Hierdie "luister in groepe" na radio-uitsendings was gedurende die eerste 25 jaar van die bestaan van AIR 'n kenmerk van die luisterpatroon van Indië. UNESCO (1965) het ook 'n verdere eksperiment in Indië onder die titel "An Experiment in Farm Radio Forums" geloods, waarin gevind is dat die opvoedkundige waarde van 'n program toeneem wanneer so 'n program 'n groepbesprekinq inisieer. Daarom is besluit

op die vorming van "tele-clubs" by die loods van die projek oor onderrig vir volwassenes.

Eerstens is 'n gids oor die "tele-clubs" opgestel, waarin vrae beantwoord word soos 'wat is 'n teleklub'?.

'n Teleklub het bestaan uit ± 20 lede wat saam na TV-programme kyk met die doel om kennis op te doen wat weer in die daaglikse lewe toegepas kon word. Hierdie klubs is nie komitees wat deur die regering ingestel is nie en fungeer outonoom. Dit is ook nie vir mense bedoel wat net na plesier en vermaak soek nie.

Die teleklubs is 'n soort van 'n informele volwasseneonderrigsentrum. Die onderrig word op twee maniere bewerkstellig. Eerstens moet na die program gekyk word en tweedens moet aan die bespreking ná die program deelgeneem word. Die lede kan dan self besluit of 'n aktiwiteit geloods kan word om die program-idees te laat realiseer, met ander woorde om opvolgwerk te doen.

Die TV-stelle is deur UNESCO aan verskillende departemente beskikbaar gestel, byvoorbeeld die "Social Education Department of the Delhi State", ensovoorts. Hierdie departemente het dus meegehelp met die organisasie vir die vorming van die teleklubs.

Die gids verskaf ook verder praktiese wenke vir die vorming van teleklubs.

Die keuse van die lede was die verantwoordelikheid van die sameroeper. Sy doel moes wees om mans en vrouens met 'n soortgelyke agtergrond en behoeftes byeen te bring. Hy moes met ander woorde die omgewing leer ken, asook die mense en hy moes voorts samewerking van verskeie persone verkry. Die kriteria vir lidmaatskap was volwassenes en persone wat een of ander beroep beklee. Groot ouderdomsverskille tussen lede was nie wenslik nie.

Selfs persoonlikhede is in aanmerking geneem; 'n persoon wat rigied dink, was nie geskik as lid nie; so ook 'n persoon wat nie graag ander geleentheid gee om hulle opinie te lug of nie na iemand

anders se opinie wil luister nie. Persone met 'n siniese en kritiese lewensbeskouing, moes as lede vermy word.

Die belangrikste eienskap vir lede was dus lewenservaring, die vermoë om te dink, asook verbale uitdrukkingsvermoë en die begeerte om nuwe idees te implementeer. Hoë akademiese kwalifikasies was nie 'n goeie aanbeveling nie.

Die organiseerder het dan meer as 20 voornemende, geskikte lede na 'n byeenkoms uitgenooi. Die sameroeper en voorsitter is tydens die byeenkoms gekies. 'n Register is begin en die lede het elkeen 'n aansteekwapen gekry.

Die sameroeper moes 'n ontwikkelde persoon wees, want verslae moes op 'n gereelde weeklikse basis aan AIR gestuur word. Die bulletin is ook aangestuur en hy moes al hierdie organisasiewerk op 'n vrywillige basis verrig. Vir skryfpapier ensovoorts is hy wel vergoed.

Die voorsitter moes die inisiatief neem tydens besprekings. Hierdie persoon hoef nie geleerd te wees nie, maar moes gerespekteerd wees, sy woord goed kon doen en vir nuwe idees te vinde wees.

Die besprekings is gemeet aan

- kennis opgedoen
- die houding van lede oor die tema
- moontlike opvolgwerk.

By die uitwerk van 'n nuwe stelsel vir opvoedkundige uitsendings, kan met objektiwiteit na die Indiese projek gekyk word asook na die bevinding dat "the role of television in social education therefore, appears to be to broadcast programmes which are entertaining and which also meet the need for popular education. Success in this field will thus depend upon the skill with which high entertainment value and popular educational content can be combined" (AIR-UNESCO 1963: 38).

Wat die radio betref, is daar ook 'n projek in Poona deur UNESCO (1965) van stapel gestuur wat op dieselfde beginsel as die "tele-clubs" gewerk het, naamlik 'n klub met 15 tot 20 lede, wat op 'n georganiseerde wyse na geselekteerde radioprogramme luister, die program dan bespreek om sodoende hulle kennis te vermeerder en om nasorgwerk te doen deur die implementering van idees in 'n aksieprogram. So 'n radioklub "is a kind of social education centre, whose members wish voluntarily and without fanfare to expand the horizons of their knowledge, to become better citizens and to express themselves freely, but with restraint and politeness on their day-on-day problems. In other words, a radio rural forum is a listening-cum-discussion-cum-action group of villagers" (UNESCO 1965: 14).

Die formaat van 'n "radio rural forum"-program was kortliks soos volg:

- kenwysie
- antwoorde op vrae van forums (klubs) en verslae oor aksieprogramme vanaf forums
- die inhoud van die program
- kenwysie

Die lengte van die program wissel van 30 tot 34 minute, afhangende van inkomende korrespondensie wat in die program gehanteer moes word.

Daar is ook getrag om alle navrae te beantwoord en as daar nie genoeg tyd hiervoor gedurende die program was nie, dan per pos.

Wat baie duidelik deur hierdie projek uitgewys is, is dat teikengroepe verskillend op programinhoud reageer. Op die platteland is gevind dat programme waar onderhoude gevoer is met mense wat in 'n beroep staan, byvoorbeeld 'n boer, meer inslag gevind het as 'n program waar 'n praatjie oor boerdery gelewer is.

Voorts: "a feature on Palm Jaggery (Parm Gur) using four voices and some bridge music was fairly competently written to appeal to a normal urban audience and it conveyed a good deal of information on the importance of Palm Jaggery in India's rural economy. But when

the scriptwriter/producer went to a village to listen to his own production with the village audience, he noticed that after the first three or four minutes the interest of the forum flagged and they looked frankly bored. On being questioned at the end of the programme they complained that it was confusing; the many voices baffled them and the musical bridges irritated them because they were faded out just as they were beginning to be interesting" (UNESCO 1965: 23).

Gedurende die UNESCO-projek in Poona is gevind dat vroue nie saam met mans lede van so 'n luisterklub wou wees nie, maar daar was tog uitsonderings. Sommige klubs het aparte besprekings vir mans en vroue gehad. AIR het toe spesiale vroueklubs gestig, maar die funksie daarvan was nie uitgebreid nie. Daar is ook "Rural Children's Listening Clubs" gestig, maar ook nie op groot skaal nie.

Aksieprogramme het spoedig na die uitsendings gevolg.

- In Gundlapochampalli (Hyderabad) is 'n aandskool begin, met die saamroeper van die radioklub as onderwyser. Die eerste stap was om alle lede van die klubs wat nie kon lees en skryf nie, basiese geletterdheid aan te leer. Een-honderd-vyf-en-twintig lede van die dorpie kon dus elk hulle naam teken in plaas van 'n vingerafdruk.
- Kadipur (Gijarat): Die meeste lede van die "Youth Clubs" luister na die "radio rural forum"-programme. Die dorpie se veiligheidsmaatreëls is, na 'n program oor vrywillige dienslewering, ("Village volunteer forces") deur die klublede oorgeneem wat die oeste teen rondloperbeeste beskerm het. Die gemeenskap het 2 000 roepees bewillig vir hierdie aktiwiteite per jaar.
- Otala (Punjab): 12 klublede neem 'n assuransiepolis uit na 'n program oor lewensversekering.
- Jawarai (Gujarat): Na 'n program oor 'n nuwe soort katoen, het die saamroeper self 'n stuk aangeplant wat 'n goeie oes gelewer het. Daarna het ander klublede dieselfde gedoen en soortgelyke oeste gehad.

- Mathasahi (Puri, Orissa): Na 'n program oor piesangboerdery het lede van die radio-forum 'n piesangplantasie met 4 000 bome aangelê.

Daar is baie meer voorbeelde van die opvoedkundige invloed van hierdie programme, waar voorsiening gemaak is vir addisionele visuele materiaal.

'n Ondersoek in Uttar Pradesh is deur die "Planning Research and Action Institute" onderneem. Lucknow (UNESCO 1965: 28) beskryf dit soos volg: "Our total Rural Forum Programme has a considerable degree of potential in motivating village folk with respect to knowledge, attitudes and actual application in practice, but the programme in the field still has to develop an organizational structure in which a number of physical factors must be successful."

Die Osmania-universiteitspan wat 'n ondersoek na die forums in Audhra-staat geloods het, sê: "It is an excellent medium. The forum should be recognized as a new way of educating villagers" (UNESCO 1965: 28).

3.2.7 Asië

(1) Algemeen

UNESCO (1967: 31-50) beskryf die ervaring met die opvoedkundige uitsendings in Asië omvattend.

Die aantal ure wat aan opvoedkundige uitsendings in Asië gewy word, word deur tabelle 3.1, 3.2 en 3.3 weergegee.

(2) Nasionale ontwikkeling en die media in Asië

UNESCO (1965: 41) vind dat "development is the key-note to the countries of Asia, even though they have reached varying stages from insufficiently developed countries up to highly developed societies. In general, Asian countries face serious problems created by low levels of national income and consumption, inadequate productivity, under-development of education, high rates of illiteracy,

TABEL 3.1

OMVANG VAN RADIO-UITSENDINGS IN ENKELE LANDE (OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME)

LAND	Totale uitsaai-ure per week plaaslik	Opvoedkundige programme (ure per week)	Nasionale ontwikkelings-programme (ure per week)	PERSENTASIE FORMELE UITSENDINGS					
				Voorskools	Primêre lesse	Sekondêre lesse	Voorligting	Onderwyser-opleiding	Universiteits-uitsendings
Burma	75.15	2.40	3.10			25	28		
Ceylon (Sri Lanka)	245,30*	46			11	45.5		11	3.5
China	273	70			10	30	5	2	10
Indië		639				10	5	1	1
Japan	410			1	12	20	1		8
Laos	63	6			50				
Mongolië	147	31		4.5	8	6.4	3.7	5.9	3.7
Pakistan	770	93	350	1		92			4.5
Thailand		41			43	18		7	

TABEL 3.2

OMVANG VAN RADIO-UITSENDINGS IN ENKELE LANDE (VERVOLG)

LAND	VOLWASSENE ONDERRIG PERSENTASIE VAN OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME				
	LANDELIKE ONTWIKKELING	GESONDHEID EN HIGIËNE	GELETTERDHEIDS-PROGRAMME	GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING	POPULÊR WETENSKAPLIK
Burma	32	8		37	23
Ceylon (Sri Lanka)	11	2	5	3.5	7.5
China		5	2.5	5	5
Indië	55	10		10	15
Japan	10	5		22	20
Laos	10	10	15	10	5
Mongolië	24.1	1.6		3.2	12.9
Pakistan	46.8	10.5		10.5	10.5
Thailand		1	6	10	15

TABEL 3.3

DIE OMVANG VAN TELEVISIE-UITSENDINGS IN ENKELE LANDE (OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME)

LAND	Totale uitsaaityd in ure per week	Totale opvoedkundige- en ontwikkelingsprogramme (ure per week)	PERSENTASIE VAN OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME									
			Skoolprogramme					Buite-skoolprogramme				
			Voorskools	Primêre lesse	Sekondêre lesse	Beroepsvoorligting	Universitêr	Landelike Ontwikkeling	Gesondheid en Higiëne	Geletterdheids-programme	Gemeenskaps-ontwikkeling	Populêr-Wetenskaplik
Indië	23	16			66				7		17	10
Japan (NHK)	252	112	10	15	20	3	1	5	1		25	15
Maleisië	28	13			40			30	8	3	8	10
Pakistan	770	440	.03		11.8		.55	6.1	1.3		1.3	1.3
Thailand	112 *	$1^{1}/_{2}$*		33	33						33	

*) Ure per maand

low standards of health and a general apathy of the people who are poorly motivated".

Ondervinding het ook geleer dat die menslike faktor van deurslaggewende belang vir enige ontwikkeling is. Wanneer die produktiwiteit van die mens nie verhoog word nie, gaan finansiële beleggings verlore. Slegs 'n "educational effort of immense dimensions which can be tackled only by a new technology in education and the employment of all available resources" sal waarskynlik produktiwiteit kan verhoog (UNESCO 1965: 41).

Voorts: "for the success of any social and economic development scheme, communication between the planners, their agents and the people is of the utmost importance". Die gebruik van die radio en TV as opvoedkundige hulpmiddels "requires that they are integrated at all three levels of planning, production and reception, with the general educational structure of the society in which they operate" (UNESCO 1965: 41).

As die nasionale ontwikkelingsveldtog vrugte moet afwerp, dan behoort die radio en TV van 'n land se basiese fasiliteite uit te maak en "with investment in education, broadcasting resources should be expected to yield results in the form of an informed, motivated and skilled people, leading to the increased availability of productive manpower whether in urban or rural areas" (UNESCO 1965: 42).

Doeltreffende programme moet so beplan en gemaak word dat dit lei tot die verandering van die gesindhede van mense; ook moet dit lei tot hul aanvaarding van hierdie verandering en bystand om die nodige vaardighede vir ontwikkeling en vooruitgang te bekom. "Evidence of the rural radio forums organized in India and rural teleclubs organized in Japan, show that any programme that leads to discussion in organized listening or viewing groups in rural areas, is able to instil a sense of participation among the people leading to more fruitful results" (UNESCO 1965: 42).

Vir landelikes in besonder, moet pogings aangewend word om programme uit te saai wat alle aspekte van hulle bestaan sal stimuleer, wat aanspraak op hulle totale persoonlikheid sal maak. Hulle moet byvoorbeeld nie as plaaswerkers, ongeletterdes, ensovoorts, aangespreek word nie, sodat hulle hulleself as deel van die groter geheel sal leer beskou.

"In the exercise of its multifarious functions in regard to development, a broadcasting organization cannot and should not be in isolation if it wants to be effective" (UNESCO 1965: 43). Daar behoort 'n totale samewerkingsnetwerk van alle kundiges daargestel te word vir die produksie van effektiewe programme.

"The use of radio and television as a resource of education, requires that they be conceived as an integral part of educational planning and administration at every level" (UNESCO 1965: 43). Wanneer die groot potensiaal van die radio en TV as opvoedkundige hulpmiddels in oënskou geneem word, word voorgestel dat onderrig in die benutting daarvan deel van onderwysersopleiding en indiensopleiding van onderwysers op 'n goed georganiseerde wyse sal uitmaak. Onderwysers moet op 'n grootskaalse wyse deur radio- en TV-programme opgelei, asook heropgelei word, want sodoende kan die kwaliteit van onderrig verbeter en 'n groter deel van die gemeenskap bereik word.

In Asië is daar 'n toenemende vraag na hoër onderwys vir mense wat nie die middele het om die gewone opvoedkundige inrigtings by te woon nie. Daar word voorgestel dat 'n universiteitsoortige opvoedkundige program saamgestel moet word. Loodsprojekte behoort in samewerking met onderwysdepartemente aangepak te word. Die resultate van hierdie projekte behoort goed geëvalueer te word om die basis vir verdere uitbreiding te vorm. Om voortdurende vordering te bewerkstellig in die gebruik van die massamedia vir onderrigdoeleindes, "it is recommended that a systematic programme of research, including action research in all aspects of the application of mass media to education, should be undertaken by universities, education ministries and broadcasting organizations. The programme of research should cover areas such as development of suitable tests, assessment of the relative efficacy of different

techniques of programming and teaching through mass media, cost factors, problems of the integration of the curriculum in the broadcasting techniques and its adaption to the varying levels of audience ability and aptitude" (UNESCO 1965: 45).

Die meeste mense in Asië moet baie vinniger en baie meer leer as ander, om tred te hou met die geweldige ontwikkelingsperiodes wat die moderne lewe kenmerk. "For this continuous process of life-long education, radio and television are valuable tools in the hands of educators and development planners" (UNESCO 1965: 45).

Geletterdheid behoort voorrang in alle lande in Asië te geniet. "Although radio may be the direct means for the teaching of literacy, there are important advantages to be achieved by radio in this field. It should be extensively used to mobilize public opinion so that it may show energy in eradicating illiteracy, to attract voluntary workers for the field, and to motivate individual and group learning" (UNESCO 1965: 45).

TV het egter verskeie moontlikhede by geletterdheidsonderrig.

Vir die grootste moontlike doeltreffendheid, behoort programme met geskikte publikasies aangevul te word.

Opvoedkundige radio- en TV-uitsendings behoort so gebruik te word dat dit mense kan motiveer om doeltreffend en produktief te werk.

Programme oor geskiedenis en aardrykskunde maak luisteraars en kykers omgewingsbewus en maak die alledaagse lewe interessant. Opvoedkundige programme met sosiale temas verskerp begrip oor politieke en regeringsinstansies en veroorsaak dat die individu se rol en meelewing aan stelsels duideliker na vore tree en self-vertroue versterk word. Populêre wetenskapprogramme, dokumentêre programme, ensovoorts, wakker belangstelling aan, wat noodsaaklik vir die assimilasie van nuwe idees is.

Uitsendings vorm deel van die afgesonderdste huishouding en kan daarom vroue aanspoor om hulle optimale deel in die gemeenskap en

nasionale aktiwiteite by te dra; hulle kan ook beter toegerus word vir die rol van moeder en tuisteskepper. Programme oor gesondheid, kindersorg en gesinsbeplanning kan op die vrou as teikengroep toegespits word.

Radio- en TV-programme vir vroue behoort 'n drieledige doel te dien, te wete om:

(i) hulle huislike lewe te verbeter;

(ii) hulle met genoeg geleentheid te voorsien om kennis op te doen oor plaaslike, nasionale en internasionale gebeurtenisse, en

(iii) om vermaak te verskaf en sodoende die eentonigheid van 'n afgesonderde bestaan te verlig.

Daar word voorts ook voorgestel dat groepe na programme luister, waarna besprekings plaasvind.

Die jeug op die platteland behoort aangemoedig te word tot groter deelname aan landbouproduksie en ander produktiewe aktiwiteite soos geletterdheidsonderrig. Hulle moet sosiaal opgevoed word en behoort 'n deelname aan die welsyn van die gemeenskap te hê.

Die werksoekende jeug wat vanaf die platteland na die stede kom, "have problems of adjustment in a new, often bewildering, environment. The planning of a broadcast service to these people has to be correlated with other welfare activities and with vocational education programmes like the workers education scheme and youth welfare work in many countries."

"Here, again, group listening and viewing could be profitably utilized for motivation and action. Television, where available, should also be used for improving the skills of such people" (UNESCO 1965: 46).

UNESCO (1965: 48) stel voor dat opvoedkundige programuitsendings "should be systematically evaluated to determine their effectiveness, and the findings should be used to overcome weaknesses,

exploit strengths and improve standards of performance".

3.2.8 Pakistan

(1) Algemeen

Rafe-uz-zaman:(1981: 117) doen soos volg verslag: "Pakistan is now running out of time to eradicate her huge backlog of illiteracy with its massive annual increase. At independence, with a population of about 30 million, we had about 17 million illiterate people over the age of nine. Now in 1981, with a population of about 84 million, we have an illiterate population, again only counting those over the age of nine, of no less than 45 million - nearly treble the number of 34 years ago". Indien die nodige stappe nie gedoen word om ongeletterdheid in Pakistan uit te wis nie, sal hierdie getal weer eens in die volgende 30 jaar verdubbel. Die uitsaksyfer van skoliere is so hoog soos 40-50 persent en hierdie syfer sal nie verander solank die ongeletterdheid van ouers voortduur nie.

Voorts sê hy: "there is still time to avoid facing such a situation ten years hence, through an appropriately massive investment in literacy and adult education".

Die Afdeling Opvoedkundige Televisie het dus in Augustus 1973 'n voorstel vir 'n "pilot project" gemaak, "to make adults functionally literate with the help of television".

(2) Geletterdheidsprogramme in 'n ontwikkelende land

Die doel van die projek was om 'n metode daar te stel om ongeletterdheid oor 'n tydperk van sewe tot tien jaar die hoof te bied. Die projek het ten doel gehad om 24 000 volwassenes, waarvan 50 persent vroue sou wees, binne ses maande funksioneel geletterd te maak, deur 'n kursus van 156 televisielesse in samewerking met die "Adult Functional Literacy"-onderwysers, by 200 groepsentra in die Punjab. Elkeen van hierdie CVC ("community viewing centres") het 60 mans en 60 vroue vir aparte kyksessies gewerf. UNICEF het 220 000 dollar

bewillig, om die grootste gedeelte van die koste te dek.

Die projek is voorafgegaan deur 'n intensiewe onderwysersopleidingskursus van 21 telelesse en is op 21 Oktober 1975 begin en op 30 April 1976 voltooi. Elke 30-minuutles is twee keer per dag uitgesaai, behalwe op Vrydag; vir vroue in die middag en vir mans in die aand. Die lesse is opgestel deur die Pakistan Televisie-Korporasie in samewerking met die ABES ("Adult Basic Education Society"), Gujranwala. Die resultate van hierdie projek was baie bemoedigend. Van die teikengroep het sowat 16 000 persone geletterdheid op hierdie wyse bekom. Daarmee saam egter het tussen 113 000 en 196 000 kinders, wat nie by die projek betrek was nie, hulle lees- en skryfvermoë deur die TV-programme verbeter. Die slaagsyfer van mans en vroue in die AFL-toetse ("Adult Functional Literacy") in lees, skryf, rekenkunde, gesondheidsvoorligting, begroting en besparing, kindersorg en gesinsbeplanning en basiese landboupraktyke was 'n baie bevredigende 90 tot 96 persent.

Die probleme wat ondervind is, was hoofsaaklik vertraging in die verspreiding van publikasies aan al die groepsentra, kragonderbrekings, televisiestelle wat buite werking geraak het en soms nie gou genoeg herstel is nie en daar was vertraging in die vergoeding van onderwysers.

Rafe-uz-zaman (1981: 118) gaan soos volg voort: "it has thus been demonstrated that the tele-lessons for Adult Functional Literacy, including the component of teacher-training, provide an effective and viable instrument which, if properly used, would make it possible to mount an expanding and successful campaign to eradicate illiteracy, to provide basic elements of adult education, particularly in the social sectors listed in the report, and also to improve the reading and writing skills of primary school-age children".

'n Opvolgnavorsingsprojek is twee jaar na hierdie projek uitgevoer en die lees- en skryf-vermoë van 537 vroue en 477 mans in die Lahore- en Rawalpindi-afdelings, wat hulle geletterdheid met behulp van die TV-kursus bekom het, is ondersoek. Daar is gevind dat slegs 50 persent van hierdie getalle hierdie nuwe vaardighede voortdurend

gebruik het, hoofsaaklik om rekenwerk te doen of briewe te skryf. Twintig persent het een of meer kinders leer lees en skryf en 2 persent het gevoel dat hulle afgesien van geletterdheid ook kennis oor ander onderwerpe opgedoen het.

"There is obviously a need to find means of motivating more adults to use their acquired skills; but even with only 50 to 65 percent of the former students showing themselves to be active, we may expect accelerating socioeconomic progress and an improvement in the quality of life. Thus out of the modest estimate of 120 000 adults made literate through the first pilot project, we should now leave 60 000 to 80 000 active, newly literate men and women" (Rafe-uz-zaman 1981: 119).

In 1978 het die "Adult Education Directorate", in samewerking met die "Ministry of Education's Third Education Project", hulleself bereid verklaar om met die projek voort te gaan. Die AFL-kursus is hersien en 165 000 tot 196 000 volwassenes het basiese geletterdheid deur hierdie TV-programme bekom.

Die algehele gevolgtrekking was dat, ten spyte van sekere organisatoriese tekortkominge gedurende die vyfjaarperiode waarin die AFL-kursus aangebied is, 426 000 vroue en 269 000 mans basies geletterd gemaak is, teen 'n koste van Rs 9.11 per persoon. Daar word bereken dat deur middel van die kursus met 10 000 CVC's daar jaarliks 800 000 mans en vroue basiese geletterdheid kan verkry. Deur slegs die TV-programme te volg kan 'n ekstra 200 000 persone hierdie vaardigheid teen 'n koste van Rs 48 miljoen bekom. Intussen gaan die projek voort met die samewerking van die onderwysdepartement in Pakistan.

3.2.9 Sekere Afrika-lande

(1) Algemeen

Die Ivoorkus het op groot skaal 'n opvoedkundige tegnologiese stelsel in hulle primêre skole ingevoer. Sedert 1971 is televisie in die meeste primêre skole in gebruik, asook in 'n groot aantal platteland se distrikte, waar dit andersins nog nie beskikbaar sou wees vir

baie jare nie. Die Evalueringseenheid is derhalwe in die lewe geroep "to monitor the growth of the primary and out-of-school systems" (Seya en Yao 1977: 1).

(2) Die effek van die uitsaaimedia in Afrika

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat wat die media betref, die radio steeds voorrang by die meerderheid geniet. Maar "unlike the rural areas in other third world countries, however, television has come to play an increasing role in the media habits of village dwellers" (Seya en Yao 1977: 26).

Wat die programme oor behuising betref, het die Evalueringseenheid bevind dat "The adaptation of traditional housing to modern life where both Western and local values are harmonically combined seems to be the most popular attitude of TVE viewers" (Seya en Yao 1977: 52).

Alhoewel hierdie ondersoeke oor die radio- en TV-programme gedoen is, het die ondersoekmateriaal nie net uitsluitlik opvoedkundige programme behels nie.

Katz en Wedell (1978: 41) beweer egter oor die Derde Wêreld: "Time and again in our country studies we have come across broadcasting systems that on paper look comprehensive and effective, but a single spot check, whether of production, transmission or reception facilities has shown the systems to be seriously defective. For this reason all statistics on broadcasting in the Third World should be treated with caution."

Aanvanklik is die BBC en Amerikaanse uitsaaistrukture gevolg, maar as gevolg van politieke onstabiliteit "broadcasting has been adjusted to fit the less politically stable conditions of Africa" (Katz en Wedell 1978: 42).

Slegs opvoedkundige uitsendings in die Derde Wêreld "(have) in the last two decades come to be most closely identified in the nation-building process" (Katz en Wedell 1978: 119). Verskeie projekte oor

opvoedkundige uitsendings, gefinansier deur instansies soos UNESCO, die Wêreldbank, ensovoorts, is onderneem. "Most of the extensive educational broadcasting of this kind is intended for reception in the home, rather than in context of organized listening or viewing groups. It requires little or no preparation on the part of the viewer, and it proceeds without multimedia support."

Katz en Wedell gaan voort: "In country after country reports indicate that brave hopes pinned on the results of the introduction of educational broadcasting have been disappointed, for two main reasons. The first is the problem of ensuring adequate and reliable reception. The second reason for the disappointing results in many places where educational broadcasting of an intensive kind has been launched is poor program production." Voorts is daar nie genoegsame samewerking tussen die uitsaaikorporasie en die plaaslike onderwysdepartemente nie, wat as 'n groot remskoen vir produktiewe opvoedkundige programme beskou word. Ander sektore van die gemeenskap word in 'n toenemende mate betrek by die opvoedingsproses en "the traditional predominance of school-based educators is threatened".

In sodanige situasies "a ministry of education finds itself on the defensive and lacking in enthusiasm for greater sharing of responsibility for educational matters with anyone else".

Katz en Wedell (1978: 119) beweer dat alvorens enige opvoedkundige programdiens ingestel word, die volgende kriteria behoort te geld:

(i) "The relationships of educational and broadcasting expertise should be clearly established;

(ii) transmission and reception conditions should be such that at least 75 percent of the schools or institutions affected are capable of a good standard reception;

(iii) adequate funds and other resources should be available to ensure that the potentialities of the medium, be it radio or television, are fully exploited."

3.2.10 Rusland

In Rusland (USSR - TV-Sentrum, Moskou) bestaan vier TV-kanale, volgens Armsey en Dahl (1973: 90). Kanaal 3, die opvoedkundige kanaal, saai beide formele en informele onderrigprogramme uit vir skole sowel as volwassenes. 'n Verskeidenheid programme is op volwasseneonderrig gemik. Programme vir professionele lui bevat die nuutste ontwikkelings in die onderskeie vakgebiede. Die gesondheidsowerhede verwag byvoorbeeld van dokters om na hierdie programme te kyk en 'n sertifikaat word vir prestasie uitgereik.

Onderwysers word so op die hoogte van leerplanwysigings gehou. Ingenieurs en bestuurders word aangemoedig om kennis wat deur middel van programme verwerf word, toe te pas en kry sodoende erkenning vir hul vordering.

"The People's University" saai op Sondag 'n program van 45 minute uit waarin werkers, boere, ensovoorts, ingelig word oor nasionale gebeurtenisse. Geletterdheidsonderrigprogramme en programme oor landbou word ook uitgesaai. Uitsendings na skole vind daagliks tussen 10 h 00 en 13 h 00 plaas. Die programme is elk 25 minute lank en is met die leerplanne geïntegreer. Na 18 h 00 word spesiale programme vir studente uitgesaai wat vakke dek soos Wiskunde, Chemie, Fisika en Meganika. Sommige kursusse word slegs oor TV aangebied. Baie kykers is ingeskrewe studente by korrespondensiekolleges wat TV en korrespondensie kombineer.

Opvoedkundige programme word voorts deur NCPI ("Northwest Correspondence Polythenic Institute") vanaf Leningrad uitgesaai.

Op onderwysgebied word soveel as moontlik gebruik gemaak van tegnologiese hulpmiddels, wat nie poog om onderwysers te vervang nie. Ongeveer 300 programme per jaar word aan opvoedkundige uitsendings bestee. Die doel van hierdie programme is om produktiwiteit te verhoog en die ekonomie te verstewig.

3.2.11 Pole

UNESCO (1973: 71) kom tot die slotsom, volgens 'n ondersoek in Pole oor

die gebruik van TV vir tegniese opleiding van werkers, dat die beste benutting van TV vir tersiêre onderwys is om nuwe konsepte en onderwyspraktyke vir die medium te skep. Om doodgewoon bestaande lesse te dupliseer is 'n verkwisting van geld en tyd. Andersyds is TV-lesse op sigself nie voldoende onderwysmateriaal nie. Die heel beste benutting van die medium is 'n inrigting soos "Radio and Television University for Schoolteachers". 'n Interessante bevinding wat uit hierdie ondersoek na vore tree, is dat die teikengroepe vir wie die kursusse uitgesaai is, in getalle toegeneem het. Dwarsdeur die lae van die samelewing bestaan 'n drang na die verwerwing van meer kennis, gestimuleer deur ontwikkelings op tegniese en wetenskaplike gebiede. Die massemedia moet dus voorsiening maak vir die bevrediging van hierdie behoefte.

3.2.12 Slot

Televisie se omvang en invloed op die onderwys is nog nie heeltemal duidelik vir onderwysbeplanners nie en 'n verandering in gesindheid is, aanvanklik noodsaaklik vir 'n bevredigende benutting van hierdie medium in die onderwys.

3.3 ENKELE BELANGRIKE OORWEGINGS BY DIE INSTELLING VAN 'N DOELTREFFENDE OPVOEDKUNDIGE UITSAAIDIENS

3.3.1 Die vennootskap tussen die uitsaaiorganisasie en die gebruikers

Oral waar OR en OTV in die buiteland optimaal tot voordeel van die onderwys en opleiding aangewend word, berus dit op 'n ewewigtige verhouding tussen die uitsaaiorganisasie aan die een kant en die gebruikers aan die ander kant. Die fundamentele aard van hierdie hoeksteen vir die sukses van opvoedkundige uitsendings word treffend deur Barrett (1977: 39) saamgevat:

"However, where essential functions are performed by more than one organization, as in the case of educational broadcasting systems which depend on both the Ministry of Education (for content) and the Ministry of Information (for facilities), co-ordination must be built in at every

point of contact. If satisfactory co-ordination between separate bodies cannot be achieved, then obviously it would be better to reorganize all the processes into a single integrated system with its own facilities."

3.3.2 Die uitsaaibondgenootskap tussen die radio en televisie by opvoedkundige programme

Soos Hancock (1971: 64) aantoon, word toenemend gevind dat die radio en televisie as vermaaklikheids- en inligtingsmedia in die uitvoering van hul onderskeie uitsaaitake, daartoe neig om van mekaar weg te beweeg. Dit bring mee dat elk van hierdie media sy uitsaaitaak toenemend totaal afsonderlik van die ander vervul.

Die benadering in die opvoedkundige aanwending van die media egter, verteenwoordig inderdaad 'n totaal andersoortige uitgangspunt, primêr gesetel in die didaktiek wat 'n bondgenootskap tussen die radio en televisie een van die belangrike hoekstene van sodanige opvoedkundige diens maak. Sodoende vul die radio en televisie mekaar in die onderhawige geval voortdurend aan: "It is far better for educational broadcasting to be seen as a single entity; and once multi-media approaches are adopted, the separation of radio and television becomes completely impracticable" (Hancock 1971: 64).

Volgens die School Broadcasting Council in Brittanje (BBC 1978: 5) "....(s)chool radio and television are complementary, not competitive". Voorts sê hulle dat sekere lesse beter deur die radio (byvoorbeeld taallesse) en ander deur die medium van televisie (byvoorbeeld Wiskunde) uitgedra kan word. So gesien, is een van die beplanningstake om vas te stel hoe om televisie en radio effektief afsonderlik en gesamentlik in die opvoeding aan te wend.

3.3.3 Die noodsaaklikheid van voortgesette navorsing

Gekoördineerde navorsing is nodig om 'n voortdurende tweerigtingkommunikasie tussen die kommunikator (die opvoedkundige diens) en die teikengroep (die kykers of luisteraars vir wie die betrokke program bedoel is) aan die gang te hou. Hierdie navorsing is onontbeerlik vir effektiewe kommunikasie, daar dit voortdurend antwoorde verskaf op vrae soos die volgende:

(i) Wie is die teikengroep?

(ii) Wat is die behoeftes van die teikengroep met betrekking tot sekere opvoedkundige aangeleenthede?

(iii) Hoe ervaar die teikengroep die boodskap van die kommunikator?

(iv) Wat is die reaksie op die kommunikasie?

(v) Watter rol moet die televisie, en watter rol moet die radio speel in die oordrag van die kennis ter sprake? Hier is vrae soos die volgende van verdere belang: Aan watter van die twee media is die teikengroep ter sprake by sekere inligting primêr blootgestel? Watter benadering by televisie en watter benadering by die radio is wenslik vir effektiewe kommunikasie? Hoe en wanneer vul die twee media mekaar aan en wanneer is dit wenslik om slegs een van die twee media vir 'n bepaalde boodskap aan te wend?

Hierdie funksie is dus oorwegend een van (effektiewe) terugvoer. Dit is baie belangrik dat besef sal word dat in hul aanvullende rolle tot mekaar, hierdie media dikwels afsonderlik en gesamentlik aangewend sal moet word.

Navorsingsafdelings bestaan, soos andermaal uit die literatuurstudie blyk, in bykans alle oorsese departemente vir opvoedkundige uitsendings en dan wel as die hart van die hele bedryfsproses.

Een van die grootste leemtes in die huidige skoolradio-uitsendings hier te lande is juis gebrekkige terugvoer. Hoe ook al hieroor gedebatteer mag word, staan dit soos 'n paal bo water dat gebreke in die skoolradiodiens juis dikwels na hierdie feit teruggevoer word.

Die waarde van sodanige terugvoer lê basies daarin dat dit die voortgesette optimaal effektiewe werksaamhede van die werkkomitee sal verseker.

Die kerngedagte is dat die navorsingsaksie nooit as 'n losstaande onderneming kan funksioneer nie maar deel moet uitmaak van die onmiddellike akademiese kultuur (die departement opvoedkundige uitsendings) waarvoor dit navorsing bedryf. Indien so 'n navorsingseenheid nie wesenlik 'n deel van die departement self is nie, sal die subjektiewe aanvoeling vir die waarde van die toegepaste navorsing met ernstige gevolg ontbreek.

Elders word so 'n navorsingsafdeling dan ook trouens nooit anders as deel van die toegepaste aktiwiteite van die uitsaai-departement self bedryf nie. Formatiewe evaluering vorm 'n belangrike komponent van die navorsing.

Sodanige afdeling bedryf sy navorsingsaksie in samewerking met universiteite en ander navorsingsinstellings, aan wie groter navorsingsprojekte uitgekontrakteer word. Navorsing behoort egter deur die betrokke afdeling self binne die opvoedkundige uitsaaidiens geïnisieer en gekoördineer te word.

In Brittanje, Israel en Duitsland word hierdie interne navorsingsafdelings in die uitvoering van hul taak bygestaan deur instansies soos universiteite en navorsingsinstitute.

Publikasies en navorsing is eweneens van primêre belang. Publikasies word deur 'n konsortium van uitgewers gehanteer. Navorsing, in samewerking met navorsingsinstellings, word reeds onafgebroke vanaf 1963 deur ZDF (Zentralinstitut) in Duitsland onderneem. Die navorsing handel oor die effek van opvoedkundige programme onder die geledere van die onderskeie teikenbestemmings.

Veral in Derdewêreldlande het navorsing deurgaans op uitsaaiprojekte gevolg. Rafe-uz-zaman (1981: 118) rapporteer byvoorbeeld omvattende voortgesette navorsing wat op die geletterdheidsprogramme in Pakistan gevolg het ten einde onder meer vas te stel wat die effek van die programme op geletterdheid en die aanwending daarvan in die gemeenskap was.

In Brittanje doen die BBC (1980/81: 16) se Afdeling Evaluasie en Navorsing binne die opvoedkundige diens per se, byvoorbeeld op volgehoue wyse navorsing na teikengroottes, luisterpatrone by die aanwending van skoollesse, behoeftebepaling binne die raamwerk van die onderwys en is reeds gevind dat hierdie resultate leerplanne beïnvloed en nie leerplanne die uitsaai-opset nie.

Navorsers speel ook 'n belangrike rol in die seleksie van kundiges wat by die beplanning van opvoedkundige uitsaaiprojekte vir die radio en televisie betrek kan word.

Die ITC (1981) in Israel beskryf die rol van navorsing en evaluasie in dié situasie soos volg: "..... it assists in adapting content and media to the specific needs of the target audience and ascertains whether the objectives are being achieved. On a more general level, R & E provides an overall picture of the viewing habits of the Centre's audience, studies the integration of ITC projects into the national school system and gauges their effect on the adult population as well. Evaluation services include: formative evaluation, summative evaluation and viewing and utilization surveys".

3.3.4 Publikasies en ander ondersteunende media

Publikasies en ander ondersteunende media soos transparante, skyfies, oudiokassette ensovoorts, vorm by haas elke opvoedkundige uitsaaidiens ter wêreld naas navorsing die tweede ondersteunende been van sodanige opset.

Die BBC (1980/81: 1-2) dui aan dat twee hoofstrome in voortgesette publikasies ondersteunend tot so 'n uitsaaidiens onderskei kan word, te wete:

(i) handboeke wat essensiële media is om leerplangerigte inligting met die uitsaaimateriaal te verbind. Sodanige handboeke is van belang in skooltaallesse, geletterdheidsprojekte vir volwassenes en selfs by die opleiding van vakbondlede in die beginsels van die vakbondwese. Hierdie publikasies vorm die grondslag vir huiswerk en vir die voorbereiding om na uitsendings te kyk of te luister.

(ii) publikasies wat die kyker of luisteraar van die agtergrondmateriaal voorsien waarteen hy die uitsaai-inhoud doeltreffend kan verwerk en verinnerlik. Hierdie publikasies verskaf feite wat nie met die uitsendings gedek kon word nie, aanbevelings vir opvolgstudie, illustrasie en statistiek.

Die Institut für Film und Bild (FWU) in Duitsland, 'n produksiesentrum wat in die lewe geroep is om vir al die Duitse uitsaaistasies opvoedkundige programme te vervaardig, spesialiseer ook daarin om rugsteunende publikasies en ander media by uitsendings te verskaf.

FWU (1981: 2) toon aan dat hulle gedurende 1979 die volgende hulpmiddels tot die uitsendings beskikbaar gestel het:

- 71 skyfiereekse
- 31 transparantreekse
- 1 klankskyfiereeks
- 37 oudio-kassetopnames
- 112 16 mm-klankrolprente
- 41 8 mm-filmreekse sonder klank
- 16 8 mm-filmreekse met magnetiese klank
- 23 videokassetreekse
- 2 multimediapakkette

Al hierdie media word vergesel van begeleidende gedrukte materiaal bestaande uit kaarte, brosjures en werkvelle. Voorts word die teikengroep vir elke reeks aangedui, toeligtende tegniese inligting word vir leermeesters of projekleiers verskaf waarin die opvoedkundige doelwitte met die betrokke reeks uitgespel word, inhoudelike gegewens en gebruiksaanwysings en bronneverwysings word eweneens ingesluit.

Programkatalogusse word verskaf ten einde verbruikers in staat te stel om 'n keuse van opvoedkundige materiaal na eie behoefte te doen - 'n baie belangrike faktor in Duitsland met sy 11 state (Länder) waarbinne opvoedkundige behoefte en leerplanne mag verskil. Hierdie katalogusse word voorts aangevul met gereelde omsendbriewe wat verdere toepaslike gegewens op 'n gereelde basis verskaf.

Ten slotte kan genoem word dat die grootste enkele verskaffer van opvoedkundige publikasies in Israel byvoorbeeld die ITC is. Die teikengroepe met publikasies en ander media is nie net leerlinge nie, maar ook onderwysers en opleiers.

FWU (1981: 6) stel dit teen die agtergrond van die Duitse situasie soos volg: "One of the institute's major objectives is endowing the teachers with knowledge of and experience in the appropriate use of audiovisual media in education....."

Aansluitend is publikasies ook van die uiterste belang in die optimalisering van program-effek en sien die BBC se School Broadcasting Council (1981: 7) dit soos volg: "During the 1960's and early 1970's the BBC offered on a non-profit making basis a wide range of publications to accompany broadcasts, including teacher's notes, pupil's pamphlets, kits, work sheets and work books for pupils, filmstrips for radiovision programmes, film loops, wall pictures, and tapes..... In 1977-8 some 400 separate items were published to accompany the broadcast..... Highest priority is given to the teacher's notes which are written or edited by the producer and are his direct means of communication with the teacher. They provide the essential advance information teachers need to select programmes, to plan classroom preparation, and to foresee possible inquiries and activities the broadcast may stimulate..... The pupil's pamphlets are illustrated with photographs, drawings, maps, etc. and add an important visual element to radio broadcasts. The other effective method of providing visual material integrated with radio is through radiovision (a radio broadcast for schools to tape record for use with the colour filmstrip and radiovision notes)."

In die geval van televisie val die klem egter meer op materiaal gerig op die onderwyser as gebruiker van die programme.

Net in die geval van die voortgesette onderwys is gedurende 1982 meer as 1,5 miljoen toeligtende boeke deur die BBC (1983: .5) verkoop.

Wat die Open University betref, word hierdie diens ruim ondersteun met publikasies, video- en oudiokassette en ander oudiovisuele media (BBC 1982).

3.3.5 Die noodsaaklikheid van die navolging van 'n onderwys- en opleiding-kundig verantwoorde werkwyse in programbeplanning

Die kerngedagte hier is dat programbeplanning vir opvoedkundige radio (OR) en televisie (OTV) totaal verskil van dié by algemene radio en televisie - inderdaad in so 'n mate dat Hancock (1971: 64) kan aantoon dat 'n regisseur vir opvoedkundige programme nie in 'n algemene uitsaai-diens as regisseur kan funksioneer nie en andersom.

Wat werkwyse betref, word kundiges uit die akademiese en opvoedkundige wêreld op georganiseerde basis by opvoedkundige programbeplanning betrek.

In die geval van Brittanje is werkkomitees bestaande uit kundiges vir programbeplanning byvoorbeeld in die totale beheerstruktuur vir die opvoedkundige diens ingebou.

'n Verdere kenmerk van die opvoedkundige uitsendings in Brittanje is die "Educational Councils". Die struktuur sien soos volg daar uit (BBC 1980/81: 9):



"The Educational Councils are autonomous bodies with their own staffs, who represent the world of education at all levels" (BBC 1980/81: 2).

Hierdie rade vir opvoedkundige uitsendings fungeer in samewerking met die personeel vir opvoedkundige uitsendings van die BBC en werksaamhede word verrig deur programkomitees bestaande uit hoofonderwysers, adviseurs en onderwysers vir skooluitsendings.

Uitsendings vir volwassenes word beplan in samewerking met verskeie departemente gemoeid met verdere studie en veral spesialiste op die gebied van volwassene onderrig.

Die publikasie- en navorsingopset vorm 'n integrale deel van die beheerstruktuur van sodanige uitsaaidiens van opvoedkundige programme. Beplanning van publikasies en ander rugsteunende materiaal sowel as navorsing- en evalueringsbespreking geskied in die departement self en dikwels in werkkomitees ten tyde van die bespreking van die projekte waarop sodanige aksie betrekking het.

Die sogenaamde School Broadcasting Council (kyk vloeikaart vooraf) se funksie is om opvoedkundige praktyke en neigings aan skole te monitor en te bepaal hoe uitsendings die opvoeding kan aanvul. Hulle formuleer dan die opvoedingsbeleid van skole en omskryf die doelwitte en omvang van elke programreeks. Dié raad bestaan uit voltydse professionele personeel in diens van die BBC. Hul werksaamhede word deur die BBC gefinansier.

Wat programbeleid betref, werk die raad bygestaan deur drie programkomitees, ".....(related to the three distinctive age groups) which consist mainly of teachers invited because of their known ability and interest in educational broadcasting, with representatives from the Department of Education and Science, the local education authorities and other bodies" (BBC 1978: 12).

Hierdie werkkomitees is gemoeid met die uitwerk van individuele program-projekte vir die onderskeie ouderdomsgroepe in die formele onderwys-situasie. Die raad daarteenoor bepaal algehele uitsaaionderwysbeleid en sien toe dat die programreekse in toto inpas by die neergelegde onderwysstrategie.

Die meeste lede van programkomitees is hoofonderwysers alhoewel klas-onderwysers en onderwys-adviseurs ook ingesluit word. Die drie toepaslike ouderdomsteikengroepe wat leerlinge betref, is:

(i) die 8- tot 9-jariges;
(ii) diegene vanaf 8 en 9 jaar tot 12 en 13 jaar;
(iii) diegene vanaf 12 en 13 jaar tot 18 jaar,
in skoolverband.

Wat die werksaamhede van die instituut betref, vat die inligtingstuk van die Instituut dit self soos volg saam:

"The FWU produces audio-visual media (av-media) solely for the diverse areas of education. Educationalists with special experience in the field of media didactics as well as specialized further training attend to the productions. Throughout the planning, production and testing of the media, the FWU educationalists work in close collaboration with subject specialists, didacticians, teachers and media specialists. The curricula of the Länder serve as a basis for planning programmes in the various subject areas. The programmes for extra-curricular education and teacher training are planned and produced in close collaboration with the institutions concerned" (FWU 1981: 4).

Soortgelyke werkkomiteebenaderings geld ook in die geval van ander lande, byvoorbeeld Israel, Japan, Duitsland, Nederland,België en Rusland.

3.4 KOPIEREG

Die aspek van kopiereg kry met opvoedkundige uitsendings besondere betekenis, want:

(i) opnames word dikwels vir periodes so lank soos 7-10 jaar gehou en jaarliks gereeld uitgesaai:

(ii) skole (en ander instansies) mag dit nodig vind om radio- en televisie-uitsendings van die lug af op te neem, sodat leerlinge (of studente) lesse of lesings vir studie-doeleindes kan herluister of -kyk;

(iii) 'n kassetdiens mag uit radio- en televisie-programme ontwikkel, veral vir gebruik in gebiede waar een of meer van die media nie ontvang word nie.

In Brittanje word opnames (alleenlik van opvoedkundige programme) toegelaat en "....may be made in any educational institution in the area of a local education authority which has obtained an annual licence from the Independent Television Association (ITVA). Recordings may be kept for three years and may be used in any educational institution within the authority's area. The licence is renewable each year from 1st September, regardless of when it was taken out. The token licence fee remains £5" (ITV 1980: 30).

Dieselfde beginsel beheer videokassetopnames van die Open University se TV-uitsendings.

IBA (1983: 31) definieer 'n opvoedkundige program vir hierdie doeleindes soos volg: "....'educational programmes' are those series endorsed as 'educational' by the IBA's Educational Advisory Council. These normally include all programmes for schools and colleges listed in the ITV for Schools and Colleges Annual Programme together with those adult series approved and designated as 'educational'....."

Soortgelyke voorsiening sal in die geval van moontlike toekomstige opvoedkundige uitsendings in Suid- (of Suider-) Afrika nodig wees.

Die belang daarvan word deur die feit beklemtoon dat 9 uit 10 kere wanneer na 'n program in Britse skole gekyk word, word daarna as 'n kassetopname (van die lug af) gekyk en nie as 'n direkte uitsending nie.

3.5 VERSKILLENDE BEHEERSTRUKTUURMODELLE ELDERS

3.5.1 Algemeen

Uit 'n bestudering van die literatuur en aansluitend hierby, na 'n besoek

aan sekere oorsese lande deur 'n ondersoekgroep van die SAUK se Opvoedkundige Dienste, blyk die volgende breë modelle vir opvoedkundige uitsaaidienste in die buiteland te bestaan:

(i) 'n Opset waar die opvoedkundige uitsendings geheel en al deur die owerheid bedryf word en die algemene uitsaaiwese geen aandeel daarin het nie, byvoorbeeld in Israel waar die opvoedkundige diens namens die Minister van Onderwys en Kultuur deur die Instructional Television Centre bedryf word.

(ii) 'n Opset waar die betrokke staat of land se uitsaaidiens die verantwoordelikheid vir opvoedkundige uitsendings aanvaar en al die TV-programkategorieë verdeel tussen 'n algemene diens en die opvoedkundige diens met die opdrag dat daardie kategorieë wat aan die opvoedkundige diens toegeken word, so bedryf word dat dit eerstens opvoed en inlig en tweedens vermaak, byvoorbeeld die Bayerischer Rundfunk in Duitsland.

(iii) 'n Opset waar 'n afsonderlike opvoedkundige diens ingestel word naas bestaande programdienste wat in 'n mindere of meerdere mate in kompetisie staan, byvoorbeeld die BBC-model in Brittanje.

Elk van die genoemde modelle word vervolgens enigsins omvattender bespreek.

3.5.2 Die owerheidsbeheerde model

(1) Algemeen

In hierdie verband word die opvoedkundige uitsaaidiens van Israel vir hierdie bespreking as voorbeeld geneem.

Hier word die gebruik van die senders só verdeel dat die uitsaaidiens vir opvoedkundige programme wat 'n aparte been onder die Ministerie van Onderwys en Kultuur vorm, verantwoordelik is vir die gebruik van die senders bedags van 08 h 00 tot 17 h 30.

Vir die doeleindes daarvan om enersyds formele en andersyds nieformele en informele uitsendings van 'n opvoedkundige aard te bedryf,

het die Ministerie van Onderwys en Kultuur die Instructional Television Centre onder sy vleuels in die lewe geroep.

Die Instructional Television Centre val onder die beheer van 'n direkteur-generaal wat direk verslag aan die betrokke Minister van Onderwys en Kultuur doen. Agt uur se opvoedkundige uitsendings oor televisie per dag word deur hierdie sentrum bedryf.

Die totale personeel van die sentrum beloop sowat 300, hoofsaaklik saamgestel uit akademici en ander opvoedkundiges.

Die personeelstruktuur en die toepaslike bestuursafdelings kan soos volg voorgestel word:

(2) Die kritieke prestasie-areas van die onderskeie direktorate

(a) Die direkteur-generaal

Die direkteur-generaal dien enersyds as skakel met die onderhawige ministerie; andersyds beheer hy die administratiewe en finansiële werksaamhede van die uitsaaidiens en sien toe dat onderwysbeleid binne die voorgeskrewe politieke opset uitgevoer word.

(b) Direkteur: Programme

'n Vyfjaarmeesterplan word binne die ITC opgestel waarvoor dié direktoraat verantwoordelik is. Die meesterplan identifiseer die uitsaaiprioriteite van die opvoedkundige diens.

Voorts voer die direktoraat sy gestelde doelwitte uit deur middel van die uitbreiding van programme vir volwassenes. Hierdie programme is hoofsaaklik informeel van aard en het ten doel om die algemene publiek te verryk.

Sekere teikengroepe vir hierdie uitsendings is die algemene publiek per se, professionele mense soos geneeshere en ander wat hulle binne 'n wêreld van snel vernuwende tegnologiese ver-

andering bevind en studente van die sogenaamde Everyman's University.

In die uitvoering van hul taak word binne die 5-jaarplan nou jaarplanne, gerig op sistematiese doelwitbereiking, uitgewerk en geïmplementeer. Sodanige projekte geskied in noue samewerking met ander direktorate van die sentrum, byvoorbeeld produksie, skooluitsendings en navorsing en evaluasie.

(c) Direkteur: Skooluitsendings

Die hoofdoel van hierdie direktoraat is om te verseker dat die skoolleerplan effektief in skooluitsendings nagevolg word. In die uitvoering van sy taak, gee die direktoraat primêre aandag aan die voorbereiding en aanbieding van rugsteunende materiaal, soos publikasies, skyfies en ander hulpmiddels.

Voorts voorsien hierdie personeel uitsaaiskedules aan die skole, organiseer werkswinkels en seminare en sien toe dat die nodige onderwyseropleiding in die gebruik van televisie as hulpmiddel geskied.

(d) Direkteur: Tegnies

Hierdie direktoraat voorsien tegniese personeel, fasiliteite en onderhoudsdiens.

(e) Direkteur: Navorsing en evaluasie

Die direktoraat help in die ontwikkeling van die verantwoordbare aanbieding van programinhoud en in die ontwikkeling van hulpmiddels by die uitsaai van programme. Voorts toets die direktoraat op voortgesette wyse die effek van uitsendings in aansluiting by oorspronklike doelwitte. Ook word kykgewoontes van die hele kykersbevolking geëvalueer.

Navorsing- en evaluasiemateriaal vorm die basis van terugvoer

in die optimale versekering van uitsendings wat die teiken so doeltreffend soos moontlik sal tref.

(f) Direkteur: Personeel en administrasie

Hierdie direktoraat se funksies raak alle aspekte van personeel, die beheer oor geboue, kantore en toerusting, asook veiligheid.

(g) Direkteur: Produksie

Alle aspekte van fisiese produksie, insluitende animasie, grafiese en ander kunsgerigte dienste, filmdienste, ateljee-opnames, kostumering, grimering, toneeldienste en spesiale effekte, word gehanteer. Die skedulering van opname asook 'n argief van filmmateriaal word deur hierdie direktoraat bedryf.

3.5.3 Die nasionale netwerk-beheerde model

Hierdie model, waarvan die Duitse opset die voorste verteenwoordiger in Europa is, vorm 'n integrale deel van die algemene uitsaaidienste.

Die Bayerischer Rundfunk in München is moontlik die hoofverteenwoordiger van sodanige opset. Hier word die onderskeie programkategorieë - byvoorbeeld drama, dokumentêr, tydskrif, kleuter-, kinder-, en jeugprogramme, ensovoorts, weliswaar verdeel tussen die vermaaklikheidsgerigte en die opvoedingsgerigte departement. Op topbestuursvlak is daar in hierdie Duitse uitsaai-organisasie besluit dat kategorieë soos dokumentêre programme, drama, kleuter-, kinder- en jeugprogramme en godsdienstige uitsendings by die Departement Opvoeding tuishoort. In teenstelling met die benadering by die vermaaklikheidsgerigte programme waar die opdrag is om in die programaanbod te vermaak, in te lig en op te voed, is die opdrag by die opvoedingsgerigte kategorieë presies die omgekeerde, te wete om op te voed, in te lig en te vermaak. Die benadering berus dus op 'n klemverskuiwing in uitgangspunt.

Die uitsaai-opset in die geval van die Bayerischer Rundfunk bestaan uit 'n direkteur-generaal vir radio en televisie. Onder hom volg vyf direkteure,

te wete vir televisie, radio, administrasie, tegniese dienste en regsadministrasie.

Die Adjunk-direkteur: Televisie-opvoeding is gemoeid met die sogenaamde Familienfunk (gesinsprogramme), Jugendfunk (jeugprogramme), Kinderfunk (kinderprogramme), Kirchenfunk (godsdiensprogramme), Schulfunk (skoolprogramme) en Bildungspolitik (politieke ontwikkeling) by radio en Familie und Schule (gesins- en skoolprogramme), Erziehung und Erwachsenenbildung (opvoedings- en volwassene-vorming), Kultur end Naturwissenschaften (kultuur- en natuurwetenskap) en Dokumentationen, Programmentwicklungen und Sonderprogramme (dokumentêre en spesiale programme), by televisie.

Die beplanning van programme vind plaas deur spesiale werkkomitees wat saamgestel word uit vakkundiges, inspekteurs van skole, onderwysers, ensovoorts.

3.5.4 Die inskakeling by 'n nasionale uitsaai-opset as 'n relatief selffunksionerende eenheid

Die klassieke voorbeeld hier is die BBC-model.

In die geval van die BBC "(t)he overall control and supervision of this operation is in the hands of the Controller, Educational Broadcasting and the Head of Educational Broadcasting Services who between them form the CEB Unit" (BBC 1980/81: 2).

In 'n pamflet sit die BBC hierdie struktuur skematies uiteen. (Kyk tabel 3.4).

Die kontroleur is vir vyf produksie-afdelings verantwoordelik. Vir radio en televisie is daar afsonderlike afdelings wat programme vir skooluitsendings vervaardig. Die Kontroleur: Opvoedkundige Uitsendings is as hoof uitvoerende beampte van die opvoedkundige deel verantwoording direk aan die Direkteur-generaal van die BBC verskuldig. Hy is primêr verantwoordelik vir die beplanning van programme in die breë, vir die begroting en ook

Tabel 3.4: Die beheerstruktuur van die BBC se opvoedkundige dienste.



vir personeelaangeleenthede. Voortgesette onderwys is voorts ook sy verantwoordelikheid wat programbeleid betref. Wat skooluitsendings betref, werk hy ten nouste saam met die Sekretaris van Onderwys. Hy is die voorsitter van 'n hele aantal permanente bestuursvergaderings en behou noue voeling met die nasionale streke, plaaslike radio, BBC-publikasies en -ondernemings en ander toepaslike onderwysverteenwoordigers plaaslik en oorsee. Hy het ook die verantwoordelikheid om effektiewe kontak met kundiges in die onderwys en met sodanige kundiges van die IBA (Independent Broadcasting Association) en die ITV (Independent Television)-organisasies te hou.

Die kontroleur is ook die BBC se hoofwoordvoerder met die senior bestuurder van die OU en is lid van die universiteitsraad, die beplanningsraad en die liggaam vir voortgesette onderwys.

Die Hoof: Opvoedkundige Uitsendings staan as tweede lid van die CEB-eenheid die kontroleur by op bepaalde terreine soos kopiereg, publikasies en die voortsetting van kontak met die OU. Hy is ook verantwoordelik vir onderhandelings met die nasionale streke.

Die personeel van die BBC se opvoedkundige uitsendings het in Julie 1980 uit die volgende personeel bestaan:

VLAK	POSGROEP	AANTAL	TOTAAL
1	KONTROLEUR	1	1
2	BESTUUR		
	(a) Skoolradio	4	
	(b) Skooltelevisie	4	
	(c) Voortgesette onderwys (Radio)	2	
	(d) Voortgesette onderwys (Televisie)	4	
	(e) Open University	15	29
3	ADMINISTRASIE		
	(a) Skoolradio	8	
	(b) Skooltelevisie	10	
	(c) Voortgesette onderwys (Radio)	9	
	(d) Voortgesette onderwys (Televisie)	11	
	(e) Open University	54	92

4	PRODUKSIE		
	(a) Skoolradio	59	
	(b) Skooltelevisie	60	
	(c) Voortgesette onderwys (Radio)	25	
	(d) Voortgesette onderwys (Televisie)	76	
	(e) Open University:		
	(i) Produksie en programvervaardiging	111	
	(ii) Tegnies	115	
	(iii) Bediening van fasiliteite	19	465

Die totale personeel in Julie 1980 was dus 587, wat egter volgens 'n persoonlike mededeling van die huidige kontroleur, teen 1983 aangegroei het tot 'n personeel in die omgewing van 800.

Die begroting van die BBC se opvoedkundige diens in 1979-1980 het soos volg daar uitgesien:

. Kontroleur se opvoedkundige rade-begroting	£ 987 000
. Uitsaai-eenheid	£ 132 000
. Skoolradio	£ 2 439 000
. Skooltelevisie	£ 5 650 000
. Voortgesette onderwys (Radio)	£ 699 000
. Voortgesette onderwys (Televisie)	£ 6 849 000
. Open University	£ 5 878 000
TOTAAL 1979-1980	£22 634 000

Radio-uitsendings vir skole is in 1927 van stapel gestuur terwyl 'n skooltelevisiediens in 1952 deur die BBC ingevoer is. In 'n pamflet van 1980/81 skryf die BBC soos volg oor die huidige toedrag van sake: "Use of the service expanded rapidly so that now almost every school in the country is equipped to receive television broadcasts, with over 90 percent of primary schools and about 80 percent of secondary schools making use of BBC-programmes. The rapidly expanding provision of video tape-recorders, especially in secondary schools, is giving school television the flexibility and adaptability which the tape-recorder conferred on school radio

more than a decade ago."

Voorts is dit belangrik om daarop te let dat opvoedkundige uitsendings ook deel van die BBC se Buitelandse Diens geword het. Hieroor skryf die BBC (1980/81: 1) soos volg: "From a small, purely radio operation which started during the last war, BBC English by Radio and Television, a part of External Services, now teaches English to millions of learners in over 100 countries through radio, television, film, video, publications and audio-cassettes".

3.6 DIE PROBLEEM VAN FINANSIERING VAN OPVOEDKUNDIGE UITSENDINGS

3.6.1 Inleiding

Die finansieringsaspek sal kortliks in terme van die drie lande, Israel, Duitsland en Brittanje bespreek word, aangesien hierdie lande reeds vooraf as die hoofverteenwoordigers van die drie opvoedkundige uitsaaimodelle bespreek is.

3.6.2 Israël

Die Ministerie van Onderwys en Kultuur, onder wie die ITC ressorteer, voorsien die fondse as deel van die totale onderwys- en kultuurbegroting vir die werksaamhede en programproduksie van die ITC.

3.6.3 Duitsland

Die onderskeie uitsaaistasies aanvaar hul uitsaai-opdrag as om te vermaak, in te lig en op te voed en voorsien die finansies vir die produksie van opvoedkundige programme uit hul eie inkomste.

Die FWU, wat as 'n nasionale produksiesentrum vir opvoedkundige programme dien, se fondse word hoofsaaklik uit eie inkomstebronne voorsien. Hierdie bronne is onder andere die uitsaaistasies wat programme by hulle aankoop, sowel binne as buite Duitsland.

Die totale bedryfsbegroting vir 1982 het DM 35 000 000 beloop, waarvan FWU DM 30 000 000 self voorsien het. Die oorblywende DM 5 000 000 is gesamentlik deur die onderwysowerhede van die 11 Länder of Duitse state voorsien.

3.6.4 Brittanje

Die standpunt van die BBC hier is dat sy lisensie hom die opdrag gee om te vermaak, in te lig en op te voed.

So gesien, beskou die BBC dit dus as sy plig om ook die opvoedingsfunksie in 'n groot mate uit eie fondse - lisensie- en advertensiegelde - te finansier. Die funksie van formele onderwys vir skole - radio en televisie - is dus volgens die BBC sy finansiële verantwoordelikheid. Dit is ook nodig so, word aangevoer, sodat die BBC in die finale instansie sy programoutonomie oor wat uiteindelik die lug bereik, sal behou.

Wat die OU-projek betref, word dié egter deur die owerhede gefinansier, want:

(i) naskoolse onderrig van dié aard is in 'n sin 'n vrywillige onderneming wat nie 'n totale groep van die bevolking - byvoorbeeld skoolgaandes betrek nie, dog slegs 'n minderheidsgroep wat (self) besluit om verder te studeer;

(ii) die projek is gekoppel aan 'n bepaalde soort universiteit (die OU) wat 'n korrespondensie- en buitemuurse onderneming is) en betrek dus nie al die universiteitein die land, soos alle skole by skooltelevisie kan inskakel nie.

3.7 SAMEVATTING

3.7.1 Inleiding

Radio sowel as televisie word dwarsdeur die wêreld in ontwikkelde sowel as ontwikkelende lande ruim aangewend vir die formele, nie-formele sowel as informele onderwys en opleiding. In die geval van die ontwikkelende lande speel dit dikwels 'n primêre rol in die totale strategie van nasionale opheffing en ontwikkeling.

3.7.2 Opvoedkundige uitsendings in enkele lande van die wêreld

(1) Brittanje

Die BBC saai reeds sedert 1922 opvoedkundige radioprogramme uit. Sedert 1953 word televisie ook vir dié doel aangewend. In die formele onderwyssituasie speel radio en televisie 'n belangrike rol in skole sowel as op tersiêre vlak met die OU-projek.

In die nie-formele verband word die media veral in geletterdheids-onderrig en sosiale aksieprogramme aangewend.

Informele projekte hou hier hoofsaaklik verband met uitsendings oor die nasionale welstand en algemene sake van belang vir volwassenes. In 1979 - 1980 is die volgende totale uitsendingsure vir die twaalf maande vanaf April 1979 tot Maart 1980 deur opvoedkundige programme gehandhaaf:

Skoolradio	:	774
Skooltelevisie	:	518
"Continuing education" (Radio)	:	320
"Continuing education" (Television)	:	426
"Open University"	:	
(a) Radio	:	828
(b) Televisie	:	1 152

(2) Duitsland

Benewens formele uitsendings vir skole, bestaan die Telekolleg-projek in Duitsland by die Bayerischer Rundfunk as 'n kollege-van-die-lugprojek. Hierdie instelling sorg vir sowel formele as nie-formele radio- en televisie-projekte. Kykers en luisteraars het die keuse of hulle by eksamengerigte (formele) of nie-eksamengerigte projekte wil inskakel.

(3) Nederland

Die belangrikste projek in Nederland benewens soortgelyke formele, nie-formele en informele uitsendings soos in Engeland en Duitsland, is die sogenaamde oopskool, 'n opvoedkundige inrigting vir mense oor die ouderdom van 18 jaar wat swak gekwalifiseerd is en met behulp van korrespondensie en die media hul kwalifikasies wil verbeter.

(4) Japan

Omvattende formele, informele en nie-formele onderwys- en opleidingsprojekte vir die media bestaan in Japan. Besondere aandag word hier deur die NHK aan radio- en televisie-uitsendings vir skole gewy. Die twee media oorvleuel doelbewus in hul opvoedkundige uitsendings en gee albei aandag aan vakke soos Musiek, Engels, Letterkunde, Japannees, Aardrykskunde, Geskiedenis.

Nie-formele uitsendings van 'n kultuurgeorieënteerde aard is veral op die verryking van volwassenes gerig. Landbouvoorligting en besigheidsbestuur vorm onder meer deel van hierdie kursusse.

Informele projekte is op die verryking van alle ouderdomsgroepe gerig en het ten doel om hierdie teikengroep op te voed as lede van die moderne Japannese samelewing.

Etlike honderde lugtydure word weekliks deur NHK se algemene en opvoedkundige televisienetwerke en deur Radio I en Radio II aan formele, nie-formele en informele uitsendings gewy.

(5) Israel

Hier word opvoedkundige uitsendings van formele, nie-formele sowel as informele aard deur die Instructional Television Centre, onafhanklik van die algemene televisiediens, bedryf. Die ITC is verantwoordelik vir senderlugtyd bedags en die algemene diens is verantwoordelik vir die senderlugtyd saans.

Voorts funksioneer die ITC onder beheer van die Minister van Onderwys en Kultuur. Sowat 8 uur per weeksdag word aan opvoedkundige uitsendings gewy.

(6) Indië

Die klem het hier op nasionale ontwikkelings- sowel as geletterdheidsprogramme geval, waartydens getrag is om die houding van kykers en luisteraars te beïnvloed en om groepsopvolgwerk aan te moedig. Teleklubs is gevorm waardeur gemeenskappe sowel as programmakers betrek is en wat uitstaande opvolgresultate gelewer het.

(7) Asië

In Asië is baie ernstige probleme veroorsaak deur baie lae lewensstandaarde, ontoereikende produktiwiteit van werkers, 'n swak ontwikkelde onderwysstelsel, ongeletterdheid en swak gesondheidstoestande, ondervind. 'n Nasionale ontwikkelingsveldtog is geloods waarby die radio en TV 'n primêre rol gespeel het.

(8) Pakistan

As gevolg van 'n uiters kritieke geletterdheidsprobleem is 'n projek geloods.

(9) Sekere Afrika-lande

Daar is op groot skaal 'n opvoedkundige tegnologiese stelsel in sekere skole ingevoer. Katz en Wedell (1978: 41) beweer egter oor die Derde Wêreld: "Time and again in our country studies we have come across broadcasting systems that on paper look comprehensive and effective, but a single spot check whether of production, transmission or reception facilities has shown the systems to be seriously defective. For this reason all statistics in the Third World should be treated with caution." Aanvanklik is die BBC en Amerikaanse uitsaaistrukture gevolg, maar as gevolg van politieke onstabiliteit het ook die uitsaaistelsels hieronder begin ly.

(10) Rusland

'n Uitgebreide opvoedkundige netwerk vir radio en televisie bestaan in Rusland. Op onderwysgebied word soveel as moontlik gebruik gemaak van tegnologiese hulpmiddels. Die doel van hierdie opvoedkundige uitsaaiprojekte is om produktiwiteit te verhoog en die ekonomie te verstewig om 'n metode daar te stel om ongeletterdheid met behulp van TV oor 'n tydperk van sewe tot tien jaar die hoof te bied. Die projek is voorafgegaan deur 'n intensiewe onderwysersopleidingskursus van 21 telelesse. Navorsingsresultate het na die projek aangetoon dat 426 000 vroue en 269 000 mans basies geletterd gemaak is gedurende 'n vyfjaarperiode teen 59,11 roebels per persoon.

(11) Pole

Opvoedkundige dienste van hierdie aard word ook in Pole bedryf.

3.7.3 Enkele belangrike oorwegings by die instelling van 'n doeltreffende opvoedkundige uitsaaidiens

(1) Die vennootskap tussen die uitsaaiorganisasie en die gebruikers

Vir die optimale benutting van OR en OTV is 'n ewewigtige verhouding tussen die gebruikers van OR en OTV en die uitsaaidiens onontbeerlik ten einde vir die gebruiker sinvolle betrokkenheid te verseker.

(2) Die uitsaaibondgenootskap tussen die radio en televisie by opvoedkundige programme

In opvoedkundige programme vul radio en televisie mekaar aan en behoort as 'n eenheid te funksioneer.

(3) Die noodsaaklikheid van voortgesette navorsing

Voortgesette navorsing binne 'n opvoedkundige uitsaaidiens ten einde die behoeftes van teikengroepe, die effek van uitsendings, teikengroottes, ensovoorts, te bepaal, is wesenlik noodsaaklik en word deurgaans beoefen.

(4) Publikasies en ander ondersteunende media

Die kerngedagte is dat publikasies en ander ondersteunende media saam met voortgesette navorsing die twee bene uitmaak waarop 'n

opvoedkundige uitsaaidiens gevestig moet word. Sodanige bykomende media word vir voor- en nasorgdoeleindes by die uitsendings tot leerkragte en leerlinge gerig en bestaan onder meer uit toeligtende publikasies, werkvelle, transparante, skyfies, oudio- en video-kassette.

(5) Die noodsaaklikheid van die navolging van 'n onderwys- en opleiding-kundig verantwoorde werkwyse in programbeplanning

Die onderliggende uitgangspunt is dat programbeplanning hier nie maar net toevallig sal wees nie, maar 'n doelgerigte aksie is binne 'n breëre en dikwels amptelik neergelegde leerplan.

Kundiges soos akademici, onderwysers, vakadviseurs, ensovoorts, neem op georganiseerde wyse deel aan die beplanning en uitvoering van alle programprojekte.

Hierdie benadering word in alle gevalle - byvoorbeeld in Brittanje, Duitsland, Israel, Japan en Nederland - nougeset nagevolg.

3.7.4 Kopiereg

Die kerngedagte is dat kopieregbepalings, soos ook in Engeland en elders die geval was, aangepas sal moet word om sekere noodsaaklike uitsonderings - byvoorbeeld betreffende die opname van programme oor die lug - vir opvoedkundige uitsendings te akkommodeer.

3.7.5 Verskillende beheerstruktuurmodelle elders

(1) Die owerheidsbeheerde model

'n Voorbeeld van sodanige model is die Instructional Television Centre in Israel. Hier is die opvoedkundige diens totaal geskei van die outonome algemene televisie-netwerk en funksioneer die ITC onder die direkte beheer van die Ministerie van Onderwys en Kultuur.

(2) Die nasionale netwerk-beheerde model

'n Voorbeeld van sodanige model is die Bayerischer Rundfunk in Duitsland.

In hierdie opset word sekere programkategorieë - byvoorbeeld kleuter-, kinder- en jeugprogramme en godsdienstige uitsendings - uitgesonder met die opdrag dat die uitgangspunt in programbeplanning om op te voed, in te lig en te vermaak moet wees, eerder as om te vermaak, in te lig en op te voed, soos die geval by algemene uitsendings.

Hier het die nasionale netwerk volle en vrye beheer oor programinhoud en is die netwerk onder geen druk om getrou by 'n omvattende owerheidsbepaalde onderwysplan te hou nie.

(3) Die inskakeling by 'n nasionale opset as 'n relatief selffunksionerende eenheid

Die voor-die-handliggende voorbeeld is die BBC-opset, waar die opvoedkundige diens onafhanklik van die algemene programdienste as eenheid binne die BBC bestaan.

Dié eenheid word deur 'n eie beheervoerende amptenaar beheer, naamlik die kontroleur van opvoedkundige programme wat direk aan die direkteur-generaal verslag doen. As sodanig werk die kontroleur weer direk met die onderwysowerhede in die beplanning van opvoedkundige programme saam en volg die diens 'n eie didakties georiënteerde en verantwoorde programbeleid wat onafhanklik van algemene programbeleid funksioneer.

3.7.6 Die finansiering van opvoedkundige uitsendings

In die geval van owerheidsbeheerde modelle soos Israel, word die bedryfsuitgawe van die opvoedkundige diens uitsluitlik as deel van die onderwysowerhede se begrotingspos gefinansier.

Wat die twee nasionale netwerk-georiënteerde modelle, byvoorbeeld onderskeidelik Duitsland en Engeland betref, bestaan die neiging om hul opdrag in terme van hul uitsaailisensie in die breë so te vertolk dat hulle die finansiële verantwoordelikheid aanvaar om te vermaak, in te lig en op te voed.

So gesien, word die opvoedingstaak dan ook hoofsaaklik uit eie bronne - byvoorbeeld lisensiegelde en advertensie-inkomste - onderneem.

In die geval van die OU-projek egter word finansiering van uitsendings nie deur die BBC onderneem nie, maar deur die Staat.

Die rede wat aangevoer word vir hierdie afwyking is dat die Open University 'n individuele onderneming is wat nie alle universiteite op nasionale vlak betrek nie, maar slegs 'n minderheidsgroep studente.

Die BBC se opdrag om te vermaak, in te lig en op te voed daarteenoor, moet in die breë nasionale verband vertolk word.

HOOFSTUK 4

DIE HUIDIGE SITUASIE MET BETREKKING TOT DIE RADIO EN TELEVISIE EN ONDERWYSMEDIA IN DIE RSA

4.1 DIE HUIDIGE MEDIA-OPSET EN -TREFWYDTE

4.1.1 Inleiding

Wat die plaaslike situasie betref, moet die volgende belangrike verdeling van die totale teikengroep van die staanspoor af in gedagte gehou word:

(i) afsonderlike radiodienste in die Swart tale bedien Swartmense, terwyl Blankes, Kleurlinge en Asiate deur hul radiodienste bedien word;

(ii) waar TV 1 Blankes, Kleurlinge en Asiate bedien, word Swartes in die vyf Swart tale deur TV 2 (Zoeloe en Xhosa) en TV 3 (Suid-Sotho, Noord-Sotho en Tswana) bedien.

Voorts is die bestrykingsgebiede van die televisiedienste en radio verskillend. Waar TV 1 byvoorbeeld die stedelike en landelike gebiede bedien en uitbreiding daarop gerig is om sodanige bediening tot baie na aan 100 %-bestryking uit te brei, bedien TV2 en TV 3 hoofsaaklik die Swart inwoners van die Blanke stedelike gebiede in die RSA.

4.1.2 Faktore wat media-trefwydte beïnvloed

Media-trefwydte wat die radio betref, is by sowel die dienste in die Swart tale as die dienste in Afrikaans en Engels wesenlik nie 'n probleem nie. In die geval van televisie dek TV 1 ook bykans die hele land, maar TV 2 en TV 3 het hier sekere ernstige beperkinge, te wete:

(i) TV 2 en TV 3 is hoofsaaklik vir Swartmense in die Blanke stedelike gebiede beplan;

(ii) die feit dat elektrisiteit op sommige plekke nie beskikbaar is nie, oefen tans 'n ernstige beperking uit op die uitbreiding van TV 2 en TV 3 na landelike gebiede en selfs in sommige gevalle ook in stedelike gebiede.

4.1.3 Die reik-afstand van 'n moontlike formele uitsaaidiens vir opvoedkundige doeleindes

Reik-afstand wat die radio- en televisiedienste in Afrikaans en Engels betref, blyk geen ernstige probleme in te hou nie.

In die geval van die Swart radiodienste, is reik-afstand eweneens nie 'n probleem nie, maar die televisiedienste skep ernstige probleme veral in die plattelandse gebiede.

Hierdie probleme kan egter deur een of meer van die volgende maatreëls oorkom word:

(i) TV 2 en TV 3 kan uitgebrei word om ook landelike gebiede te bereik - oor die langer termyn;

(ii) oor die korter termyn kan 'n videokassetdiens vir skole buite die reikgebiede van TV 2 en TV 3 ingestel word om programme wat op TV 2 en TV 3 uitgesaai word vir skole, op die wyse ook tot die beskikking van sodanige gebiede te stel;

(iii) elektrisiteitsprobleme kan tans teen relatief lae koste oorkom word deur goedkoper sonopwekking of selfs kleiner ontwikkelaareenhede aan skole te voorsien.

Soos in die geval van onder meer die Indiëprojek vooraf beskryf, kan 'n kassetdiens optimaal benut word deur dit bedags vir die formele onderwys aan te wend. Buite normale skoolure en saans kan gemeenskapsopvoedingsprojekte op videokassetbande in die skole aan volwassenes vertoon word. Sodanige groepkyksessies kan aan die hand van die teleklubriglyne wat onder meer met die Indiëprojek nagevolg is, georganiseer word.

4.1.4 Skoolradiodiens

'n Skoolradiodiens vir Swart skole word sedert April 1964 deur die SAUK bedryf.

Uitsendings geskied van Maandag tot Vrydag en het sowat 3 uur per week beloop, maar word tans met 45 minute uitgebrei tot 3,75 uur per week.

Voorts word die daaglikse halfuur-uitsendings heruitgesaai sodat 'n verdere 2,5 uur lugtyd tot die totale weeklikse uitsendings gevoeg kan word. Uitsendings dek vakke soos Afrikaans, Engels, Moedertaal, Biologie, Beroepsvoorligting, Algemene Wetenskap, Natuurstudie, Gesondheidsvoorligting en Godsdiensonderrig.

Publikasies gerig tot die onderwyser en die leerling vergesel die uitsendings en verskyn twee keer per jaar, maar die formaat word tans hersien met die oog op modernisering.

4.1.5 Opvoedkundige uitsendings

Wat informele onderwys betref, het die SAUK besluit om op beperkte skaal programme van die volgende aard oor die radio- en televisiedienste vir Swartes vanaf Januarie 1984 in te stel:

(1) Voorskoolse kleuter

Tien minute per dag van Maandag tot Donderdag sal aan skoolgereedheidsprogramme op TV 2 en TV 3 tot die 5-jarige Swart kleuter gerig word.

(2) Ouerbegeleidingsprogramme

Tien minute per week op Sondag sal op televisie aan die ouer en sy rol in die skoolgereedheid van sy kind gewy word.

(3) Volwasseneonderrig

Twintig minute per dag van Maandag tot Donderdag sal op TV 2 en TV 3 gewy word aan onderwerpe soos mannekragbenutting, bedryfsontwikkeling, sosiale geletterdheid en gemeenskapsonderwys.

Die beoogde informele uitsendings sal dus respektiewelik twee uur per week lugtyd op TV 2 en TV 3 beslaan. Op Sondag word die week se uitsendings herhaal, sodat 'n verdere 2 uur per week per diens op die wyse tot die totale weeklikse lugtyd toegevoeg word.

Wat die radio betref, word dieselfde informele kategorieë as by televisie gedek. Programme word gesamentlik vir televisie en die radio beplan, maar weens die afwesigheid van die visuele aspek, sal radiolugtyd sowat 30 persent meer as dié van televisie wees.

Wat TV 1 betref, is 'n hoof vir opvoedkundige programme pas eers aangestel en sal hy op 1 Januarie 1984 diens aanvaar, waarna die beplanning van hierdie departement se werksaamhede 'n aanvang sal neem.

Wat doelgerigte opvoedkundige uitsendings van sowel formele, nieformele en informele aard betref, het die RSA - en dit geld ook in breëre verband vir Suider-Afrika - dus 'n baie groot agterstand om uit te wis. Hierdie feit bring mee dat die aangeleentheid van opvoedkundige uitsendings reeds só dringend geword het dat geen verdere tyd met die instelling daarvan verspeel behoort te word nie.

4.2 ONDERWYSMEDIA IN DIE ALGEMEEN

(i) Gekoördineerde beplanning vir die gebruik van media in die onderwys van alle bevolkingsgroepe is 'n aangeleentheid wat aandag behoort te geniet.

(ii) Die Nasionale Komitee vir Opvoedkundige Tegnologie:

Die Nasionale Komitee vir Opvoedkundige Tegnologie (NKOT) tree koördinerend op oor die breë terrein van die onderwystegnologie en dien die Minister van Nasionale Opvoeding, die KOH en ander onderwysinstansies van raad. Alle onderwysdepartemente asook ander instansies soos die RGN, SAUK, SABS, Federale Raad van Onderwysersverenigings, Vereniging van Technikons en die Komitee van Universiteitshoofde het een of meer verteenwoordigers in NKOT. Die komitee ressorteer onder die Direkteur-generaal van die Departement van Nasionale Opvoeding.

(iii) Elke Onderwysdepartement beskik binne sy eie struktuur oor 'n onderwysmediadiens in een of ander vorm. Hierdie diens is in sommige gevalle aan 'n onderwysbiblioteekdiens gekoppel en staan in ander gevalle totaal los daarvan.

(iv) Die Departement van Nasionale Opvoeding bedryf deur sy Afdeling Onderwystegnologie 'n Nasionale Filmoteek wat vir drie takke te Pretoria, Kaapstad en Pietermaritzburg 'n leendiens vir films, strookfilms en gramnofoonplate aan die formele, nie-formele en informele onderwys lewer.

(v) In die nie-formele en informele onderwys is die gebruik van onderwysmedia minder gekoördineerd. Verskillende media word byvoorbeeld op groot skaal vir voorligting deur die Departement van Landbou en die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene aangewend, maar daar bestaan geen koördinasie tussen die twee departemente nie. Dieselfde geld vir die aanwending van onderrigmedia in die Weermag (KOLOT) en byvoorbeeld ook op die terrein van die kerk, talle vroueorganisasies en vele ander.

In die bedryf is groot hoeveelhede media beskikbaar vir opleiding. Sover vasgestel kon word, word hierdie media nie oral ewe effektief benut nie. Daar bestaan 'n groot behoefte aan onleiding ten opsigte van sinvolle mediabenutting en die produksie van eie programmatuur.

(vi) In die Verslag van die Werkkomitee: Onderwystegnologie (RGN 1981: p. 12,13) word tot die volgende slotsom gekom oor die situasie met betrekking tot onderwysmedia in die RSA: "Daar is tans nie gekoördineerde beplanning, beheer of organisasie van die onderwystegnologie in die RSA wat die onderwys van alle bevolkingsgroepe insluit nie .

- Daar is geen sentrale klaringshuis ten opsigte van die onderwystegnologie nie
- Vanweë die afwesigheid van 'n infrastruktuur vir onderwystegnologie is daar min of geen skakeling tussen kurrikulumbeplanners en onderwystegnolnë
- Die opleiding van mediaspesialiste vind op 'n beperkte en geheel en al ongekoördineerde wyse plaas
- Die beplanning, ontwikkeling en aanbieding van programme is ook geheel en al ongekoördineerd, selfs tussen en binne die verskillende onderwysdepartemente
- Daar bestaan blykbaar ook min koördinering tussen beplanners van fisiese onderwysgeriewe en mediakundiges".

Bogenoemde situasie bestaan nog steeds soos blyk uit 4.2 (i), 4.2 (ii), en 4.2 (iii).

(vii) In opvolging van die RGN-onderwysverslag (RGN 1981) is begin met navorsing oor verskeie prioriteitsnavorsingsvelde. So byvoorbeeld het die Werkkomitee: Die Rekenaar in Onderwys en Opleiding (WROO) ondersoek ingestel na verskeie aspekte van die benutting van die rekenaar in die onderwys en die opleiding. Die verslag van die WROO is afgehandel en gedurende Augustus 1983 aan die Minister van Nasionale Opvoeding oorhandig. In hierdie verslag word verskeie aanbevelings gemaak oor die toekomstige benutting van die rekenaar in die onderwys en opleiding in Suid-Afrika.

4.3 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande blyk dat media-aktiwiteite ten behoewe van die onderwys en opleiding in Suider-Afrika grootliks ongekoördineerd verloop. So is die SAUK byvoorbeeld besig met sekere aktiwiteite sonder dat die

onderwys op 'n gekoördineerde wyse daarby betrek kan word omdat 'n infrastruktuur vir mediabenutting nog nie bestaan nie. Dit bring onder andere mee dat knellende leerbehoeftes nie bevredig kan word nie omdat die nodige kanale vir koördinering en finansiering nie bestaan nie. Slegs ten opsigte van die skoolradiodiens vir Swart skole bestaan die nodige koördinering tussen die SAUK en die Departement van Onderwys en Opleiding.

AANBEVELINGS

5.1 In die lig van die feit dat Opvoedkundige Radio (OR) en Opvoedkundige Televisie (OTV) elders in die wêreld suksesvol aangewend word om aan bepaalde leerbehoeftes te voldoen (vgl. hoofstuk 3) en in die lig van die feit dat verskeie leerbehoeftes op makrovlak geïdentifiseer is (vgl. hoofstuk 2) wat dringend aandag moet kry, word aanbeveel dat OR en OTV so gou moontlik op 'n gekoördineerde wyse in die formele, informele en nie-formele onderwys in Suider-Afrika benut word om die geïdentifiseerde hoëprioriteitsleerbehoeftes te bevredig. Die potensiële bydrae wat OR en OTV tot die oplossing van geïdentifiseerde onderwys- en opleidingsleemtes in Suider-Afrika te lewer het, kan nie genoeg beklemtoon word nie.

5.2 Daar word aanbeveel dat OR- en OTV-programme soos volg omskryf word om dit te onderskei van ander radio- en televisieprogramme:

OR- en OTV-programme is programme wat binne die konteks van 'n totale opleiding-, onderwyskundige en opvoedkundige strategie ontwikkel is en op 'n sistematiese en kontinue wyse gerig is op die informele, formele en nie-formele onderwys. Met 'n totale opleiding-, onderwyskundige en opvoedkundige strategie word onder andere bedoel dat:

- op 'n verantwoorde wyse leerbehoeftes vasgestel is;
- bepaal is in watter mate OR en OTV aan hierdie behoeftes voldoen; en
- dat uitsaaitye spesifiek vir OR- en OTV-programme afgesonder is in oorleg met die instansies betrokke by bepaalde teikengroepe.

Daar is ander programme wat ook opvoedings- en onderwyswaarde het maar wat nie as OR- en OTV-programme beskou word nie weens die toevallige aard daarvan.

5.3 Verder word aanbeveel dat by die implementering van OR en OTV die volgende as uitgangspunte sal dien:

5.3.1 Die "Beginsels vir onderwysvoorsiening in die RSA" soos in die RGN-onderwysverslag geformuleer behoort ook as rigsnoer vir OR- en OTV-programme te dien.

5.3.2 Ten opsigte van formele onderwys kan OR en OTV slegs slaag indien die verhouding tussen die uitsaaiowerhede en die onderwysdepartemente van aanvang af duidelik uitgestippel is. In hierdie verband is dit ook noodsaaklik dat die benutting van die radio en televisie as hulpbronne in die formele onderwys gesien word as 'n integrerende deel van die totale onderwysvoorsiening en bevrediging van leerbehoeftes.

5.3.3 OR en OTV moet nie geskei word nie, maar aanvullend funksioneer.

5.3.4 Informele, formele en nie-formele opvoedkundige programme behoort saam oorweeg en deurgevoer te word vir OR en OTV aangesien leerbehoeftes waarop hierdie programme gerig is interafhanklik is.

5.3.5 OR en OTV moet met publikasies en ander media (soos skyfies, klankkassette, ens.) aangevul word. Die OR- en OTV-diens behoort dus van die begin af voorsiening te maak vir die opstel en verspreiding van publikasies sowel as die produksie en verspreiding van ander ondersteunende media.

5.3.6 Voortgesette navorsing ten einde leerbehoeftes deurlopend te bepaal, die doeltreffendste metodes vir programbeplanning en -produksie om die effek van programme vas te stel, behoort hoë prioriteit te geniet. 'n Navorsingsafdeling behoort dus van die begin af binne die OR- en OTV-diens gevestig te word.

5.3.7 Programbeplanning behoort op 'n onderwys- en opleidingkundig verantwoorde wyse gedoen te word. Vir hierdie doel behoort werkkomitees bestaande uit uitsaaikundiges, mediakundiges, onderwys- en opleidingkundiges en die betrokke vakspesialiste saamgestel te word vir die beplanning van programme.

5.3.8 Belangegroepe wat deur middel van OR- en OTV-programme bereik word, behoort op verskillende vlakke betrek te word.

5.3.9 Die gebruikers [1] (kategorie 2) van OR- en OTV-programme behoort deurlopend opgelei te word in die korrekte gebruik van die uitsaaimedia.

5.3.10 OR- en OTV-programme behoort so beplan te word, dat ten beste terugvoer (moontlik in die vorm van werkkaarte, ens.) deur die leerder aan die onderrigbegeleier gegee moet word. Op hierdie en ander wyses moet verseker word dat programme aan 'n duidelik gestelde leerdoel beantwoord.

5.3.11 Vanweë die eie en gespesialiseerde aard van OR en OTV behoort 'n afdeling vir OR en OTV so gestruktureer te word dat hierdie eie en gespesialiseerde aard in die uitsaaiopset tot sy reg kom.

5.4 Daar word aanbeveel dat OR en OTV aan die hand van die volgende riglyne tot stand gebring word:

5.4.1 Eerste moontlikheid (binne die SAUK in oorleg met belanghebbende instansies)

(a) In die lig van die feit dat die SAUK oor die nodige uitsaaikundigheid en infrastruktuur beskik, behoort OR en OTV in die SAUK gevestig te word, maar met die skepping van meganismes waardeur die gebruikers van OR en OTV sinvolle betrokkenheid sal kry. Hierdie aanbeveling is hoofsaaklik op die BBC-model gebaseer.

(b) Vanweë die eiesoortigheid en gespesialiseerde aard van OR en OTV wat insluit deurlopende skakeling met deelnemende instansies, moet 'n afdeling vir OR en OTV onafhanklik van maar in oorleg met ander programafdelings funksioneer.

---

1) Die volgende kategorieë gebruikers kan onderskei word:

Kategorie 1: Onderwysdepartemente, ander onderwysowerhede en organisasies wat opleiding aanbied.

Kategorie 2: Onderwysers, opleiers, ens.

Kategorie 3: Alle leerders (kinders sowel as volwassenes).

(c) Beleid met betrekking tot OR en OTV word deur adviesliggame waarin gebruikers (verteenwoordigers van kategorieë 1 en 2) dien, bepaal.

(d) Werkkomitees vir programbeplanning

Werkkomitees vir programbeplanning bestaande uit kundiges op onder andere die volgende terreine

- die vakgebied;
- die uitsaaiwese;
- onderwyskunde; en
- (bedryfs)opleiding

sal deur die projekleier in oorleg met die navorsingsafdeling van OR en OTV vir elke programreeks benoem word.

(e) Finansiering van OR en OTV geskied soos volg:

- Gedeeltelik deur die voorsiener van OR en OTV (die SAUK) uit eie fondse in die lig van die feit dat die SAUK as taak het om te vermaak, in te lig en op te voed.
- Gedeeltelik deur die gebruikers (kategorie 1) van OR en OTV (insluitende die Staat)
- Uit ander bronne wat van tyd tot tyd ter sprake mag kom

(f) Beskermde lugtyd word vir OR en OTV gereserveer.

5.4.2 Tweede moontlikheid ('n nuwe organisasie)

(a) 'n Afsonderlike organisasie vir OR en OTV (Suider-Afrikaanse Opvoedkundige Radio- en Televisiediens - SAORTV) in die breë gebaseer op die Israel-model word vir Suider-Afrika tot stand gebring.

(b) SAORTV word deur 'n beheerraad beheer. Die lede van die beheerraad sal deur 'n Kabinetskomitee van belanghebbende Ministers onder voorsitterskap van die Minister van Nasionale Opvoeding benoem word.

(c) Die SAORTV is hoofsaaklik verantwoordelik vir die beplanning en die toesig oor produksie van OR- en OTV-programme vir informele, formele en nie-formele onderwys. Die produksiefasiliteite van die privaat-

sektor kan benut word, terwyl ander moontlikhede ook ondersoek kan word.

(d) Finansiering

SAORTV word gefinansier deur deelnemende instansies soos die SAUK, bepaalde Staatsdepartemente, die privaatsektor en daardie nasionale state en lede van die TBVC-lande wat vir eie binnelandse doeleindes betrokke wil raak.

(e) Beskermde lugtyd

Beskermde lugtyd word op die SAUK se senders deur SAORTV bekom.

(f) Beleid met betrekking tot OR en OTV word deur adviesliggame waarop gebruikers (verteenwoordigers van kategorieë 1 en 2) dien, bepaal.

(g) Adviesliggame vir OR en OTV

Die adviesliggame bestaan uit verteenwoordigers van die SAORTV en gebruikers van OR en OTV soos Staatsdepartemente, die SAUK, privaatsektor, nasionale state en lede van die TBVC-lande. Hierdie adviesliggame word benoem deur 'n Kabinetskomitee bestaande uit belanghebbende Ministers onder voorsitterskap van die Minister van Nasionale Opvoeding. Die belangrikste funksies van die adviesliggame sal wees om die Raad van die SAORTV te adviseer met betrekking tot alle sake rakende sy uitsendings. Weens die omvang en diversiteit van die SAORTV se werksaamhede mag dit nodig wees om meer as een adviesliggaam te benoem.

(h) Werkkomitees vir programbeplanning

Werkkomitees vir programbeplanning bestaande uit kundiges op onder andere die volgende terreine:

- die vakgebied;
- die uitsaalwese;
- onderwyskunde, en
- (bedryfs)opleiding;

sal deur die projekleier in oorleg met die navorsingsafdeling van OR en OTV vir elke programreeks benoem word.

5.4.3 Finansiële implikasies van die voorgestelde moontlikhede

(a) Die voorafgaande aanbevelings het vir die eerste jaar, indien onderskeidelik 750 en 900 minute OTV- en OR-programme per diens uitgesaai word, die onderstaande finansiële implikasies. Uiteraard sal dit nie moontlik wees om van aanvang af 750 (OTV) en 900 (OR) minute uit te saai nie.

1. Programproduksie (vgl. bylae C vir meer besonderhede)

(i)	Informele onderwys	
	OTV	R24 000 000
	OR	3 360 000
(ii)	Nie-formele onderwys	
	OTV	12 000 000
	OR	3 360 000
(iii)	Formele onderwys	
	OTV	24 000 000
	OR	3 360 000
	Totale bedrag vir programproduksie	R70 080 000

2. Kantoorruimte, meubels en diverse

Eerste moontlikheid (5.4.1)	
Eenmalig	R 170 000
Lopend	1 500 000
Tweede moontlikheid (5.4.2)	
Eenmalig	300 000
Lopend	2 000 000

3. Personeel

Eerste moontlikheid (5.4.1)	R 2 600 000
Tweede moontlikheid (5.4.2)	3 500 000

4. Publikasies en ondersteunende media

Eerste moontlikheid (5.4.1)	R 2 000 000
Tweede moontlikheid (5.4.2)	2 000 000

5. Navorsing

Eerste moontlikheid (5.4.1)	500 000
Tweede moontlikheid (5.4.2)	500 000

(b) Samevatting

	Eerste moontlikheid	Tweede moontlikheid
Programproduksie	R70 080 000	R70 080 000
Kantoorruimte, meubels, ens.	1 670 000	2 300 000
Personeel	2 600 000	3 500 000
Publikasies en ondersteunende media	2 000 000	2 000 000
Navorsing	500 000	500 000
	R76 850 000	R78 380 000[1]

5.4.4 Die werkkomitee beveel aan dat die eerste moontlikheid geïmplementeer word, op grond van onder andere die dringendheid wat met die integrering van radio en televisie in die onderwys gepaard gaan, die kostevoordele wat met die eerste moontlikheid saamval en in die besonder die uitskakeling van enige duplisering van fasiliteite en hoëvlakmannekrag wat so 'n stelsel bied. Twee lede van die werkkomitee het egter die mening uitgespreek dat die tweede alternatief die aangewese is (die redes hiervoor is nie geboekstaaf nie).

5.5 'n Videokassetdiens behoort saam met OTV ingestel te word.

5.6 Die reikgebiede van die televisiediens vir Swartes behoort oor die langer termyn uitgebrei te word om ook die landelike gebiede te bereik.

---

1) Die huur van senders en die koste van die moontlike oprigting van eie produksiefasiliteite is nie hierby ingesluit nie.

5.7 Daar behoort verder ondersoek ingestel te word na:

5.7.1 die probleme verbonde aan outeursreg en moontlike oplossings vir die sinvolle benutting van OR en OTV in die onderwys en opleiding;

5.7.2 die verskillende moontlikhede om televisiestelle en kragopwekkers ekonomies te voorsien, en te onderhou;

5.7.3 die moontlikheid om leerders in staat te stel om met behulp van OR en OTV erkende kwalifikasies te verwerf soos 'n matrieksertifikaat;

5.7.4 die ontwikkeling van 'n infrastruktuur om teleklubs te stig ten einde OR en OTV optimaal te benut;

5.7.5 die skepping van meganismes vir noue skakeling tussen die OR- en OTV-diens en 'n toekomstige gesentraliseerde en gedesentraliseerde infrastruktuur vir onderwystegnologie en kurrikulering;

5.7.6 die ontwikkeling en implementering van interaktiewe televisiestelsels;

5.7.7 interstaatlike samewerking met betrekking tot OR en OTV;

5.7.8 toekomstige multimediabenutting in die onderwys en opleiding (insluitend OR en OTV); en

5.7.9 die opleiding van die gebruikers van OR en OTV.

BRONNELYS

ARMSEY, J.W., DAHL. N.C. An inquiry into the uses of instructional technology. New York : Ford Foundation, 1973.

BARRETT, M. The management of educational broadcasting. Part 3: Organizational structures. Educational Broadcasting International, 10 (1): 35-42.

BELGISCHE RADIO EN TELEVISIE. Handboek. Brussel : BRT-Pentsdienste.

BRITISH BROADCASTING CORPORATION. Education. London: BBC Publications, 1983.

BRITISH BROADCASTING CORPORATION. The BBC and the Open University. London : BBC, 1982.

BRITISH BROADCASTING CORPORATION. A guide to BBC educational broadcasting. London : BBC Education, 1980/81.

BRITISH BROADCASTING CORPORATION. An introduction to school broadcasts. Rev. ed. London : The School Broadcasting Corporation for the United Kingdom, 1978.

BRITISH BROADCASTING CORPORATION. Educational Radio and Television in Britain. London : Billing, 1966.

CENTRE FOR EDUCATIONAL TECHNOLOGY. Instructional Television Centre. Jerusalem : Hamakor, 1981.

COOMBS, P.H., PROSSER, R.C., AHMED, M. New paths to learning. Nonformal education for rural development. U.S.A. : International Council for Educational Development, 1973.

DE VERA, J.M. Educational television in Japan. Tokyo : Sophia University, 1967.

DURBRIDGE, N. The adult learner and educational television. Educational Broadcasting International, June 1981 : 82-84.

ELY, D.P. Educational technology. An international perspective. Syracuse University, s.a.

GORDON, I. The Delphi technique : an instrument for curriculum evaluation and planning. Discussion paper no. 3. Victoria : Education Department, 1974.

HANCOCK, A. Planning for ETV. A handbook of educational television. London : Longman, 1971.

HEIMINK, CORINNE. Leren, hoe doe je dat? Utrecht : Stichting Teleac, 1981.

INDEPENDENT BROADCASTING AUTHORITY. Learning resources for adults on ITV and Channel 4. London : IBA, 1983.

INSTITUT FÜR FILM UND BILD IN WISSENSCHAFT UND UNTERRICHT. Film und Bild. Grünwald : FWU, 1981.

KATZ, E., WEDELL, G. Broadcasting in the third world, promise and performance. Howard : Harvard University, 1977.

KRUGER, R.A. Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit, 1979. (D.Ed. proefskrif)

LE ROUX, L. Onderwys in Afrika : ontwikkeling of onderontwikkeling? Koers 47(3), 1982 : 189-198.

MÜLLER, J. Basic education in the third world. Education 24, 1981 : 34-47.

NIPPON HOSO KYOKAI. Proceedings of the Second International Conference of Broadcasting Organisations on Sound and Television Broadcasting, Tokyo. München: Educational Broadcasts of NHK, 1981.

NOKANENG, M. A pedagogic-didactical study of structures of lessons in teaching as applicable in bantu education and the role played by bantu school radio service in this connection. Pretoria : University of South Africa, 1974. (M.Ed. dissertation)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys. Onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria, 1981.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. Empiriese ondersoek na die benutting van die skoolradiodiens. Pretoria, 1980.

RAFE-UZ-ZAMAN. An experience from Pakistan. Educational Broadcasting International, September 1981 : 117-121.

REPORT OF THE COMMITTEE OF INQUIRY INTO THE USES OF TELEVISION IN EDUCATION. Wellington: Government Printer, 1972.

SACHSENMEIER, P. Basic education as the first stage of lifelong education : aspects of a working concept for curriculum integration and educational development in third world countries. International Review of Education 24(2), 1978 : 153-166.

SACHSENMEIER, P. Basic education - learning needs in rural areas. Convergence 10(4), 1977 : 73-75.

SALOMON, G. Interaction of media, cognition, and learning. San Francisco : Jossey-Bass, 1981.

SCHRAMM, W. Big media little media. Tools and technologies for instruction. 2nd ed. Beverly Hills : Sage Publications, 1977.

SEYA, P.T., YAO, F.K. Television for the rural African village : studies of audiences and impact in the Ivory Coast. Stanford : Stanford University, 1977.

SIROIS, H.A., IWANICKI, E.F. Delphi - Discrepancy evaluation : a model for quality control of mandated programs. Educational Technology 18(9), September 1978 : 33-39.

TOFFLER, A. Future shock. London : Pan Books, 1975.

TOFFLER, A. The third wave. London : Pan Books, 1981.

UNITED NATIONS EDUCATIONAL SCIENTIFIC AND CULTURAL ORGANIZATION. Television for higher technical education of workers : final report on a pilot project in Poland. Paris : Unesco, 1973.

UNITED NATIONS EDUCATIONAL, SCIENTIFIC AND CULTURAL ORGANIZATION. Radio and television in the service of education and development in Asia. Paris, Unesco, 1967.

UNITED NATIONS EDUCATIONAL, SCIENTIFIC AND CULTURAL ORGANIZATION. Radio broadcasting serves rural development : reports and papers on mass communication. Paris : Unesco, 1965.

UNITED NATIONS EDUCATIONAL, SCIENTIFIC AND CULTURAL ORGANIZATION. Social education through television : an All India Radio Unesco pilot project. Paris : Unesco, 1963.

VAN DER GRAAF, W. Toch verder leren. Hilversum : Huisdrukkerij No 5, 1982.

VAN ZYL, P. Opvoedkunde Deel 1. Johannesburg : De Jong, 1975.

WELLS, S. Instructional technology in developing countries. New York : Praeger, 1976.

BYLAE A: SAMEVATTING VAN HANCOCK (1971: 180) TEN OPSIGTE VAN DIE BEPERKINGE EN MOONTLIKHEDE VAN OR EN OTV

MEDIUM	STRENGTHS	WEAKNESSES
TELEVISION	1. It is a visual medium which allows for a creative production approach, and full integration with all other visual aids	1. It requires an electrical supply and a fully developed TV network
	2. It can have a large audience, if required, which may be reached simultaneously (with a single transmission) or successively (with repeat transmissions)	2. It is expensive unless it is used extensively
	3. It is an entertainment medium and as such is psychologically acceptable to most students, especially at the lower levels	3. Receivers are expensive to acquire and can only be justified by full utilisation
		4. It requires proper integration with a teacher's scheme of work, and detailed preparation and follow-up
		5. Programming must be fully integrated with the overall educational system curriculum
RADIO	1. It has imaginative potential (because the student/listener is required to add his own visual interpretation)	1. It requires a fully developed radio network
	2. It is able to reach a large audience, if required, either simultaneously, or (with repeats) successively	2. Facilities are fairly expensive, although receivers may be cheaply produced and a mains electrical supply is not required at the reception point
	3. As an entertainment medium, it is psychologically acceptable to most students	3. It is a non-visual medium
		4. It requires full integration with a teacher's scheme of work, and adequate preparation and follow-up
		5. It requires proper integration with the overall educational system and curriculum

BYLAE B: TELEVISIE AS ONDERWYSMEDIUM VOLGENS DIE REPORT OF THE COMMITTEE OF INQUIRY INTO THE USES OF TELEVISION IN EDUCATION (1972: 26,27)

"2.3 TELEVISION AS AN EDUCATIONAL MEDIUM

2.3.1 From expert evidence it has received from overseas consultants, from reports of the vast amount of research into educational television and from submissions by interested groups in this country, the Committee is satisfied that educational television, properly developed, could have great impact, but that in the absence of adequate planning and implementation the benefits can be nullified. This is borne out by certain recent reports from the United States such as the 1970 statement by the Committee on Instructional Technology to Improve Learning.

2.3.2 The limitations which broadcast television can exhibit in practice include the fact that it is a one-way means of communication and no direct 'feedback' is provided for; the difficulties of catering for pupils of different academic ability particularly in subjects such as mathematics where special emphasis is placed on the logical sequence of ideas; the need for providing a clear professional role for the class teacher during as well as before and after a programme; the need for television to provide something much more than a 'talking face' on a screen; and the need for good viewing conditions in the classroom. A major difficulty encountered overseas, especially in secondary schools, has been in the fitting of programmes into school timetables, although this can in part be met by the use of videotape recorders (see paragraph 2.3.11).

2.3.3 The advantages of television are considerable. Its use has made it possible to reinforce and enrich the curriculum, providing an effective way of introducing new courses and keeping pace with the rapid advance of knowledge in many subjects. In all countries speed and effectiveness of curriculum change are becoming increasingly important and the use of television could save years of in-service training of teachers by other means. Curriculum change and in-service training are continuing needs and in the Committee's view the capacity of television to meet them is one of its most important advantages.

2.3.4 The planned use of television, by bringing into the classroom material, demonstrations, or experiments that are quite beyond the resources of individual schools, can provide additional dimensions to education that even the finest teacher cannot offer alone. It can bring a sense of immediacy either of time or place. It should be stressed, however, that television is essentially a means of communication, not a teacher, and its effectiveness is determined by the skill and ingenuity of the user. An expensive installation can contribute nothing without good programmes and teachers skilled in its use.

2.3.5 Television can also play a valuable role by bringing together a variety of other audio and visual aids and by combining them in the one medium which the teacher can effectively use. Pictures, charts, slides, films, flannelgraph, magnetboard, epidiascope, and overhead projector can all be employed by the television teacher who has available the resources of the production team when the sheer logistics of co-ordinating them would defeat his colleague in the classroom.

2.3.6 Television should not be regarded as a medium which will replace the more conventional forms such as films, filmstrips, slides and tape recorders. Schools should use a multi-media approach in which teachers have a variety of resources at their disposal and from which they can select the most suitable approach for their needs.

2.3.7 Television could well make it possible for students in country areas to have courses comparable in variety and quality to those offered in city schools. This advantage is particularly important in an area of rapidly changing curricula. The problem of providing specialist staff and equipment for rural secondary schools would be partially overcome by the use of television.

2.3.8 The current trend in education is towards greater pupil activity, more flexible rates of progress for individual students, and a 'climate' in which students have greater responsibility for their own learning. The use of television programmes, designed to include student follow-up activity, and supported by video recording devices which enable the student to move at his own pace and to revise lessons where necessary, provides the means for realising such possibilities. Indeed, the impetus which educational television can give to this more flexible approach to learning may well prove one of its main contributions".

BYLAE C: FINANSIËLE IMPLIKASIES VAN DIE VOORGESTELDE MOONLIKHEDE.

1. Programproduksie.

DIENS	TIPE PROGRAMME	1 LUGTYD PER WEEK	2 KOSTE PER MINUUT	3 BERAAMDE BEDRAG
TV1-Afrikaans	Informele	300 minute	R500	R6 000 000
	Nie-formele	150 "	R500	3 000 000
	Formele	300 "	R500	6 000 000
TV1-Engels	Informele	300 minute	R500	R6 000 000
	Nie-formele	150 "	R500	3 000 000
	Formele	300 "	R500	6 000 000
Radio-Afr.	Informele	300 minute	R 40	R 480 000
	Nie-formele	300 "	R 40	480 000
	Formele	300 "	R 40	480 000
Radio-Eng	Informele	300 minute	R 40	R 480 000
	Nie-formele	300 "	R 40	480 000
	Formele	300 "	R 40	480 000
TV2	Informele	300 minute	R500	R6 000 000
	Nie-formele	150 "	R500	3 000 000
	Formele	300 "	R500	6 000 000
TV3	Informele	300 minute	R500	R6 000 000
	Nie-formele	150 "	R500	3 000 000
	Formele	300 "	R500	6 000 000
Swart Radio (9 dienste)	Informele	300 minute	R200	R2 400 000
	Nie-formele	300 "	R200	2 400 000
	Formele	300 "	R200	2 400 000

1) Hierdie tyd sluit in tyd afgestaan vir herhaling van programme.

2) Die koste per minuut is gebaseer op die volgende veronderstellings:

   - Dat verskeie TV-programme in oorgeklankte vorm oor-en-weer deur die dienste uitgesaai kan word of met aanpassings. Dit kan die koste per minuut per televisieprogramdiens afbring na R500 omdat verskeie dienste bydra tot die totale produksiekoste.

   - Dat daar optimale koördinasie tussen die verskillende afdelings van die opvoedkundige dienste sal wees.

3) Hierdie begroting is vir 40 weke uitgewerk.

RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere instituut van die RGN kan van die Publikasiebestuurder verkry word.

Doc no. 68602
Copy no. 293627

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL